HOOFSTUK 2

DISSIPLINES BETROKKE BY DIE STUDIEVELD MENS–DIERINTERAKSIE

2.1. INLEIDING

Die betrokkenheid van die onderskeie dissiplines wat geïdentifiseer is, wissel van aktiewe deelname aan mens–dierinteraksieprogramme, doelbewuste benutting van geselskapsdiere om terapeutiese of ontwikkelingsdoelwitte te bereik, etiese, filosofiese en teologiese debatte oor die waarde van diere, aktiewe navorsing en publikasies in die studieveld, tot slegs ‘n bewustheid van die rol van die mens–dierband in die hedendaagse samelewing of ontwikkeling van samelewings. Die grade van betrokkenheid, motiewe vir betrokkenheid, resultate van navorsing, aard en diepte van publikasies, vlak van erkenning en bydrae tot die ontwikkeling van die studieveld sal dus verskil. Die bespreking by elk van die dissiplines hou eerder verband met die beskikbaarheid van literatuur, as met die relatiewe waarde daarvan vir die studieveld. Die onderskeie dissiplines word in alfabetiese volgorde bespreek. Die doel is nie om dit vergelykenderwys aan te bied nie, maar slegs om ‘n oorsig te gee van die dissiplines wat ‘n bydrae tot die ontwikkeling van die studieveld maak. Om die omvang van hierdie hoofstuk te beperk, sal daar net dissiplines ingesluit word wat op die interaksie tussen mense en geselskapsdiere fokus.

2.2. ANTROPOLOGIE EN ARGEOLOGIE

Die studieveld van antropologie werp meer lig op die ontstaan en ontwikkeling van die mens–dierband binne kultuurverband. Diere het binne elke kultuur ‘n ander, soms soortgelyke maar soms ook teenoorgestelde, waarde. In die proses van domestisering ondergaan diere, net soos mense, ‘n veranderingsproses waarna Clutton-Brock (1994:28) verwys as kulturele evolusie. Diere pas hul gedrag en selfs hul voorkoms aan by die geleenthede en bedreigings van die omgewing waarin hulle hul bevind en die aard van

mens–dierinteraksie binne 'n spesifieke kultuur. Kritiek word deur die antropoloog Noske (1997:183-184) oor die gebrek aan 'n aktiewe bydrae ten opsigte van die mens–dierband deur antropoloë, gelewer. Sy is van mening dat antropoloë steeds antroposentries, spesie-spesifiek en vanuit 'n biologies-ekologiese benadering na mens–dierinteraksie kyk, waar diere as objek in plaas van as subjek in die verhouding beskou word. Die antropoloog kan nietemin waardevolle kennis en insig bied aan 'n multidissiplinêre span om binne 'n geïndividualiseerde situasie te assesseer wat die houding van die persoon, gesin, groep of gemeenskap teenoor geselskapsdiere is, en watter rol die ontwikkelingsgeskiedenis van 'n gemeenskap gespeel het in die vorming van die mens–dierband.

Argeologiese opgrawings werp verdere lig op die ontstaan en ontwikkeling van die mens–dierband. Inligting oor die voorkoms en morfologie van diere, die klimaat en omgewing waarin hul geleef het, siektes of ander maniere waarop hulle dood is, en selfs waarvoor hulle gebruik is, kan deur middel van beenfragmente afgelei word (Swabe, 1999:24). Die rol van die argeoloog met betrekking tot mens–dierinteraksie word deur Mithen (1999:199) soos volg gestel: "Many archaeologists now believe that lying at the root of the success of modern humans was a profound cognitive difference between our species and all of our ancestors and relatives. Part of the evidence for this contrast derives from the new types of interactions with other animals to which we can now turn". Alleen deur middel van argeologiese opgrawings kan hierdie evolusieproses nagevors en opgeteken word.

Dit blyk dat die bestaan van die mens–dierband nie kultuurgebonde is nie: "All existing cultures keep pets, although the favorite species vary" (Beck & Meyers, 1996:248). In 'n kultuurvergelykende studie gedoen deur Odendaal & Weyers (1990:27) is wel tot die gevolgtrekking gekom dat die faktore wat veral sedert 1950 'n invloed op die aanhou van geselskapsdiere gehad het, in omvang toegeneem en groter betekenis gekry het. Die basiese redes vir die aanhou van geselskapsdiere deur die verloop van die geskiedenis het nie noodwendig verander nie, maar nuwe faktore soos verstedeliking, lewenstempo, tegnologiese ontwikkelings en gebroke skakels met die natuurlewe, het die behoefte aan geselskapsdiere in die moderne gemeenskappe geaksentueer. Die oeroue verhouding tussen mense en diere het dus net meer intens geword en 'n groter variasie van verhoudings is geïdentifiseer.

Interessante inligting oor die ontstaan en ontwikkeling van die mens–dierband binne kultuurverband is saamgevat in die studies van Mithen (1999:201), Odendaal & Weyers (1990:21-30), Ruether (1993:12-23), Robinson (1995:1-6) en Swabe (1999:53-57): Volgens hierdie bronne is een van die vroegste aanduidings van 'n emosionele band tussen mens en

dier te vind in opgrawings wat dateer uit die paleolitiese tydperk (10 000+ vC), van 'n menslike skelet wat 'n skelet van 'n klein hondjie omhels. Domestisering van die hond het volgens argeologiese opgrawings egter reeds ten die einde van die laaste Ystydperk plaasgevind. In Egipte het honde ongeveer 6000 jaar gelede godestatus verwerf en is selfs 'n 'Stad van die Hond' ter ere van dié afgod gebou. Uitbeeldings van honde op kunswerke en gebruiksartikels wat 8000 jaar oud is kom ook in Egipte voor, terwyl die teling van honderasse reeds 4000 jaar gelede daar gedoen is. Die oorsprong van die huiskat word ook teruggevoer na Egipte en wel sover as 9000 jaar gelede. Die kat is hier tot 'n godin verhef wat die simbool van moederlikheid, vrugbaarheid en ander vroulike eienskappe verteenwoordig het. Begraafplase met katmummies dui op die waarde wat daar aan hulle binne hierdie kultuur geheg is. Die mens–dierband in China toon 'n kontradiksie in waardes in die sin dat honde as heiliges in die tempels aangehou is, maar ook dat hulle as voedselbron vir ander in die gemeenskap gedien het. Katte was in huise as geselskapsdiere verwelkom, alhoewel daar verskeie negatiewe bygelowe oor katte gehandhaaf is, byvoorbeeld dat hulle armoede voorspel en dat 'n swart kat ongeluk bring. In ander Oosterse lande soos Indië en Thailand (tot so onlangs as 1926) is katte as heiliges beskou. In Europa is die beendere van honde wat dateer uit die tydperk 2000-3000 vC oral gevind waar beendere van mense gevind is. Tydens die periode van die Grieke en Romeine is honde gegroepeer in oorlog-, wag-, skaap- en jaghonde. Katbeelde het voorgekom op Griekse munte en Romeinse grafstene wat kan dui op 'n besondere band in dié tydperke. In die begin van die Middeleeue was vrylopende honde algemeen, maar teen die einde van die Middeleeue was dit meestal net die rykes wat honde as statussimbool aangehou het. In dié tydperk is katte egter dikwels aan heksery en bygelowe gekoppel. Nuwe belangstelling in honde het in die 15e en 16e eeu na vore getree. Klem is gelê op suiwer teelrasse en kompetisies, en honde het as modegier deel van die huishoudings geword. Die Tweede Wêreldoorlog het as gevolg van die groot lewensverlies onder mense en diere 'n effek op die teel van honderasse gehad asook op honde wat sonder versorging agtergelaat is. Hierdie terugslag in die mens–dierband is gou weer herstel, veral met die toetrede van honde vir funksionele doeleindes soos gidshonde, reddingshonde en sekuriteitshonde. Vanaf die 17^{e} tot die 19^{e} eeu het 'n verandering in gesindheid teenoor katte begin plaasvind, maar na die Tweede Wêreldoorlog het veral die Westerse wêreld meer bewus geraak van die waarde van katte as geselskapsdiere.

Na aanleiding van die bestudering van perdetande uit die Oekraïne, blyk dit dat perdry reeds 6000 jaar gelede beoefen is (Anthony, Telegin & Brown, 1993:22 en Schwabe, 1994:49-50). Dit is egter meer waarskynlik dat die diere vir ekonomiese redes of verdediging eerder as vir plesier gebruik is. Dat daar 'n sterk band tussen ruiter en perd moet bestaan om dié doel te

kan bereik, is egter 'n feit. Die domestisering van perde het volgens Swabe (1999:55) hoofsaaklik militêre- en handelsfunksies vervul, maar het later 'n statussimbool van die rykes geword en is vir sport en plesier aangewend.

Binne alle kulture bestaan rituele waarby diere soms betrokke is. Sommige kulture is meer eksplisiet in die uitlewing van hul rituele. So byvoorbeeld het die buffel en die arend belangrike simboliese betekenis vir sekere Indiaanstamme in Noord-Amerika, en word hulle beskou as heilig en met besondere krag om harmonie tussen alle lewende wesens te verseker (Lawrence, 1993:17-37). Saunders (1993:31) gee 'n historiese oorsig oor die belangrike mens–dierverhouding wat daar sedert die tweede millenium vC tussen die Shamanstam in die Amasone en die jaguar bestaan. Hierdie intieme verhouding word prominent weerspieël in die uitlewing van hul kuns, godsdiens en leierskapsbeoefening. Ander voorbeelde van die simboliese gebruik van diere in kulturele rituele tydens die middeleeue word deur Cohen (1994:65) gegee. Hierdie kultuurgebruike bly nie noodwendig staan deur die eeue heen nie, maar is net soos ander gebruike blootgestel aan veranderings oor tyd. Alhoewel hierdie nie voorbeelde van geselskapsdiere is nie, dui dit wel op die feit dat binne verskillende kultuurgroepe verskillende tradisies ten opsigte van die mens–dierband bestaan.

In 'n kulturele analise deur Cowles (1993:21) beskryf hy hoe dat daar binne die Amerikaanse kultuur wegbeweeg word van die houding van 'mastery over nature' na 'n houding van balans en respek vir alle lewende wesens. 'n Interessante ondersoek is deur Carmack (1997:108-119) gedoen na die mate waarin karikatuurkuns die kulturele en sosiale waardes van die Amerikaanse gemeenskap ten opsigte van geselskapsdiere weerspieël. Sy het bevind dat karikatuurkuns 'n belangrike dimensie van populêre kultuurlewe in die VSA is en 'n refleksie is van dit wat in 'n gemeenskap as belangrik ervaar word. Na ontleding van 928 strokiesprente in dagblaaie kom sy tot die volgende gevolgtrekking: "The overall roles pets play in their humans' lives, the widely held values by humans toward companion animals, the joys that result from sharing one's life with companion animals, and the stresses, including loss, connected with having companion animals are all portrayed through comic art" (Carmack, 1997:118). Die leemte wat sy egter in hierdie vorm van kommunikasie geïdentifiseer het, is die feit dat negatiewe ervarings soos dieremishandeling en -verwaarlosing en oorpopulasie baie selde op die manier aangespreek word. Alhoewel dit 'n belangrike opvoedkundige rol kan speel, is die doel van karikatuurkuns om 'n menslike boodskap deur humor oor te dra en die negatiewe mens–dierverhouding is hier dus onvanpas.

Die verbod op die aanhou van honde in China dateer terug tot 1949. Die Kommunistiese regering het hierdie verbod geplaas omdat honde as oorlas beskou is en dat voedsel op hulle vermors word. In 'n nuusberig in *Anthrozoös* (News & Analysis, 1994:273) word berig dat die wreedaardige doodmaak van honde in China sedert 1986 toegeneem het en dat hondevleis geredelik beskikbaar is. Die rede waarom die honde juis wreed van kant gemaak word (doodgeslaan, geëlektrifiseer, verwurg, agter 'n bewegende motor aangesleep) is onseker. Die berig lui voorts dat ten spyte van die verbod op die aanhou van honde daar op daardie stadium sowat 10 000 honde in Beijing was. Dit blyk dat 'n persoon wel 'n hond mag besit indien dit gelisensiëer en geïmmuniseer is, maar dat entstof uiters skaars is. In teenstelling hiermee word daar ook berig dat daar 'n hondepark in Beijing is waar persone wat 'n behoefte aan interaksie met 'n hond het, een kan huur en dat van die heel rykes in die samelewing (ten spyte van die verbod op die verkoop van honde) opreggeteelde skoothondjies op die swartmark kan koop vir ongeveer $4 500. Daar bestaan dus steeds in China intrakulturele teenstellings in waardes met betrekking tot geselskapsdiere.

In Suid-Afrika is 'n kwantitatiewe ondersoek deur Pistorius, Hohn & Van der Merwe (1992:166-171) gedoen, wat die houdings van honde-eienaars van 'n swart ontwikkelende gemeenskap teenoor hul geselskapsdiere, gemeet het. Die resultate het getoon dat die meerderheid honde-eienaars die waarde van hul honde geheg het aan sekuriteit en beskerming. 'n Korrelasie bestaan tussen die eienaars se houding ten opsigte van geselskapsdiere en hul sosio-ekonomiese status. Honde word in ontwikkelende gemeenskappe in Suid-Afrika hoofsaaklik aangehou vir jag en beskerming en slegs soms as geselskapsdiere. Katte word dikwels geassosieer met toordery en deur sommige kultuurgroepe soos die Sotho's, selfs geëet (Odendaal & Weyers, 1990:25). Gallant (1998:6) bevestig die feit dat daar met betrekking tot honde-eienaarskap kulturele verskille bestaan tussen die onderskeie kultuurgroepe in Suid- Afrika.

'n Gebrek aan resente navorsing oor die rol van geselskapsdiere in die swart kulture van Suid-Afrika lei dikwels tot veralgemening. Mutwa (1996:11) poog om in sy boek *Isilwane: The Animal,* hierdie persepsies reg te stel deur die vertel van diereverhale en –fabels uit die geskiedenis van verskillende Afrika kulture. Hy verdeel diere in twee groepe, naamlik huisdiere waarby hy die kat, hond, hoender, bok, skaap en koei insluit en wilde diere. Die kat (Mutwa, 1996:30-33) is beskou as sowel 'n geselskapsdier as iets met funksionele waarde om hutte en krale skoon te hou van muise en slange. Die eienaars het baie goed na hulle omgesien en by die eerste tekens van siekte is hulle na die "sangoma" geneem wat verskeie kruiemedisyne spesifiek vir diere aangehou het. Die kat is ook gesien as beskermer teen die "tokoloshe" en daar is geglo dat as daar nie goed na hulle omgesien word nie, 'n vloek jou

sal tref. Zulu konings sal tot soveel as 40 katte in 'n hut aanhou met 'n spesiale dienaar 'the keeper of the cats' wat hulle moet versorg en beskerm met sy lewe. Die hond is gesien as die mens se beste vriend en beskermer (Mutwa, 1996:40-48). Honde is ook gebruik as boodskappers en van hulle produkte (hondehare, bene en uitskeidings) vir genesing. Daar is geglo dat telepatiese kontak tussen die mens en hond bestaan. Hoë waarde is geheg aan die lojaliteit van honde en baie verhale bestaan van honde wat lewens gered het. Mense wat honde mishandel of nie goed versorg nie, is geglo, word met siektes getref en 'n gemeenskap waar daar geen honde is nie, sal uitsterf. Daar is ook slegs een tradisionele stam wat honde eet as deel van 'n ritueel, maar ook net in tye van oorlog. Die eet van hondevleis word in alle ander stamme verbied. Soortgelyke interessante tradisies bestaan vir ook die ander diere hierbo genoem en word breedvoerig toegelig in genoemde bron.

Uit informele gesprekke, waarneming en foto's in koerante en tydskrifte kan die afleiding gemaak word dat ook binne die stedelike swart kulture 'n verandering in die waardering van geselskapsdiere besig is om plaas te vind. Daar bestaan egter nog 'n groot mate van vooroordeel in Suid-Afrika ten opsigte van die keuse van sekere groepe met betrekking tot geselskapsdiere: "…it is strange that certain parts of our society, with a high level of appreciation and care for their own dogs, nevertheless despise the canines kept in other communities. This prejudiced attitude has often induced irresponsible actions even leading to merciless destroying. It has been my experience that such partial views are inspired by bias founded on ignorance" (Gallant, 1998:6). 'n Sensitiwiteit, verdraagsaamheid en openheid vir die voorkeure van verskillende kulture word dus bepleit.

In 'n studie gedoen deur Siegel (1995:217) met betrekking tot die belangrikheid van geselskapsdiere vir adolessente is ook kulturele verskille opgemerk. Een van die bevindinge was dat wit adolessente meer geheg aan hul geselskapsdiere was en dat diere-eienaarskap by hierdie groep ook hoër was as by adolessente van ander bevolkingsgroepe. 'n Ondersoek in Suid-Afrika deur Hudson & Gummow (1997:59-61) het bevind dat 19.2% van swart tieners, 51.6% van Indiërtieners en 88.1% van wit tieners geweet het wat die rol van 'n veearts is. Dieselfde verteenwoordiging is verkry ten opsigte van geselskapsdier-eienaarskap, identifisering van dieresiektes en ingesteldheid tot diereversorging. Melson (1998:234) bepleit kruiskulturele studies veral met betrekking tot die verhouding tussen geselskapsdiere en kinders omdat sy van mening is dat: "Cultures weave myths and tales that link children with animals, from Romulus and Remus to *Where the Wild Things Are*, and these cultural templates may affect the type, frequency, and quality of children's relationships with companion animals".

Noske (1997:188-189) beklemtoon ook die belangrikheid van kruiskulturele studies omdat daar so 'n groot mate van differensiasie in die ideologieë en die behandeling van diere tussen verskillende kultuurgroepe bestaan. Om die houdings van verskillende samelewings teenoor geselskapsdiere te begryp, kan waardevolle geleenthede geskep word om sowel die lewenskwaliteit van mense as dié van geselskapsdiere te verbeter. Houdingsverandering gaan egter gepaard met waarde-oordele en moet versigtig hanteer word: "Our perceptions of what is right and wrong should be challenged constantly - we are not always rational beings. Being brought up in Western Society colours our views of other societies" (Nicholson & Podberscek, 1994:5). Westerse samelewings word gesien as beskaafd, magtig, ryk, demokraties en ontwikkeld, en tog neem wreedheid en verwaarlosing teenoor diere en vernietiging van die natuur in dié samelewings toe. Hierdie paradoks kan uit die weg geruim word deur begrip te ontwikkel vir die wyse waarop houdings en persepsies teenoor diere gevorm en verander kan word.

2.3. ARBEIDSTERAPIE

Arbeidsterapie word deur die American Occupational Therapy Association (Miller & Keane, 1978:717) beskryf as: "...the art and science of directing man's participation in selected tasks to restore, reinforce and enhance performance, facilitate learning of those skills and functions essential for adaptation and productivity, diminish or correct pathology and to promote and maintain health". Die vertrekpunt van arbeidsterapie is dus die ontwikkeling en instandhouding van kapasiteit deur al die lewensfases, om daardeur die persoon in staat te stel om basiese lewenstake bevredigend af te handel sodat 'n produktiewe lewe gelei kan word.

Arbeidsterapeute werk vanuit 'n holistiese benadering waarin interaksie met die omgewing en sosiale kontak baie belangrik geag word vir gesonde funksionering. Arbeidsterapie erken die rol van aktiwiteit as 'n essensiële element om sin en betekenis aan die lewe te gee en om effektief by die omgewing in te skakel en in beheer te wees daarvan (Dawson, 1994:20). Die rol wat geselskapsdiere kan vervul in die bereiking van hierdie doelwitte blyk duidelik uit die voorbeelde wat deur Odendaal (1988:46) gegee word. Die arbeidsterapeutiese effek van geselskapsdiere berus volgens Odendaal, op die fisiese aktiwiteit wat gepaard gaan met emosionele ervaring tydens die kontaksessies. Die aktiwiteite rondom die versorging van geselskapsdiere (bad, borsel, voed, skeer, skoonmaak van slaapplekke), vervaardiging van diereprodukte (hokke, kussings, krappale, jassies, halsbande, speelgoed), afrigting en skou

van honde en teel van geselskapsdiere kan waardevolle terapeutiese doelwitte bereik. Van die arbeidsterapeutiese doelwitte wat deur Odendaal (1988:75) uitgelig word is:

- die ontwikkeling van verantwoordelikheidsin;
- om ledigheid teen te werk;
- ontwikkeling van motoriese vaardighede;
- sensoriese stimulasie;
- aanleer van nuwe vaardighede; en
- ervaring van sinvolheid.

In Bernard (1995:73-74) word gevallestudies gedokumenteer waarin die arbeidsterapeut fisiese aktiwiteite met honde benut om:

- linker hemisfeer aktiwiteit te stimuleer by 'n pasiënt met linker hemiparese;
- sensoriese stimulasie en kognitiewe oriëntering aan te help by traumatiese breinbeserings;
- deelname in bilaterale boonste ledemaatversterking aan te moedig by 'n heupfraktuurpasiënt;
- oefening te gee in gewrigsekstensie by 'n kwadrupleeg; en
- balans en geheue aan te wakker asook ataksie bewegings van die hand van 'n traumatiese breinbeseerde pasiënt te inhibeer.

Hume (1996:1-2) sluit hierby aan in haar uiteensetting van programdoelwitte en -aktiwiteite wat vir die Northeast Rehabilitasie Hospitaal in die VSA opgestel is. Die volgende doelwitte word uitgelig: toename in boonste ledemaatbewegings, verbeterde balans, mobiliteit, koördinasie en tonus inhibering.

Klein hondjies is gebruik in 'n mens–dierinteraksieprogram wat deur Bernard (1995:77) gedokumenteer is en die volgende waarneming is hieroor gemaak: "Some patients would take the puppies around introducing them to other patients and visitors. What a wonderful way to work on wheelchair propulsion, speech and memory!" Bernard (1995:85-92) is vervolgens van mening dat honde 'n unieke rol speel by die sensoriese stimulasie van komatose pasiënte en maak die opmerking dat komatose pasiënte teenoor die honde reageer het nog voor hulle reaksie op familielede getoon het. Honde is gebruik om onder andere tas te stimuleer, oog-hand koördinasie aan te help, rompbeheer en mobiliteit te verbeter en sensoriesverdedigende gedrag te verminder. Voorbeelde word ook gegee van hoe honde gebruik is om kognitiewe en perseptuele probleme te hanteer.

Die opleiding en benutting van dienshonde ('service dogs') het reeds in die periode 1974-1977 in die VSA ontstaan onder leiding van die Handi-Dogs, Canine Companions for Independence en Support Dogs for the Handicapped. Die oorspronklike doel van hierdie programme was om:

- fisiese bystand aan gestremdes te verleen;
- emosionele stabiliteit te verskaf deur lojale en versorgende vriendskap;
- onafhanklikheid te optimaliseer;
- gevoel van veiligheid te gee; en
- gevoel van vryheid te verleen

(Odendaal, 1988:94).

Ander geselskapsdiere as honde kan egter ook aangewend word vir die doel om fisiese bystand aan gestremdes te verleen soos byvoorbeeld waar 'n arbeidsterapeut apies oplei om fisiesgestremdes by te staan met daaglikse aktiwiteite (Brown, 1993:30).

In 'n studie gedoen deur Limond, Bradshaw & Cormack (1997:84-89) met ernstig leergestremde kinders, is die verskil in gedrag teenoor die terapeut in die teenwoordigheid van 'n werklike hond versus 'n presies-nagebootste speelgoedhond getoets. Na aanleiding van verskille in visuele aandaggewing asook verbale en nie-verbale inisiëring en respons, is die gevolgtrekking gemaak dat die werklike hond 'n meer volgehoue fokus vir positiewe en

samewerkende interaksie tot gevolg gehad het. Die geselskapsdier dien dus as hulpmiddel in die terapeutiese verhouding.

Die effektiwiteit van mens–dierinteraksieprogramme met fisies gestremde kinders is ook met behulp van dolfyne in 'n ondersoek deur Nathanson, de Castro, Friend & McMahon (1997:90-99) gedoen. Die doel van hierdie ondersoek was om die terapeutiese proses aan te help. Hulle beklemtoon die feit dat die dier as sodanig nie die gestremdheid kan verander of voorkom nie maar as hulpmiddel in die terapie gebruik kan word: "By significantly increasing attention and motivation, the amount of time needed to help the child improve cognitively, physically, or even behaviorally can be substantially reduced" (Nathanson *et al*., 1997:96). Behalwe vir verhoogde motivering en aandagspan is hulle voorts van mening dat *Dolphin Human Therapy,* growwe en fyn motoriese vaardighede asook taal en spraak aanhelp. Die terapeutiese waarde van dolfyne word ook deur Cochrane & Callen (1993:7) beklemtoon, alhoewel die etiese implikasies van die gebruik van hierdie geselskapsdiere in aanhouding nie buite rekening gelaat kan word nie.

Terapeutiese perdrysessies word primêr deur die arbeidsterapeut en die fisioterapeut benut. Prinsloo (1998:3-5) en Fitzpatrick &Tebay (1998:53) wys op die volgende voordele wat dit vir arbeidsterapie kan inhou; verbeterde balans, postuur en mobiliteit; sensoriese stimulasie, simmetriese-, asimmetriese- en driedimensionele bewegings en tasstimulasie. Die sekondêre voordele soos sosiale interaksie, verbetering van selfvertroue, motivering, gevoel van beheer, onafhanklikeid en genot, word ook uitgewys.

2.4. ARGITEKTUUR

Verandering in lewenstyl is 'n noodwendige gevolg van ekonomiese-, demografiese-maatskaplike- en sosiale faktore. Gedurende die milleniumwending toon die mens 'n groter bewustheid van sy omgewing. Die neiging na kleiner, geriefliker en veiliger verblyf, tuisontspanning, huiskantore, rekenaarkommunikasie en kontak met die natuur, plaas hoër eise aan die ergonomiese- en interieurontwerp van behuising. Mens–dierinteraksie is een van die aspekte wat geraak word deur hierdie tendens, en as in ag geneem word dat meer as die helfte van huishoudings een of meer geselskapsdiere het, stel dit groot uitdagings aan argitekte, landskapsargitekte en interieurontwerpers. Alhoewel hierdie drie selfstandige dissiplines is en dienooreenkomstig erkenning verdien, word hulle vanweë hul interafhanklikheid ten opsigte van mens–dierinteraksie as studieveld, saam bespreek.

Verstedeliking het 'n belangrike invloed op die ontwerp van die eksterne en interne omgewing. Groter druk word geplaas op die beskikbaarheid van openbare oop ruimtes as gevolg van minder beskikbaarheid van private oop ruimtes (McQuillan, 1992:160). Huisontwikkelaars en argitekte speel 'n kernrol om die mees effektiewe benutting van beskikbare ruimte te verseker. Nie alleen die ontwerp van die huis of kompleks nie, maar ook die beplanning rondom die direkte omgewing kan so gedoen word dat positiewe mens–dierinteraksie in ag geneem word.

Reeds in 1990 het Stokols (1990:641-646) na die veranderende rol van die mens in sy omgewing verwys en veral die verskuiwing van tegnologiese ontwikkeling na menslike waarde, instrumentele funksies van omgewings teenoor simboliese funksies, en die standaardisering en modularisering van ontwerp teenoor uniekheid en doelgemaakte ontwerp. Die effek wat die verandering in lewenstyl op diere het en aanbevelings vir die hantering daarvan is deur Jackson (1996:1076-1079) saamgestel. Die rol van die veearts met betrekking tot dieregedrag kom duidelik hierin na vore. Praktiese riglyne word voorgestel ten opsigte van onder andere: die kwantiteit en kwaliteit van spasie binneshuis en buitenshuis, omgewingsverryking en -verruiming, hantering van uitskeidings, privaatheid, tuinuitleg, maksimale benutting van ruimte, uitsig, inagneming van weerstoestande, omheining, benutting van buitegeboue, plasing van vensters en binnetuine en -pleine.

Dit blyk dat die grootste persentasie geselskapsdiere wat afstand van gedoen word, hetsy deur na 'n dierewelsynsorganisasie geneem te word of deur genadedood, plaasvind as gevolg van verhuising of gedragsprobleme by die dier (Upton, 1992:142). Albei hierdie faktore kan verband hou met behuising- en omgewingsontwerp. Indien verhuising impliseer dat na 'n kleiner huis, kompleks, aftree-oord of versorgingsinrigting verhuis word, kan die verwerping van diere tot 'n groot mate beperk word indien die plekke ontwerp is vir dié doel. Gedragsprobleme by geselskapsdiere is dikwels die gevolg van ingeperktheid en 'n onstimulerende omgewing, albei faktore wat met die hulp van sinvolle ontwerpbeginsels hanteer kan word.

2.5. BEMARKING

Vir die doel van hierdie studie word slegs op twee onderafdelings van bemarking as dissipline gefokus, naamlik reklame, as komponent van bemarkingskommunikasie, en verbruikersgedrag. Reklame verwys na die oordra van 'n boodskap in verband met 'n behoeftebevredigende produk, diens of idee aan 'n spesifieke gehoor met die doel om in te

lig, te herinner of te oorreed (Van der Walt, Strydom, Marx & Jooste, 1996:339). Verbruikersgedrag het te make met die bestudering van gedragspatrone van mense in die besluitnemingsproses om 'n produk te verkry of van 'n diens gebruik te maak (Van der Walt *et al.,* 1996:76). Die relevansie van hierdie twee afdelings vir die studieveld van mens–dierinteraksie is geleë in die volgende: Diere word dikwels in advertensies gebruik om 'n spesifieke beeld van 'n onderneming of 'n produk te reflekteer; diere word ook gebruik om aandag te trek of selfs om op mense se gevoel te speel. Die belangrikste waarde van reklame in hierdie studieveld is om die persepsies, houdings en gedrag van mense positief te beïnvloed (Serpell & Paul, 1994:141 & Jones, 1997(b):157). Verbruikersgedrag kan meer lig werp op die gedrag en houding van mense teenoor geselskapsdiere en hoe dit die aankoop van sekere produkte of benutting van sekere dienste beïnvloed. Statistiese gegewens van die omvang van verkope van geselskapsdierprodukte en verbruikerstendense kan daarenteen hipoteses stel oor die verskuiwings in die aard van die mens–dierband.

Selfs sover terug as 1986 is daar in die VSA en in die Verenigde Koningkryk onderskeidelik $4 biljoen en £680 miljoen aan droë dierekos alleen per jaar bestee (Odendaal, 1988:56). Die troeteldierkosbedryf in Suid-Afrika word ook beskou as 'n vinnig groeiende bedryf en was in 1998 bereken op R665 miljoen per jaar (Wandrag, 1998:26-29). Vir die tydperk November 1996 tot Oktober 1997 is daar in Suid-Afrika onderskeidelik R4,7 miljoen en R3,2 miljoen aan die reklame van droëkos en gesondheidsprodukte vir katte en honde spandeer (The Agency, 1998). In 1994 is voorspel dat die dierekosmark in die VSA in die daaropvolgende vyf jaar met $8 biljoen oor dié tydperk sal styg en dat dit een van die drie vinnigste groeiende marksegmente in die VSA is (*Anthrozoös,* News & Analysis, 1994:148). In 1996 is die totale diereproduktemark as die vinnigste groeiende marksegment in die Amerikaanse ekonomie deur die Dow Jones aangeteken deurdat jaarliks $20 biljoen daaraan spandeer word (*Anthrozoös*, News & Analysis, 1996:116). Die waarde van die diereproduktemark in Europa (Griekeland uitgesluit) vir 1997 was geskat op $12 biljoen per jaar (*Anthrozoös*, News & Analysis, 1995:55). Die fisiese versorging van 'n geselskapsdier maak 'n groot deel van mens–dierinteraksie uit en hierdie syfers is 'n aanduiding van die waarde wat veral Westerse gemeenskappe aan hulle diere heg. Die bemarkingsgeleenthede wat voortspruit uit die waarde wat mense aan hulle diere heg hou vir al die deelnemers in hierdie mark baie potensiaal in.

Die persentasie huishoudings wat geselskapsdiere aanhou, gee 'n goeie aanduiding van die markpotensiaal daarvan. In die VSA het 56% van huishoudings een of meer geselskapsdiere, in Australië is dit 55-60% en vir Europa (al 17 lande) 52%. Van die

Europese lande soos België en Ierland is die syfer selfs so hoog as 70% (Beck & Meyers, 1996:247 en Fifield & Forsyth, 1999:27). In Suid-Afrika het 'n opname wat in 1992 gedoen is (Odendaal, 1994:67-72) getoon dat daar 3.93 miljoen honde, 0.97 miljoen voëls en 0.22 miljoen ander geselskapsdiere aangehou word. 'n Suid-Afrikaanse opname in 1996/1997 het getoon dat 85% van die huishoudings in landelike gebiede en 69% in stedelike gebiede honde aanhou, onderskeidelik 28% en 24% het katte, 22% en 18% het voëls en 12% en 9% het 'ander diere' (Van Niekerk, 1998:5). 'n Toename in geselskapsdiereienaarskap het in die laaste dekade plaasgevind.

Uit 'n ondersoek gedoen deur Odendaal (1988:181) is 'n kliënteprofiel saamgestel van die mees tipiese kliënt wat 'n geselskapsdierpraktyk besoek. Hierdie tipe inligting is van besondere belang vir die bemarking van geselskapsdierprodukte ten einde potensiële teikenmarkte te identifiseer. Die volgende profiel is uit hierdie data afgelei en is 'n goeie voorbeeld van watter tipe data vir die bemarker van waarde kan wees:

- geslag - vroulik
- ouderdom - 35 jaar
- kwalifikasie - st 10 en/of diploma/sertifikaat
- huwelikstaat - getroud
- inkomste - middelinkomstegroep
- kinders - twee
- woongebied - stedelik
- woonplek - huis
- geselskapsdier – hond
- aantal diere - twee

Verbruikersprofiele is egter baie dinamies en ondernemings moet met behulp van bemarkingsnavorsing voortdurend op hoogte bly van verskuiwings daarin, ten einde die relevansie daarvan te verseker. Dieselfde profiel sal dus vir 2000 (of so resent moontlik)

opgestel moet word om toepassingswaarde te hê. Verbruikersprofiele word volgens Hawkins, Best & Coney (1992:16-19) deur sowel eksterne as interne faktore beïnvloed. Eksterne faktore is die ekonomie, kultuur, waardes, demografie, sosiale status, verwysingsgroep en huishouding, terwyl interne faktore bepaal word deur persepsie, leer en geheue, motiewe, persoonlikheid, emosie, lewenstyl en houdings. Met betrekking tot tipe huishouding blyk dit dat daar 'n verband bestaan tussen die tipe huishouding byvoorbeeld enkel-, tweepersoon en multipersoonhuishoudings en die vlak van gehegtheid en gedrag teenoor geselskapsdiere (Gilmer & Nicholson, 1996:59). Demografiese verskuiwings soos 'n verouderende bevolking, veranderde lewenstyl soos kleiner gesinne en wonings en minder ontspanning, het 'n belangrike invloed op geselskapsdiereienaarskap (Beck & Meyers, 1996:248; *Anthrozoös*, News & Analysis, 1995:56). Hierdie verskuiwings kan sowel 'n toename as afname in geselskapsdiereienaarskap impliseer, asook 'n verandering in verbruikerspatrone tot gevolg hê.

Geselskapsdiere speel 'n belangrike rol in die lewensfase van bejaardheid, kinderlose- en enkelkindgesinne, asook om spanning van 'n gejaagde lewenstyl te verlig. Veranderde lewenstyl kan egter ook impliseer dat minder tyd en fisiese plek beskikbaar is vir interaksie met diere en daarom kan dit ook 'n afname in geselskapsdiereienaarskap impliseer. In 'n ondersoek deur Gilmer & Nicholson (1996:60) word ook gewys op die verband wat daar bestaan tussen tipe huishouding en vlak van gehegtheid en gedrag teenoor geselskapsdiere. Hierdie tipe inligting is belangrik vir die daarstelling van 'n bemarkingskommunikasiestrategie omdat die sukses daarvan bepaal sal word deur die *regte* boodskap wat op die *regte* tyd en plek aan die *regte* marksegment gekommunikeer word.

Die suksesvolle gebruik van diere in bemarkingskommunikasie, en meer spesifiek die reklamewese, is 'n aanduiding van die positiewe konnotasie wat aan diere geheg word. Van die redes waarom diere in advertensies, selfs advertensies wat niks te make het met diereprodukte nie, gebruik word is volgens Du Preez (1997:6) die volgende: diere is onskuldig; in teenstelling met byvoorbeeld kinders, word diere wat die reëls oortree nie veroordeel nie; diere het goeie nie-verbale impak; hulle ontlok emosie; stimuleer verbeelding; bied ontvlugting van realiteit; spreek alle ouderdomsgroepe en geslagte aan; en trek gouer aandag. Diere word ook meestal onvoorwaardelik vertrou omdat hulle nie geassosieër word met iemand wat jou om die bos wil lei of manipuleer nie. In 'n diverse teikenmark soos Suid-Afrika moet die gebruik van diere in reklame egter met omsigtigheid gedoen word. Sosio-ekonomiese verskille maak dat 'n dier in een gemeenskap net as voedsel of bron van inkomste gesien word, terwyl dit in die ander as 'n beste vriend of deel

van die gesinsisteem beskou word. Opvoedings- en kultuurverskille dra verder by tot die verskil in assosiasie met diere. Om dus diere in advertensies te gebruik ten einde daardeur 'n spesifieke teikenmark te beïnvloed, moet met deeglike marknavorsing gepaard gaan. Diere-advertensies sal waarskynlik meer effektief vir die hoër LSM ('Living Standard Measurement') groepe wees, dit wil sê die ekonomies aktiewe mark of middel- tot-hoër inkomstegroep (Van der Walt *et al.,* 1996:120-123). Vergelyk ook Holbrook, Stephens, Day, Holbrook & Strazar (2001: 1-26).

Die bemarkingspesialis het die verantwoordelikheid om ondernemings te help om die korrekte boodskap ten opsigte van mens–dierinteraksie oor te dra. Die beeld wat deur middel van 'n reklameboodskap geskep word kan, indien nie goed nagevors nie, selfs die teenoorgestelde effek hê. Indien 'n dieretuin, akwarium of sirkus byvoorbeeld besoekers, waarvan hulle finansieël afhanklik is, lok met demonstrasies of visuele materiaal van hoe mak die diere is of watter toertjies hulle kan doen of hoe hulle menslike eienskappe naboots, verkondig hulle die verkeerde boodskap met betrekking tot mens-dierinteraksie. Hierdie tipe reklame moet ten alle tye gepaardgaan met 'n boodskap van bewaring, die natuurlike habitat en natuurlike gedrag van die spesifieke diere betrokke (Kreger & Mench, 1995:146). Die doel is om te verhoed dat dit mense aanmoedig om diere buite hulle normale grense van funksionering aan te hou. 'n Goeie voorbeeld van negatiewe reaksie op 'n reklameboodskap waarin mens–dierinteraksie gebruik is, is die openbare demonstrasies en besware deur blinde persone met hul gidshonde in reaksie op 'n kitskos TV-advertensie waarin die hond deur die reuk van die kos verlei word en sy eienaar teen 'n paal laat vasloop (SABC 3, 2000: 28 Februarie). Die negatiewe reaksie van die publiek op die onsensitiwiteit van hierdie advertensie, het die beeld van die onderneming skade aangedoen. Die Suid-Afrikaanse Gidshondevereniging het egter as gevolg hiervan goeie blootstelling deur die publisiteit gekry.

Die reklamewese speel 'n belangrike rol in dierewelsyn. Van die eerste gedrukte advertensies vir dierebeskerming was een met 'n politieke inslag wat in 1930 op die voorblaaie van die Boston Globe en die Boston Herald in die VSA verskyn het. Sedertdien word dierewelsyn dikwels as trekpleister in politieke mediaveldtogte gebruik. Die diereregtebeweging wat in die 1970's sy ontstaan gekry het, sou sonder die krag van die media nie in die laaste 30 jaar tot so 'n invloedryke meningsvormer ontwikkel het nie. Advertensieveldtogte was veral gemik teen die modewêreld, byvoorbeeld die dra van pelse en toets van skoonheidsmiddels op diere; die vleisbedryf, byvoorbeeld die wrede metodes van vang, slag en aanhou van diere vir produksiedoeleindes, asook die gebruik van diere vir

mediese navorsingsdoeleindes deur die aanhouding in laboratoriums (Jones, 1997(b):151-153).

Verskillende advertensietegnieke kan aangewend word om die publiek positief ten opsigte van mens–dierinteraksie te beïnvloed. Jones (1997(b):158) het bevind dat die gebruik van getuienisse van beroemde persone, humor, antropomorfiese beelde en visuele beelde van wreedheid en pyn, almal tegnieke is wat onder verskillende omstandighede en met 'n verskil in die doel voor oë, suksesvol aangewend kan word. Daar is egter ook risiko's verbonde aan positiewe reklame van mens–dierinteraksie omdat dit geselskapsdiereienaarskap stimuleer sonder dat die nodige boodskap van verantwoordelikheid wat daarmee gepaard behoort te gaan, ook oorgedra word. Jennens (1992:178-179) maak 'n beroep op ondernemings wat hierdie tegniek van aandagtrek gebruik om finansieël betrokke te raak by dierewelsyn- en bewustheidsprogramme vir verantwoordelike geselskapsdiereienaarskap. Heelwat meer navorsing is nodig om te bepaal watter tegnieke die mees suksesvolle is om persepsies, houdings en gedrag positief te beïnvloed.

2.6. FILOSOFIE

In die studieveld van mens–dierinteraksie bestaan heelwat verskillende denkrigtings. Die filosofie stel ons in staat om ons denke te ontwikkel en uit te toets, om 'n saak vanuit verskillende denkrigtings te beredeneer. Die filosofie roem nie daarop dat hulle oplossings kan bied nie, maar: "…if the presence of philosophers is valuable, it is not because we are likely to offer unanimous or clear solutions to practical or theoretical puzzles, and certainly not ones that all our absent colleagues would agree upon, nor yet because you can always count on a philosopher for a rousing piece of rhetoric in defence of your favoured programme. Our value is not that we have answers, but that we have questions, and some knowledge of the puzzles created by attempted answers of the past" (Clark, 1997:113). Die rol van die filosoof is dus om argumente te stimuleer en daardeur elkeen te help om by sy eie oplossings uit te kom (Brennan, 1995:85). In die studieveld van mens–dierinteraksie word baie debatte gevoer rondom onder andere die veranderende rol van diere in die samelewing, waarde van diere, diereregte, die mens–dierband, wetenskaplikheid van die studieveld en dissiplines betrokke.

Die mees ekstreme uitgangspunt ten opsigte van die waarde van diere was gepropageer deur Descartes wat diere geag het as: "...non-speaking, non-thinking, and non-feeling machines. Only people could have souls" (Turner, 1996:24). Hierop maak Turner (1996:24)

die volgende opmerking: "This was convenient for Descartes in that he could not be accused of heresy in his mechanistic research program (souls being the domain of the church), and the question of the everlasting nature of the soul could be restricted to humans simply because animals did not have one". Sedert Descartes het die wetenskaplike kennis rondom diere, die mens–dierband en dieregedrag gelukkig gelei tot ander insigte en is die mens–dierverhouding vervang met 'n naturalisties-filosofiese benadering waarin wetenskaplike kennis gekombineer word met: "...philosophically normal deliberations about how this relationship should appear" (Turner, 1996:24). Hierdie benadering is sowel konstitusioneel as moreel: "Constitutional deliberations acknowledge that man and animals are part of nature, that they interact with each other, and that through their behaviour, they have enormous consequences for each other. Moral deliberations acknowledge that our nature allows us to consider both how we live and act and the consequences thereof, and how we should live and act" (Turner, 1996:24). Die idee dat diere, net soos mense gevoelens en denke het, het egter eers in die laat 1970's in die Westerse samelewing gestalte gekry (Fogle, 1999:234). Ten spyte daarvan dat hierdie verandering in kennis ook bepaalde houdingsverandering by mense teenoor diere teweegebring het, is daar vandag steeds wetenskaplikes wat die belewenis van emosie by diere ontken. Hierop reageer McCallum (1997:4) deur drie moontlike redes vir hierdie ontkenning aan te voer: "One is because they would not get the financial backing from those who sponsor scientific research of this kind; which leads to the second reason which is fear – a fear that anybody should dare talk about animals having emotions and therefore risk being labeled as anthropomorphic, because that would lead to the third and most important of all: such an acknowledgement would demand a moral stand by us". Die implikasie hiervan sal wees dat 'n groot uitdaging gestel word aan die totale wetenskapsgemeenskap met betrekking tot die etiek van navorsing met en/of op diere.

Baenninger (1995:76) is van mening dat die 'groen'-bewegings en bewaringsgroepe veral betekenisvol in die politiek en filosofie van geïndustrialiseerde lande, as teenreaksie op die vervreemding tussen die mens en die natuur is. Vir dié wat van die veronderstelling uitgaan dat die mens 'n meer gevorderde spesie as ander diere is, bring dit 'n bepaalde verantwoordelikheid mee met betrekking tot beskerming en versorging van diere asook die regte van diere (Turner, 1996:26 & Clark, 1997:168). Nie alleen raak dit die kwessies van diereverwaarlosing en -mishandeling aan nie, maar ook die sensitiewe en debatteerbare saak rondom die gebruik van diere vir navorsingsdoeleindes. Hieroor laat Birke & Michael (1995:98) hulle soos volg uit: "It is humans who themselves structure the spaces (physical and emotional) in which laboratory animals live and die... to see it as solely a matter of

physical conditions is to deny the ways in which laboratory practices are shaped by social interactions - both between different people and between people and animals".

Selfs al red eksperimentele navorsing op laer-orde spesies die lewe van hoër-orde spesies kan dit volgens Clark (1997:11) steeds nie eties geregverdig word nie: "I myself see no important difference between the cases, and do not consider myself or anyone else obliged to save any human being by causing pain, distress or death to an unconsenting 'person' – where 'person' is defined as a creature with whom one can have at least as much of a personal relationship as one can with an infant, a brain-damaged adolescent or a senile old man".

Die vraag is of dit moontlik is om die waarde van eksperimentele navorsing en die waarde van diere teen mekaar op te weeg? Watter objektiewe maatstaf sal gebruik kan word indien in ag geneem word dat reeds in die vroeë tagtigerjare (dus 20 jaar gelede) in die VSA alleen tussen 20 – 100 miljoen diere in navorsingslaboratoriums gebruik is (Plous, 1993:12), en dat die positiewe uitkomste daarvan op die mens tot onlangs nog nie wetenskaplik bewys kon word nie (Clark, 1997:13)? Dit bly dus 'n eksperiment waarvan die uitkoms onseker is ten koste van die lewenskwaliteit van diere en dit terwyl alternatiewe soos verandering in lewenstyl, dieët, plantgeneeskunde, en observasie in natuurlike omgewings wel beskikbaar is. Eksperimente op diere het nie net ten doel om 'n moontlike lewe te red nie, maar ook om bloot ongerief te voorkom, pyn te verlig of skoonheid te bevorder. Die uiterstes waartoe tans in laasgenoemde geval beweeg word, maak 'n objektiewe berekening onmoontlik. Clark (1997:14) kritiseer die eksperimentaliste se rasionalisering van die saak as dat hulle nie realisties is oor die waarde van die uitkomste van hul dade nie: "Experimentalists sometimes speak as if paradise is just around the corner: only a few more acts of violence and we shall live, men and animals alike, a pain-free idyll that will last for ever. If we could be sure of this, and sure that the memory of our past behaviour would not stain our felicity, their utilitarian calculation might be justified. As I at least am sure rather of its opposite, that pain and frustration will be with us till the day of doom, that in the long run nothing earthly lasts, their calculation seems far from safe".

Hierteenoor stel Anderson (1995:2) dit dat: "It certainly is true that the use of animals in biomedical research has brought huge benefits for human health and welfare, with consequent benefits too for animal health", maar Brennan (1995:87-91) kritiseer hierdie ooroptimisme omdat daar nie 'n maatstaf vir die 'huge' teenoor die 'consequent' gestel kan word nie. Uitgebreide navorsing op 'n groot hoeveelheid diere hou dikwels voordeel vir 'n klein groepie mense in. Die gesondheid en welsyn van mense kan ook op ander maniere as

eksperimentele navorsing op diere bevorder word. Die wyse waarop met diere in laboratoriums omgegaan word, opper die belangrikste etiese vrae. Hepner (1994:26-31) verwys na 'n ondersoek wat deur P.E.T.A. (People for the Ethical Treatment of Animals) gedoen is en waarin bevind is dat by die een navorsingslaboratorium alleen 181 skendings van die Wet op die Welsyn van Diere, 99 skendings van die Anti-wreedheid statuut en 14 skendings van die Beroepsgesondheidsbepalings voorgekom het. Die visuele materiaal van geselskapsdiere wat as bewys hiervan voorgelê word kan op geen manier eties geregverdig word nie al het dit tot voordeel van baie mense gestrek. Om in die groot vraag na diere vir hierdie doel te voorsien, het vir dierehandelaars 'n lonende bedryf geword.

Diereregte en menseregte word dikwels teenoormekaar gestel, met mekaar vergelyk of vanuit uiteenlopende filosofiese benaderings verdedig. Die nuttigheidswaarde van diere of hul vermoë om keuses uit te oefen word in van hierdie argumente aangevoer. Die vraag is egter of regte enigsins spesiegebonde kan wees. Hierop reageer Clark (1997:9) soos volg: "If I have no right to force my fellow adults, children or mental defectives to serve the greater good against their will, I do not see how I could acquire such a right against a chimpanzee, a cat or a cow. To say that they have no wills is neither more nor less correct than to say that children and mental defectives have no wills".

Om nie die vermoë te hê om te *kan* weier nie, hetsy vanweë verstandelike onvermoë of taalonvermoë, ontneem diere nie van regte nie. Die vraag is dus nie of 'iemand' of 'iets' kan redeneer of praat nie, maar of hulle pyn, ongemak, vrees, stres ensomeer kan ervaar. Die verantwoordelikheid berus op ons wat wel oor die vermoëns beskik om namens hulle te weier. Ook Bowd & Shapiro (1993:136) stem saam dat regte nie spesiegebonde of kenmerkgebonde bepaal kan word nie omdat daar dikwels groot ooreenkomste bestaan: "Because humans and nonhumans overlap on some of these dimensions (e.g., intelligence, self-awareness), and because young or impaired humans wholly lack other characteristics (e.g., empathy, sense of moral responsibility), there is simply no morally relevant attribute that separates humans from nonhumans". Om dus etiese besluite te neem op grond van lidmaatskap aan 'n spesifieke spesie sonder inagneming van ander veranderlikes, is volgens genoemde skrywers net so arbitrêr as om velkleur of geslag as vertrekpunt vir vermoëns tydens aanstellings te gebruik. Diskriminasie in enige vorm en teenoor enige iemand is dus oneties.

Diereregte aktivisme en wetenskaplikheid word dikwels as teenoorgestelde pole beskou en kommunikasie tussen die twee groepe vind selde plaas. Die twee is ook nie noodwendig onderling uitsluitend nie. Wetenskaplikes staan nie almal koud teenoor die regte van diere

nie, en aktiviste is nie almal ooremosioneel of irrasioneel nie (Robins, 1995:46). Herzog (1993:118) is van mening dat albei partye skuldig is aan: "…disseminating propaganda and perpetuating stereotypes". Indien daar egter van beide partye 'n poging aangewend word om hulself te vergewis van die agtergrond en motivering van die ander se argumente, kan daar binne 'n atmosfeer van respek na 'n gesamentlike doel gestreef word. Beide groepe moet wel die bereidheid toon om met 'n oop gemoed te luister. Om die wanbalanse wat daar in 'n samelewing ten opsigte van die strewe na positiewe mens–dierinteraksie bestaan, uit te wis, is die ideaal. Daar kan alleen in hierdie rigting beweeg word indien dissiplines oor grense heen vrae vra en bereid is om ook na antwoorde te luister.

Eksperimentele navorsing gerig op mens–dierinteraksie as sodanig opper ook verdere etiese vrae omdat sowel die regte van die diere as dié van mense ter sprake is. Turner (1996:30) is van mening dat deur middel van 'n kombinasie van navorsingsontwerpe die probleem oorkom kan word. As voorvereiste word eerstens gestel dat: "The well-being of control group members is not jeopardised by ceasing or denying them access to an already effective therapy", en tweedens: "If we cannot show additional benefits of animal-based therapy over those already available, or special benefits to specific groups, we have no business using animals in the first place". 'n Verdere etiese vraag wat ontstaan, is of 'n program gestaak kan word nadat voldoende data ingesamel is. Tydens die navorsingsproses ontstaan daar 'n band tussen die proefpersone en die geselskapsdiere, wat implikasies inhou vir verbreking van die band en die verliese wat daarmee gepaard mag gaan.

Indien die lewenskwaliteit van beide partye nie tydens die implementering van mens–dierinteraksieprogramme bevorder word nie, word dit 'n etiese kwessie. Die daarstelling en benutting van 'n etiese komitee bestaande uit verskillende dissiplines om oor sake soos hierdie uitspraak te lewer, word deur Anderson (1995:3) en Van der Walt (1996:40) aanbeveel.

Die etiese vrae rondom mens–dierinteraksie hou verband met watter maatstaf gebruik word om die waarde van diere te bepaal. Is dit ekonomies, simbolies, sielkundig, emosioneel, kultureel, ekologies, terapeuties of dalk geestelik? (Watter maatstaf word gebruik om die waarde van mense te bepaal?) Geen objektiewe antwoord is hierop beskikbaar nie. Binne elke groepering sal waarskynlik goed gemotiveerde argumente ter stawing van hul eie maatstaf bestaan. Die simboliese waarde en betekenis van geselskapsdiere in 'n samelewing is volgens Rowan & Beck (1994:87) net so belangrik as die fisiologiese. Hulle motiveer hul stelling deur die volgende voorbeeld: "For example, many police forces carry

teddy bears in their cruisers as part of their trauma kits. Advertising is full of animal images, as are our everyday lives and speech and yet very little attention has been given to trying to understand how these symbols are important to us as individuals and to society as a whole". Die simboliese waarde van diere word onder andere ook gebruik in terapie as vorm van projektiewe eksplorasie, in musiek- en verhaalkuns as metafore en in interieurontwerp as simbool van warmte en huislikheid.

Die emosionele en geestelike waarde word deur Lasher (1998:131) beklemtoon en hy is van mening dat innerlike groei by die mens plaasvind deur sy konneksies of verhoudings met ander lewende wesens en dat die mens–dierband 'n voorbeeld hiervan is: "In the relational model mental and emotional strength come from safe, enriching connections, and our growth throughout the life span continues in the context of interactions with others". Die implikasies hiervan vir die wederkerige verhouding tussen mens en dier is volgens hom dat: "Animal companions are part of our personal world and have subjective experiences (intentions and feelings, for example). We and our animal companions can be approached as an intersubjective system: in continual mutual connection with each other". Lasher (1998:132) gaan voort deur te sê dat die mens–dierband sekere voordele vir die mens inhou, byvoorbeeld deurdat diere in kontak met ons bly, help dit ons om in kontak met onsself te kom omdat geen aspek van die self, weerhou hoef te word nie. Diere kan ook as brug dien in die herstel van vertroue in ander mense, en omdat hulle nie aan kulturele etikette gebind word nie, bevry dit ons ook daarvan: "They can get us out of human cultural rigidities and enable us to see things differently, freshly, creatively. They are grounded in the same or highly similar bodily and emotional responses, and they evolve over the life of the relationship in unique ways, depending upon the unique characteristics of the animal and the human and the situations that they encounter" (Lasher, 1998:133).

Die ekologiese waarde van die verhouding tussen die mens en die omgewing word as vertrekpunt gesien tot volhoubare ontwikkeling en daarmee gepaardgaande behoeftebevrediging van albei. Die waarde van die mens kan dus nie hoër geag word as die van ander spesies of elemente in die omgewing nie: "Human beings are one of many living species at this time in the history of Earth, and can only have their basic needs met by participating in the rhythms of life, which implies a give-and-take relationship and essential dependency on the constituents of Earth - air, water, soil and other living things" (Woods, 1998:236). 'n Ekosistemiese benadering tot mens–dierinteraksie word hierin beklemtoon.

Die mens–dierband vorm 'n onontbeerlike skakel tussen die onderskeie sisteme in 'n samelewing. Op die argument dat dit oneties is om aan diere voedsel en versorging te bied

ten koste van die nood in veral ontwikkelende lande, antwoord Turner (1996:27) soos volg: "If we acknowledge

- that the need for contact with nature and other living things is universal,
- that in industrialised, urbanised societies, one successful way of satisfying that need is through companion animals,
- that companion animals provide health benefits to many in our society,
- that there is no evidence to suggest that resources would be differently distributed if we banned meat-eating companion animals, then the keeping of companion animals does not present a problem..."

Opotow (1993:83) en Swabe (1999:14) ondersteun hierdie argument en voeg by dat groter sensitiwiteit vir die bestaan van ander en 'n herevaluering van tradisionele waardes moet plaasvind waarin mense en diere as lede van dieselfde oorhoofse sosiale kategorie en as fundamenteel verwant aan en interafhanklik van mekaar gesien moet word. Jung (1993:57) sluit ook hierby aan: "If we could accept our physical kinship with all other beings – plants, animals, human, then we could perceive that what unites us outweighs what divides us".

Swabe (1999:22) is van mening dat as na die 'groter prentjie' gekyk word, daar tog balans in die natuur is: "In principle, the natural world lives in balance, albeit often an uneasy one". Die debat rondom die waarde van diere is al eeue oud en gaan steeds voort: "Clearly the ethical debate on how to treat animals, as initiated by seventeenth- and eighteenth-century thinkers, is still with us and far from being closed" (Maehle, 1994:101). Die doel met die debat is nie om tot 'n uiteindelike vergelyk te kom nie, maar om mekaar te akkomodeer en op dié manier 'n balans te handhaaf.

2.7. FISIOLOGIE

Een van die mees resente ondersoeke na die fisiologiese basis vir positiewe mens–dierinteraksie is deur Odendaal & Meintjes (1999:1-10) gedoen. Dit is die eerste keer dat die rol van neuro-oordraagstowwe en hormone tydens mens-dier interaksie op 'n interspesiebasis onderneem is. Die fokus was dus nie alleen op die waarde wat positiewe mens–dierinteraksie vir die mens het nie, maar ook watter effek dit op die geselskapsdier

het. Resultate uit hierdie studie het getoon dat 'n beduidende toename in fenieletielamien, dopamien, endorfien, prolaktien en oksitosien by sowel die mense as die diere tydens positiewe interaksie plaasgevind het. Hierdie fisiologiese veranderings word positief geassosieër met onder andere gemoedstoestand, energie, gevoelens van vreugde, verligting van pyn en sosiale binding. Die beklemtoning van *positiewe* interaksie word ook deur Budge, Spicer, Jones & George (1998:229) soos volg gestel: "…a compatible human-pet relationship was associated with better mental and physical health".

Die waarde van die resultate deur Odendaal & Meintjes is dat daar nou fisiologies meetbare kriteria gestel kan word om die effek van mens–dierinteraksie tydens terapeutiese hulpverlening te bepaal. Hierdie resultate het ook implikasies vir die gebruik van diere in eksperimentele navorsing en dierewelsyn as sodanig. Daar kan afgelei word dat negatiewe interaksie die teenoorgestelde effek sal hê, met ander woorde nadelig sal wees vir sowel die fisiese- en psigiese welstand van albei partye.

Die fisioloog kan 'n belangrike bydrae in die beantwoording van etiese vrae met betrekking tot mens–dierinteraksie lewer, nie alleen ten opsigte van die gebruik van diere in eksperimentele navorsing nie, maar ook die dier se belewenis van mishandeling en verwaarlosing. Diere se reaksie op pyn toon merkwaardige fisiologiese- en gedragsooreenkomste met die van mense: "…non-human mammals commonly respond with increases in pulse rate, changes in blood pressure, perspiration, pupil dilation, and releases of endogenous opiates…and also display many of the same behaviours… such as writhing, grimacing, crying out, cringing before being struck, attempting to avoid the source of pain" (Plous, 1993:27). Diere se onvermoë om hul pyn in woorde uit te druk, net soos in die geval van mense wat vanweë fisiese of verstandelike stremminge nie daartoe in staat is nie, impliseer nie dat hulle níe pyn of ongemak met dieselfde intensiteit ervaar nie.

Die ervaring van pyn behoort nie die enigste kriteria vir lyding te wees nie. Lyding kan ook die bewustheid van gevaar of lyding van ander in dieselfde situasie, vrees, ongemak en 'n bewustheid van die omstandighede waarin verkeer word, impliseer. Navorsing in die laaste dekade ten opsigte van diere se bewustheid van die self, ervaring van lyding, denkvermoëns en gedrag (Rogers, 1995:101) hou belangrike etiese implikasies vir die gebruik van diere tot voordeel van die mens in.

2.8. FISIOTERAPIE

Fisioterapie word omskryf as: "...the treatment of bodily ailments by various physical or nonmedical means. This usually includes the use of heat, water, exercise, massage, and electric current. Physical therapy attempts to relieve pain and to improve or restore muscular function" (Miller & Keane, 1978:784). Die uiteindelike doel is dus om die gestremde of beseerde persoon toe te rus met die veiligste en mees effektiewe metodes om essensiële aktiwiteite uit te voer. Die gebruik van geselskapsdiere sluit dus veral aan by die doel om deur middel van oefening en massering, spierfunksies te herstel en verbeter. Odendaal (1988:76) omskryf fisioterapie as 'n behandeling wat daarop gemik is om die liggaam fisies te ondersteun en te oefen, om daardeur by te dra tot die onderhoud, verbetering of herstel van die liggaam.

Die fisioterapeutiese waarde wat veral perde kan vervul is waarskynlik die mees bekende. Odendaal (1988:76) verwys in hierdie verband dat terapeutiese perdrysessies reeds in 1875 begin is met die doel om pasiënte met neurologiese probleme se balans en spierbeheer te verbeter, maar dat die idee eers momentum gekry het na die Tweede Wêreldoorlog toe fisies gestremde soldate aan perdrysessies deelgeneem het. Die volgende fisioterapeutiese doelwitte kan met perdrysessies bereik word:

- oefening van inwendige spiere;
- vryheid van beweging;
- vermindering van spastisiteit;
- verbetering in motoriese vaardighede;
- verbeterde postuur; en
- verbeterde balans

(Odendaal,1988:77-79; Fitzpatrick & Tebay,1998:43).

Sekondêre doelwitte wat deur bogenoemde bereik kan word is:

- verbeterde selfvertroue;
- groter sosiale bewustheid;
- opbou van interpersoonlike verhoudings;
- verhoogde motivering;
- opbou van selfbeeld;
- ervaring van prestasie en gelykheid; en
- ontspanning en genot

(Odendaal, 1988:77-79; Fitzpatrick & Tebay,1998:43).

Terapeutiese perdry word deur Brown & Tebay (1999:9) omskryf as: "…a general term used to describe any and all equine-related activities performed for the benefit of persons with disabilities or handicaps, including hippotherapy, riding therapy, riding for the disabled, driving for the disabled, and psycho-remedial-educational riding and vaulting". Fitzpatrick & Tebay (1998:42-43) identifiseer vier tipes terapeutiese perdry: *Riding for the disabled* wat verwys na: "…the recreation or sport of horseback riding and driving adapted to specifically fit the needs of each participant". *Equine-assisted psychotherapy* wat verwys na: "…horse activities (e.g., riding and vaulting) specifically designed to coordinate with the overall psychotherapeutic treatment of the patient", *Remedial educational riding and vaulting* verwys na die gebruik van perde in die behandeling van leerprobleme en *Hippotherapy* na die mediese gebruik van perde "…based on the transfer of movement from the horse to the client". Terapeutiese perdry is al so 'n gevestigde praktyk in die VSA dat die North American Riding for the Handicapped Association reeds meer as 550 sentrums bestuur waarby 30 000 ruiters, 1 100 instrukteurs, 25 000 vrywilligers, 600 gelisensiëerde terapeute en 4 000 terapieperde betrokke is (Becker, 1999:45).

Die waarde van terapeutiese perdry kan in drie hoofdimensies verdeel word, naamlik:

- die somatotrofiese effek met betrekking tot spastisiteit, ataksie, die vertebrale kolom, die basis van die pelvis en die vel, dus fisiese voordele;

- 'n algemene psigoterapeutiese effek met betrekking tot genot, verandering en die emosionele kontak met die geselskapsdier, opbou van selfvertroue en selfbeeld, bemagtiging en waagmoed; en

- sosiale voordele deur sosiale interaksie, omgewingsverandering en interpersoonlike verhoudings

(Barolin & Samborski, 1993:23; Exner, Engelmann, Lange & Wenck,1994:18 & Gehrke, Kaune & Urbat,1994:2; Graham, 1999:17).

Uit bogenoemde funksies van terapeutiese perdry, word die arbeidsterapeutiese- (byvoorbeeld verhoogde spiertonus, balans en tasstimulasie) en sielkundige waarde (onder andere verhoogde selfvertroue, sosiale interaksie, eiewaarde) daarvan ook beklemtoon. Brown & Tebay (1999:9-10) is van mening dat die span verder uitgebrei kan word om sodoende die geneesheer en remediërende onderwyser ook in te sluit. Die belangrikheid van multidissiplinêre samewerking, ter bevordering van 'n holistiese benadering tot die bereiking van behandelingsdoelwitte, word ook daardeur bevestig.

Vanweë die suksesse wat in praktyk behaal word, die ontwikkelings in dié veld en die wye toepassingswaarde daarvan, word terapeutiese perdry deur Brown & Tebay (1999:10) as 'n bona fide professie beskou. Die uitdagings wat daar tans bestaan is om onder andere minimum standaarde te stel vir die gebruik daarvan, geakkrediteerde opleidingsgeleenthede te bied, verdere navorsing te onderneem om die effektiwiteit daarvan te meet, en geleenthede vir gesprek tussen persone betrokke by die onderskeie dissiplines te skep.

2.9. GENEESKUNDE

Ontwikkeling op die gebied van die mediese wetenskap stel nuwe uitdagings aan die benutting van menslike potensiaal. Die realiteit van demografiese verskuiwings het tot gevolg dat die populasie langer leef en ook meer kundig is en hoër verwagtings het ten opsigte van lewenskwaliteit (Lapp, 1991:72). Die implikasie hiervan vir die hulpverlenende

professies is dat: "As helping professionals who are faced with the ever-rising cost of traditional health care, it is truly up to us to explore creatively and test new ways to enhance health in the ageing process" (Lapp, 1991:72). Die benutting van geselskapsdiere is een van hierdie kreatiewe maniere wat vir die afgelope twee dekades wetenskaplik getoets word om te bepaal in watter mate gesondheid daardeur bevorder word.

Die verwantskap tussen geselskapsdiereienaarskap en kardiovaskulêre gesondheid is die bekendste bydrae tot die studieveld vanuit die geneeskunde. Kardiovaskulêre siektes is die oorsaak van byna die helfte van alle sterftes in ontwikkelde lande en toon 'n toename in ontwikkelende lande. Patronek & Glickman (1993:27) stel die volgende hipotese: "...pet ownership, through its ability to positively influence psychosocial risk factors, results in a lowered risk of coronary heart disease and increased survival after a coronary event if it occurs, and that increased pet ownership would further reduce mortality from coronary heart disease". Genoemde skrywers grond hul hipotese op die feit dat psigososiale faktore soos angs, huwelikstatus en sosiale isolasie bydra tot die risiko's vir koronêre hartsiektes en die toename in bewyse dat mens–dierinteraksie psigologiese en fisiologiese verandering teweegbring, onder andere afname in bloeddruk en verligting van angs en spanning.

Moody, Fenwick & Blackshaw (1996:133) beklemtoon die individuele verskille tussen proefpersone en die rol wat persepsies, houdings en gedrag speel met betrekking tot kardiovaskulêre gesondheid. Friedmann & Thomas (1995:1-17) het egter bevind dat honde-eienaarskap kardiovaskulêre gesondheid bevorder ongeag enige ander sosiale ondersteuning en ongeag die graad van erns van die siekte. Dembicki & Anderson (1996:15-31) het meer spesifiek die gesondheidsvoordele van geselskapsdiere vir bejaardes ondersoek en bevind dat bejaardes met geselskapsdiere beduidend meer fisiese oefening kry en dat hul plasmatrigliseriedvlakke beduidend laer is as die van nie-eienaars van dieselfde ouderdomsgroep. Die gesondheidsvoordele wat mens–dierinteraksie vir bejaardes inhou is so beduidend dat daar in die VSA reeds 'n mediese skema is wat 'n verminderde premie vir hierdie groep geselskapsdiereienaars ingebou het (Becker, 1999:42). Die eerste mediese skema in Suid-Afrika wat die gesondheidsvoordele van geselskapsdiere erken het, en dit in Maart 2000 by hul pakket gevoeg het, is Medihelp. Mediese versekering word veel wyer geraak as net die voordele wat dit vir die mens inhou. Die gesondheid van geselskapsdiere is 'n hoë prioriteit vir eienaars en mediese versekering vir geselskapsdiere is 'n groeiende mark. Volgens 'n berig in *Anthrozoös,* News & Analysis (1996:117) is daar in 1996 in Brittanje £100 miljoen spandeer aan slegs sowat 5% van die land se geselskapsdiere en in Swede word 20% van die land se geselskapsdiere deur versekering gedek. In die VSA is op daardie stadium slegs sowat 75 000 van die 110 miljoen

geselskapsdiere gedek wat 'n baie klein segment van die mark is, alhoewel daar voorspel word dat die mark sal groei tot 'n $2 biljoen industrie.

Anderson, Reid & Jennings (1992:300) het in 'n ondersoek van 5 741 proefpersone bevind dat geselskapsdiereienaars se sistoliese bloeddruk en plasma triglyceride beduidend laer was as nie-eienaars. Beduidende laer cholesterol vlakke was teenwoordig by die mans, maar nie by die vrouens nie. Die sosio-ekonomiese profiel van geselskapsdiereienaars vs nie-eienaars in hierdie ondersoek het nie verskil nie. Siegel (1993:165) het bevind dat die proefpersone in haar ondersoek (bejaardes) beduidend minder besoeke aan die dokter gebring het en dat geselskapsdiere as buffer teen stresvolle gebeure gedien het. Hierdie bevindings is versterk deur die aard van die ondersoek waarin demografiese- en gesondheidsveranderlikes, asook lidmaatskap aan 'n mediese fonds konstant gehou is. Jennings, Reid, Christy, Jennings, Anderson & Dart (1998:161-162) bevestig laasgenoemde deur te verwys na 'n nasionale ondersoek wat in 1994 in Australië gedoen is en waarin bevind is dat "…dog and cat owners visited the doctor in the past year less frequently than nonowners and were less likely to be taking medication for heart problems, high blood pressure, high cholesterol, or sleeping difficulties".

'n Interessante formule vir die potensiële besparing van mediese onkoste word deur Jennings *et al.* (1998:169) vir Australië gestel:

Besparing op besoeke aan Algemene Praktisyns:

2.7 miljoen x 0.4 minder besoeke x $24.30 per besoek = $26.244 miljoen

Besparing op medisyne:

2.7 miljoen x 0,4 x 0,9 waarskynlikheid om 'n voorskrif te kry x $19.40 per voorskrif = $18.856 miljoen

Besparing op hospitalisasie:

2.7 miljoen x 0.4 x 0.033 waarskynlikheid om gehospitaliseer te word na 'n besoek aan 'n algemene praktisyn x $2.800 gemiddelde koste van 2-dag hospitalisering = $99.792 miljoen

Totaal: $144.892 miljoen

Enkele gevallestudies vanuit die geneeskunde het interessante inligting na vore gebring veral ten opsigte van die diagnosering en identifisering van siektetoestande. 'n Waarneming

is deur 'n pasiënt gemaak wat van 'n letsel aan haar bobeen bewus geraak het omdat haar hond, 'n Doberman-Border Collie, gedurig daaraan geruik het. Hierdie gedrag het vir etlike maande aangehou totdat die hond uiteindelik probeer het om dit af te byt. Na 'n mediese ondersoek is bevind dat dit 'n kwaadaardige melanoom was. 'n Hipotese is deur die dokters gemaak dat dit moontlik kan wees dat kwaadaardige tumore, vanweë hul afwykende proteïn samestelling, 'n reuk afskei wat maklik deur honde met hul kenmerkend goedontwikkelde rhinenkefalon opgespoor kan word (Williams & Pembroke, 1993 :5).

Geestesgesondheid maak 'n belangrike komponent van die gesondheidsorgbedryf uit. Na aanleiding van 'n ondersoek na 'seizure alert dogs' (Edney, 1993:5) is die suggestie gemaak dat geselskapsdiere nie net epileptiese aanvalle nie, maar ook ander akute aanvalle soos 'n hipoglemiese koma, koronêre hartaanval en selfs migraine aanvalle kan antisipeer. Behalwe in die geval van epilepsie (kyk Hfs. 3:3.6) is sover bekend nie verdere navorsingsresultate oor enige van bogenoemde verskynsels bekend nie. Die rol wat geselskapsdiere kan speel in die behandeling van pasiënte met Alzheimer is ondersoek in 'n studie deur Batson, McCabe, Baun & Wilson (1998:203-214). Hulle het bevind dat die gebruik van geselskapsdiere in die terapeutiese behandelingsprogram van hierdie pasiënte positiewe resultate gelewer het ten opsigte van sensoriese stimulasie, rolvervulling, gemak en kommunikasie: "Pet therapy appears to be a stimulus that matches the level of cognitive impairment for this group of individuals… It fills a basic need for communication as well as for physical contact" (Batson, McCabe, Baun & Wilson 1998:214). Positiewe interaksie met geselskapsdiere het ook gelei tot beter sosialisering en het 'n kalmerende effek op geïnstitusionaliseerde Alzheimerpasïente gehad tydens 'n ondersoek gedoen deur Fritz, Farver, Kass & Hart (1995:459-463).

Ten spyte van die gesondheidsvoordele wat geselskapsdiereienaarskap inhou, is die mediese professie traag om betrokke te raak by die ontwikkeling van die studieveld (Rowan, 1995:131). Die studieveld sou waarskynlik in die laaste dekade heelwat vinniger ontwikkel het as die gesondheidsprofessies sterker na vore getree het: "Medical interest in the benefits of human-animal interactions continues to be a major barrier to growth in the field of AAA/T. Although the pet industry promotes the health benefits of contacts with animals, this interest has not spread to the health care industry" (Hines & Fredrickson, 1998:35). Dieselfde kritiek teenoor die mediese professie word ook deur Beck & Meyers (1996:250) uitgespreek: "The veterinary community stands ready to be part of the human health research team, but for the most part is rarely asked to participate".

Die waarde van mens–dierinteraksie in die studie van hedendaagse menslike gesondheidsprobleme word onderskat. Beck & Meyers (1996:254) verwys na 'n aanbeveling wat reeds in 1987 ten opsigte hiervan gemaak is: "All future studies of human health should consider the presence or absence of a pet in the home and, perhaps, the nature of this relationship with the pet, as a significant variable. No future study of human health should be considered comprehensive if the animals with which they share their lives are not included".

Die ondersoek na die fisiologiese basis van positiewe mens–dierinteraksie deur Odendaal & Meintjes (1999:1-10) waarna in 2.7 verwys is, het waarskynlik die belangrikste implikasies vir die geneeskunde omdat die neuro-oordragstowwe wat hier ter sprake is positief verbind word met algemene welstand, hoër energievlakke, toename in gevoelens van vreugde, sosiale binding en -interaksie asook verligting van pyn. Becker (1999:42) voorspel dat die ontwikkeling van die studieveld wel eendag daartoe kan lei dat geneeshere geselskapsdiere as vorm van behandeling sal voorskryf. Positiewe mens–dierinteraksie is nie net behandelingsgeoriënteerd nie, maar kan ook op voorkomende vlak en as nasorg suksesvol aangewend word.

Terwyl die gesondheidsvoordele van mens–dierinteraksie duidelik blyk, kan die nadele nie uitgelaat word nie. Die potensiële gesondheidsrisiko's van oordraagbare siektes tussen mense en diere soos byvoorbeeld hondsdolheid, bakteriële infeksies veroorsaak deur bytwonde, toxocariases, toxoplasmose, asma en allergiëe moet ook in berekening gebring word. Volgens Swabe (1999:190) is die kanse dat 'n mens ernstig siek kan word van infeksies wat deur diere oorgedra word, danksy die ontwikkeling op die gebied van publieke gesondheid, 'n meer higiëniese lewenstyl en 'n toename in verantwoordelike geselskapsdiereienaarskap, egter skraal. Nogtans is dit nie 'n faktor wat buite rekening gelaat kan word in die implementering van mens–dierinteraksieprogramme nie.

2.10. JOERNALISTIEK

Die taak van die joernalis is om die publiek in te lig en op hoogte te hou van gebeure in die omgewing, hetsy in die onmiddellikke omgewing waarin hy hom bevind of die breër makrosisteem. Die joernalis gebruik verskillende mediums waardeur hy sy teikengehoor bereik en van dié mediums is onder andere gedrukte media (tydskrifte en koerante) en elektroniese media (radio, televisie en die rekenaar). Die joernalis beywer hom vir objektiwiteit (alhoewel objektiwiteit vanuit die gesigshoek van die skrywer of verteller altyd relatief is) en word mens–dierinteraksie in die media sowel positief as negatief aangebied.

Publisiteit word ook as een van die komponente van bemarkingskommunikasie gesien (kyk 2.5), maar word vir doeleindes van hierdie studie onder joernalistiek bespreek. Die hoofdoel van publisiteit is om deur middel van die massamedia die publiek in te lig en bewus te maak van die onderneming, sy produkte en dienste of om 'n spesifieke beeld van die onderneming of sy produk te vestig. Publisiteit is in teenstelling met reklame gewoonlik gratis (behalwe natuurlik vir die 'prys' wat moontlik betaal moet word vir negatiewe publisiteit asook die vergoeding van mediaverteenwoordigers). Die leeftyd of nuuswaardigheid van publisiteit is van korte duur en die onderneming het baie minder beheer oor die inhoud daarvan as byvoorbeeld in die geval van reklame (Van der Walt *et al*., 1996:391 & Jones, 1997(b):151). Publisiteit kan sowel positief as negatief inwerk op die beeld van die onderneming, produk of idee. Hieruit kan dus afgelei word dat die studieveld van mens–dierinteraksie bepaald beïnvloed kan word deur die beeld wat in die media daarvan geskets word.

Odendaal (1988:52) is van mening dat populêre tydskrifte en ander media byna net soveel dekking afstaan aan die rol van geselskapsdiere as aan mense se persoonlike lewens. Hierdie berigte handel gewoonlik oor besondere lojaliteit en toewyding van geselskapsdiere of dit beklemtoon die uiterstes waartoe eienaars sal gaan om hulle diere te bevoordeel. Negatiewe publisiteit met betrekking tot ernstige bytwonde deur honde toegedien, kry gewoonlik prominensie in die media (Jennens, 1992:188 & Podberscek, 1994:232). Dit blyk egter dat ernstige byte deur minder as 'n tiende van honde-eienaars gerapporteer is (Odendaal, 1988:217), maar dat met inagneming van die toename in geselskapsdiereienaarskap dit 'n potensiële probleem is wat wel in ag geneem behoort te word.

Oor die algemeen is die publiek van vandag danksy die media, baie meer ingelig oor wat in die wêreld aangaan. Jones (1996:72-79) is van mening dat die groter bewustheid van die behoeftes en vermoëns van diere primêr die resultaat is van mediadekking. Rolprente, koerant- en gewilde tydskrifartikels, advertensies en televisieprogramme het die beeld van geselskapsdiere as deel van die gesinsisteem in die laaste dekade al meer positief geskets. Veral rolprente en televisieprogramme het bygedra tot die opvoeding van mense ten opsigte van die emosionele, fisiese en psigiese behoeftes van diere. Alhoewel van hierdie uitbeeldings antropomorfies van aard is, help dit om mense, en veral kinders, bewus te maak van die verantwoordelikheid wat mense teenoor diere behoort te hê.

Deur die publiek in te lig, veral ten opsigte van diereverwaarlosing en –mishandeling, word openbare steun en daarmee saam openbare optrede verkry vir die daarstelling van

maatreëls in die vorm van wetgewing, munisipale ordonansies of minimum standaarde vir die beskerming van diere. In 'n studie gedoen deur Jones (1997(a):67-75) ten opsigte van mediadekking van diereregte aktivisme, het dit geblyk dat sedert 1990 daar 'n afname in sowel mediadekking van aktivistiese optrede as deelname aan aktiwiteite is. Die afname in mediadekking kan aan verskeie faktore gekoppel word onder andere afname in nuuswaardigheid ('If it doesn't bleed, it doesn't lead'), gebrek aan hulpbronne vir aktiviste groepe en die ontstaan van bewegings in teenreaksie op aktiviste groepe. Hierdie studie het slegs betrekking op gedrukte media gehad en die moontlikheid bestaan dus dat dekking deur middel van ander vorme van kommunikasie konstant gebly het of selfs toegeneem het. Die afname in nuuswaardigheid kan ook toegeskryf word aan die feit dat indien iets op 'n gereelde basis plaasvind, dit nie meer nuuswaardig is nie. Die afname in deelname aan aktiwiteite mag moontlik verband hou met die feit dat diereregtegroepe binne meer gespesialiseerde terreine begin groepeer het byvoorbeeld *People for the Ethical Treatment of Animals* (Cerio, 1994:6), die *Animal Liberation Front* (Tester, 1993:9), *Center for Animal Alternatives* (Anderson, 1994:5), die *Contemporary Animal Rights Movement* en die *Victorian anti-vivisectionist Movement* (Richards, 1994:7-8), die *Anti-Hunting Movement U.S* (Geer, 1994:25) om maar enkeles te noem. Diereregte-aktiviste is dus nie noodwendig minder betrokke nie, maar meer verspreid ten opsigte van die verskillende groeperinge waarvan elk waarskynlik 'n ander strategie met betrekking tot publisiteit volg. Swabe (1999:193) voorspel dat diereregtegroepe in die volgende eeu, soos wat die intensifering en diversivisering van uitbuiting van diere vir menslike behoeftes toeneem, ook sal toeneem.

Die boodskap van verantwoordelike geselskapsdiereienaarskap, doeltreffende omgewingsbestuur, die waarde van die mens–dierband en die regte ter sprake ten opsigte van alle partye betrokke by mens–dierinteraksie, kan op die mees effektiewe wyse aan die breë gemeenskap deur middel van die media gekommunikeer word.

2.11. KOMMUNIKASIEPATOLOGIE

Die primêre funksies van kommunikasiepatologie (spraakterapie) is die voorkoming en behandeling van kommunikasie afwykings; die identifikasie, ondersoek en diagnosering van afwykings en gemeenskapsopvoeding en konsultasie (Zvilavecz, 2000: Bylae 1). Spraakafwykings word deur Van Riper (1978:43) soos volg omskryf: "Speech is abnormal when it derives so far from the speech of other people that it calls attention to itself, interferes with communication, or causes the speaker or his listeners to be distressed". Effektiewe kommunikasie is dus 'n belangrike komponent in die opbou en instandhouding

van sinvolle verhoudings en is dikwels 'n struikelblok vir persone met beperkte verbale kommunikasievermoë. Die verhouding met 'n geselskapsdier is nie afhanklik van verbale kommunikasie nie en bied aan die persoon met 'n ernstige spraakgebrek geleentheid tot interaksie sonder die frustrasie en verleentheid wat andersins daarmee gepaard kan gaan.

Dit blyk dat geselskapsdiere hoofsaaklik 'n rol te speel het in die behandeling van kommunikasie-afwykings byvoorbeeld die aanleer van spraak, deur geselskapsdiere as stimulant of hulpmiddel te gebruik (Adams, 1997:53-56). Kommunikasie-afwykings kan egter ook lei tot emosionele en psigologiese stremminge as gevolg van die belewenis van isolasie, frustrasie en eensaamheid veral ten opsigte van persone met gehoorverlies. Odendaal (1988:93) is van mening dat, omdat doofheid nie 'n sigbare gestremdheid is nie, wek dit baie minder simpatie en word mense dikwels ongeduldig met gehoorgestremde persone. Die gebruik van seinhonde ('hearing dogs') kan deur hul interaksie met die gehoorgestremde en funksionele aktiwiteite help om in die spesifieke behoeftes van hierdie teikengroep te voorsien.

In 'n ondersoek gedoen deur Nathanson *et al*. (1997:97) as deel van hul Dolphin Human Therapy Program, is bevind dat die interaksie van fisies gestremde kinders met dolfyne as hulpmiddel in die terapeutiese proses benut kan word, omdat dit die motivering, aandagspan, spraak en taal van die kinders bevorder. Hierdie bevinding word bevestig deur 'n gevallestudie van Adams (1997:55-56). Adams het waargeneem dat die benutting van honde in die behandelingsprogram met 'n pasiënt wat beroerteskade opgedoen het, nie alleen haar gemotiveer het om weer te leer praat nie, maar ook sosiale interaksie en fisiese aktiwiteit gestimuleer het. Die pasiënt het ook meer geïnteresseerd geraak in haar omgewing en oor die algemeen 'n positiewer ingesteldheid ontwikkel met verloop van die terapeutiese program. Hume (1996:1-2) is van mening dat geselskapsdiergefasiliteerde terapie die volgende doelwitte kan bereik:

- Toename in stemvolume en asemkontrole;
- bevorder taalontwikkeling en uitspraak;
- bevorder geheue;
- benutting van toepaslike gebare;
- objek identifikasie;

- kategorisering van denke;
- verbale uitdrukking; en
- bevorder konsentrasie en aandagspan.

Die gebruik van geselskapsdiere in kommunikasiepatologie hang dus nou saam met die tipe pasiënt met wie daar gewerk word, asook die spesifieke terapeutiese doelwit wat bereik wil word. Geselskapsdiere kan as hulpmiddel in die terapeutiese program aangewend word, of as tussenganger tussen terapeut en pasiënt dien om die terapeutiese verhouding te bevorder.

2.12. KRIMINOLOGIE

Alhoewel die literatuur oorheers word deur navorsing oor die positiewe interaksie tussen mense en diere, word hierdie beeld nie altyd in die praktyk gereflekteer nie. Die media gee op hul beurt weer meer aandag aan negatiewe mens–dierinteraksie, en fokus veral op beserings wat deur mense (veral kinders) en diere opgedoen word as gevolg van hondbyte of dieremishandeling. Dieremishandeling en -verwaarlosing is binne die Suid-Afrikaanse regstelsel 'n kriminele oortreding, en word dus sodanig as verskynsel omskryf. Een so 'n studie is gedoen deur Vermeulen (1993:29) waarin 'n tipologie van die verskynsel gedoen is. Sy het dieremishandeling onderverdeel in fisiese mishandeling, wat verder verdeel word in aktiewe, passiewe en kommersiële mishandeling, en psigiese mishandeling wat net 'n onderskeid maak tussen aktiewe en passiewe mishandeling. Uit haar bevindings het dit geblyk dat dieremishandeling op 'n kontinuum plaasvind van minder ernstig tot baie ernstig en beïnvloed word deur sowel omgewings- en ekonomiese faktore as persoonlike faktore. Dit blyk voorts dat dieremishandeling die grense van kultuur en ekonomiese status oorkruis en dus nie noodwendig aan 'n spesifieke kliënteprofiel gekoppel kan word nie. 'n Ondersoek deur Agnew (1999:31) het weer bevind dat die verskynsel van geweld teenoor diere onder andere verband hou met persoonlikheidseienskappe, sosialisering, vlakke van stress, vlak van selfbeheersing of sosiale beheer en sosiale posisie of status.

Geweld as samelewingstendens kan nie in isolasie gesien word nie. Hierdie stelling word bevestig deur studies wat dui op 'n korrelasie tussen gesinsgeweld en geweld teenoor diere (Hepner, 1994:89). Die tema van 'n konferensie gehou in 1992 deur die *American Humane*

Association, 'Protecting children and animals: agenda for a non-violent future' asook 'n seminaar gehou deur die Toledo Humane Society in 1993 getiteld 'Child and animal abuse prevention', ondersteun hierdie hipotese (Arkow, 1992:518-521 en Arkow, 1994:1004-1007). Kindermishandeling en geweld teenoor diere is kriminele oortredings en word deur Arkow (1994:1004) beskryf as: "...symptoms of disturbed individuals and dysfunctional families, and predictors of repetitive social violence that may escalate in range and severity". Hy gaan voort deur die noodsaaklikheid van interdissiplinêre samewerking in die stryd teen hierdie vorm van misdaad te bepleit: "To date, compartmentalized interventions apparently have not worked to stem the rising tide of social violence and an interdisciplinary approach may be more efficacious". Boat (1995:232) bevestig die waarde van kruisopleiding en -toetrede in die hantering en voorkoming van misdaad teen kinders en diere en wys op die verantwoordelikheid van elk van die dissiplines betrokke, om deel te hê aan 'n gesamentlike strategie in dié verband.

Die gebruik van diere, veral honde en perde, in die bekamping van misdaad is ook bekend. Veral polisiehonde speel 'n baie belangrike rol in die stryd teen misdaad in Suid-Afrika. Na wat berig word (Beeld, 23 Junie 2000) is 25 000 verdagtes in die eerste drie maande van 2000 met behulp van polisiehonde in hegtenis geneem. Hierdie honde het bygedra tot die opsporing van 868 gesteelde voertuie, gesteelde goedere ter waarde van meer as R116 miljoen en 76 onwettige vuurwapens. Hulle het verder gehelp in die verwydering van 7 643,7 kg dagga, 171 431 kg kokaïen en 1 932 kg heröien van die straatmark af, en meer as 4 000 Mandrax-tablette het, te danke aan polisiehonde, nie hul eindbestemming bereik nie. Meer as 7 000 voorvalle waar honde plofstof uitgewys het, is in dié tydperk aangemeld.

'n Verdere toepassingsgebied van mens–dierinteraksie binne hierdie dissipline het te make met rehabilitasieprogramme in gevangenisse waarin geselskapsdiere doelgerig benut word. Die doel, waarde en implementering van hierdie programme word volledig in die volgende hoofstuk onder die tema 'Korrektiewe Dienste' (punt 3.4) bespreek. 'n Holistiese benadering tot misdaadvoorkoming vra dat alle moontlike rolspelers, programme en hulpbronne op 'n innoverende wyse geïntegreer word in die proses van intervensie. Intervensie sluit al die interaktiewe prosesse om misdaad te bekamp, naamlik voorkoming, rehabilitasie en reïntegrasie in. Die benutting van mens–dierinteraksieprogramme binne Korrektiewe Dienste word as een van die intervensiestrategieë geïdentifiseer.

2.13. KUNS

Kuns is die besondere vermoë om as gevolg van die ingebore skoonheidsdrang van die mens iets tot stand te bring, 'n vermoë om wat in die gees lewe op so 'n wyse tot uitdrukking te bring dat dit ontroer en meeskep (HAT, 1988:625). Kuns word in verskillende mediums uitgedruk, onder andere die skone kunste, filmkuns, musiek, beeldende kuns, boukuns, uitvoerende kuns en verhaalkuns.

Uit die kunsgeskiedenis kan ons meer te wete kom van die ontstaan en ontwikkeling van die mens–dierband en die teenstellende waardes wat aan hierdie verhouding gekoppel is. Voorbeelde hiervan word deur Cohen (1994:59-80) bespreek, onder andere klipgraverings wat terugdateer tot 1900 vC en wat die mens se dominansie oor die diereryk uitbeeld, uitbeeldings van diere wat as gode aanbid is, die hond en slang as simbole van genesing, sketse van diere wat verhoor word en illustrasies van wreedheid teenoor diere en hoe dit verband hou met wreedheid teenoor mense. Brion (1959:9-10) en Midgley (1994:191) wys daarop dat in uitbeeldings van mense en diere in kunswerke vanuit die Paleolitiese tydperk daar afgelei kan word dat groter waarde aan diere as aan mense geheg is. Midgley (1994:191) maak die volgende waarneming: "…human figures that do appear in these paintings seem marginal. They are just casual sketches, standard matchstick-men. All the real interest, all the fire and vigour, goes into the animals. And for a very long time it continued to do so in later forms of art". Dieselfde waarneming word deur Ruether (1993:13) gemaak met betrekking tot kuns uit die Ystydperk: "This suggests that the murals express much more of a mystic identification between humans and animals rather than a strategy for killing them". (Vergelyk ook Mithen, 1999:199.) Brion (1959:15) sê dat: "Prehistoric art is suffused with love of form, of life and of the animal… a sort of spiritual brotherhood between man and animal". Dieselfde word gesê van Egiptiese kunswerke: "…there was an extremely rich animal art because the Egyptians instinctively loved animals and because the latter occupied a preponderant place in funerary art which was, in fact, the real cornerstone of Egyptian aestheticism" (1959:15).

Die mens se betrokkenheid by die gesondheid van diere word ook in kunswerke wat dateer uit antieke Egipte, uitgebeeld. Hierdie werke wat op Kahun papirus gedoen is, beeld meestal die mens se ingrype by die geboorteprosesse van diere uit (Swabe, 1999:72). Die motief was dus waarskynlik eerder ekonomies gedrewe as emosioneel.

MacDonogh (1996:42) gee voorbeelde van die omvangryke gebruik van dieremetafoor in die tyd van die Franse Revolusie: "These metaphors are steeped in the folklore of eighteenth-century France; in the fairy-stories of Perrault and Grimm, compendia of tales passed orally across the centuries, it is these same animals that are anathematised". In dieselfde artikel is afdrukke van skilderye van Louis XVI en Marie-Antoinette en hul kinders in pre-revolusionêre tye waarin die interaksie met geselskapsdiere prominent is. Die verhouding tussen die jong kroonprins en geselskapsdiere wat in die skilderye uitgebeeld word, word soos volg bespreek: "At the Tuileries in 1792 he took care of the aviary and of the ducks in the pond; he also raised rabbits. At the Temple in 1793, in response to the boy's entreaties, one of the towers was transformed into a pigeonry and his goaler, Simon, had a birdcage built in one of the window-recesses…" en die byskrif by 'n skildery van 'n Border Kollie lui: "Faithful friend: the last companion of the Dauphin and, according to Lenotre, the biographer of his sister… presented to her by his guards after his death/disappearance in 1795" (MacDonogh, 1996:42).

Uit kunswerke van verskillende era's leer ons dus nie net die waarde wat mense aan diere geheg het nie, maar ook meer oor verskillende kulture en hul gebruike. Voorbeelde uit die Griekse tyd, waar diere in kuns uitgebeeld word met 'n spiritualistiese konnotasie; die Romantiese tydperk wat gekenmerk was deur diere as deel van 'n fantasiewêreld en deel van die bourgeois; die Renaissanse wat gekenmerk was deur jag, perdry en intensiewe teel van honde; die Baroktydperk wat 'n meer dramatiese realisme en tragiek in sages rondom mens en dier uitgebeeld het; en die Realisme wat diere in hul natuurlike omgewing, maar ook as deel van die lief en leed van die mens uitgebeeld het, word deur Brion (1959:45-132) met behulp van pragtige afdrukke toegelig. Nog 'n sprekende voorbeeld van die waarde wat aan diere geheg is, kom uit die tydperk 1857-1861. In hierdie olieverfskildery deur Jean-Francois Millet, word 'n babakalfie deur twee mense op 'n draagbaar van hout en strooi die erf ingedra. Dié werk is getiteld: 'Bringing home the newborn'. Van Gogh het blykbaar oor hierdie skildery die volgende gesê: "…so powerful as to make me tremble" (Animal Voice, 2000:7).

Uitbeeldings van mens–dierinteraksie vind ons ook in die vorm van dans, en veral rituele danse. Brion (1959:10) is van mening dat die oorsprong van kuns hierin te vind is: "What is certain is that at the very root and origin of art, springing perhaps from the chance graffiti in which man found that he could imitate the shape of an animal, and from the dance which was, we think, the first form of imitation, there was a belief that in imitating a creature man could, by following a specified ritual, gain power over that creature".

Vandag nog is die nabootsing van diere in die vorm van dans 'n gewilde kunsvorm. Hierdeur leer ons nie net meer omtrent die mens–dierband nie, maar ook iets meer van die leefwêreld van diere wat ons in staat stel om hierdie leefwêreld te betree. Die blyspel Cats, gebasseer op die boek Old Possum's book of practical cats, deur T.S.Eliot, word sedert 1981 in vol teaters regoor die wêreld opgevoer. Cats is 'n musiekblyspel met die langste verhooglewe in die geskiedenis van musiekblyspele.

Skryfkuns bied ook die geleentheid om mens–dierinteraksie te bevorder. Populêre literatuur oor diere en mens–dierinteraksie, stel die mens bekend aan die leefwêreld van diere, en verhale van uitsonderlike verhoudings tussen mense en diere bied aan die leser 'n blik op die waarde van die mens–dierband. Jackson (1998:24) bied 'n kort oorsig oor literatuur wat sedert die 5e eeu uit die pen van onder andere Shakespeare, Chaucer, Mark Twain, John Steinbeck, Emily Brontë, Elizabeth Barrett Browning en Samuel Butler verskyn het. Enkele voorbeelde van kinderliteratuur waarin positiewe mens–dierinteraksie pragtig uitgebeeld word is *Charlotte's Web* (White, 1952:1-175), *Goosie's Story* (Van der Merwe, 1995:1-40) en *Heroes and Lionhearts* (Van der Merwe, 1996:1-54). Deur middel van digkuns word die mens–dierband op 'n besondere wyse uitgebeeld. Die volgende gedig deur Mark Cox (bron onbekend), oor die verlies van 'n geselskapsdier, spreek vanself:

"Solitude is a cold pear I eat
in the dark, knowing
that were my dog here,
he would wake near the bed
and wait patiently for me
to remove the stem
and hand down the core.

I might hear him licking there,
for an hour or more.
The taste forgotten, then remembered,
in the grain of the floor."

2.14. MAATSKAPLIKE WERK

Die rol wat geselskapsdiere in die onderskeie diensterreine van maatskaplike werk vervul word in Hoofstuk 3 bespreek. Maatskaplike Werk as dissipline word uitgesonder vanweë sy besondere multidissiplinêre aard. Elk van die diensterreine in maatskaplike werk kan, ten opsigte van die studieveld mens–dierinteraksie, aan een of meer van die ander geïdentifiseerde dissiplines gekoppel word.

2.15. OPVOEDKUNDE

Die opvoedkundige speel 'n belangrike rol in die bevordering van 'n positiewe mens–dierband deurdat hy/sy formeel en direk toegang tot die onderrig en ontwikkeling van die kind het. Die opvoedkundige dra kennis van die kognitiewe-, affektiewe- en sosiale ontwikkelingsfases van die kind en kan deur die oordra van kennis en aanleer van vaardighede die regte gesindheid teenoor geselskapsdiere kweek. Geselskapsdiere kan 'n middel wees waardeur belangrike waardes en norme aan kinders geleer word. Voorbeelde wat deur Odendaal (1988:97) genoem word, is dissipline, sagtheid, verantwoordelikheid, begrip vir siekte of beserings, geduld, nuuskierigheid, spelerigheid, lojaliteit en liefde.

Geselskapsdiere as studietema in die kurrikulum van veral pre-primêre en primêre skole kan die volgende voordele inhou:

- dit ontwikkel by kinders 'n bewustheid van diere se behoeftes;
- dit ontwikkel 'n gevoel vir verantwoordelikheid en sorg;
- dit kan dien as onderwerp vir wetenskaplike studies en projekte;
- dit kan dien as stimulus vir leerlinge in 'n remediërende onderwysprogram;
- kennis oor verskillende spesies kan ontwikkel word;
- dit stimuleer waarneming;

- om tegnieke te leer om met diere te werk;
- dit stimuleer buite aktiwiteite en konstruktiewe tydverdryf;
- om natuurwette en verskynsels te leer ken;
- dit stimuleer verbeeldingryke spel;
- veral in stedelike gebiede bied dit kontak met die natuur;
- dit bied geleentheid vir opvoeding ten opsigte van natuurlike gebeure soos geboorte en dood;
- dit bevorder selfvertroue en selfbeeld;
- dit bied geleentheid vir leierskapsontwikkeling;
- om huisaktiwiteite en stokperdjies by skoolwerk in te skakel;
- dit bevorder sosiale interaksie;
- bevorder respek en empatie teenoor sowel mense as diere.

(Vergelyk Ascione, 1992:176-191; Bergesen, 1989 en Odendaal, 1988:102-104.)

Die gebruik van geselskapsdiere in formele onderwys is ‘n geleentheid om veral vir die stadskind wat weens sy omstandighede tuis nie met diere kontak maak nie die blootstelling te gee (Odendaal, 1988:107) en bied ook die geleentheid om positiewe houdings ten opsigte van geselskapsdiere te kweek. Leergeleenthede moet egter doelbewus geskep word en wel in ooreenstemming met die opvoedkundige vlak van die kind. Die jong kind sal byvoorbeeld die gedrag en voorkoms van diere in antropomorfiese terme beskryf omdat hulle nog nie kan onderskei dat daar ander lewende wesens as hulself is nie. Op die ouderdom van ongeveer tien jaar kan die onderskeid tussen mense en diere begin tref word en word diere vanuit ‘n biologiese perspektief beskou (Tunnicliffe, 1994:9). Leermetodes en leermateriaal moet egter relevant wees ten opsigte van die leefwêreld en ervarings van die kind (Nicolson & Podberscek, 1994:5).

Paul & Serpell (1994:13) wys op die waarde van interdissiplinêre samewerking tussen die sielkundige en opvoedkundige in die opvoedingsproses: ”Knowledge of the experiences that underlie existing variation in humane attitudes will greatly assist the development of more effective humane education programmes in future”. Bevindinge uit ‘n ondersoek gedoen deur Hills (1995:141) dui daarop dat deur in die opvoedingsproses groter klem te lê op die kognitiewe belewenisse van diere, ‘n groter mate van empatie teenoor diere ontwikkel word. Sy beveel aan dat “Educational programs perhaps should focus relatively less on biological and ecological facts, and relatively more upon what we have learned about animal behaviour and social organization”.

Opvoeding vind ook nie alleen in die formele onderwys plaas nie. Die opvoedkundige rol wat die gesinsisteem speel word al meer in die moderne samelewing beklemtoon. Reeds in 1975 het Boris Levinson (Odendaal, 1988:105) die opvoedkundige rol van geselskapsdiere tuis uitgelig. Die volgende voordele is genoem:

- die versorging en hantering van diere bied voorbereiding tot ouerskap;
- deur onbekende situasies saam met die dier te ervaar verminder vrees en onsekerheid;
- verbeeldingryke spel met die dier bevorder realiteitsoriëntering;
- probleme en emosies kan saam met die dier as vertroulike metgesel ervaar word;
- die dier kan dien as substituut in ‘n enkelouergesin;
- dit bevorder verantwoordelikheidsin;
- positiewe identifisering met seksualiteit;
- die kind leer om vrese te oorkom teenoor diere en die natuur; en
- die afsterwe van ‘n geselskapsdier kan konstruktief benut word om die kind voor te berei op soortgelyke ondervindings later.

Onverantwoordelike geselskapsdiereienaarskap is die enkel grootste negatiewe gevolg van mens–dierinteraksie. Hierdie aspek raak nie alleen dierewelsyn nie, maar ook publieke gesondheidsorg en omgewingsbestuur. Voorkomende intervensie gerig op kinders is die

beste strategie in die bekamping van die probleem. Die opvoedkundige is die belangrikste rolspeler wat formeel toegang tot die kind het en 'n bydrae kan lewer om die basiese beginsels van verantwoordelike geselskapsdiereienaarskap oor te dra. Hindle (1992:14) en Jennens (1992:180) stel die volgende as temas vir opvoeding voor:

- die mees geskikte geselskapsdier om by die eienaar se lewenstyl en finansies te pas;
- behoeftes en gewoontes van die spesifieke dier en hoe om daaraan te voldoen;
- wetlike vereistes en implikasies van geselskapsdiereienaarskap;
- korrekte voeding, behuising, oefening en versorging;
- voorkomende gesondheidsorg vir sowel mens as dier;
- optrede tydens siekte en ongelukke;
- verantwoordelikheid ten tye van afwesigheid van die eienaar;
- sterilisasie of verantwoordelike teelprogramme;
- kontrole oor die vrye beweging van diere om fauna te beskerm; en
- opleiding van diere vir stimulasie en gehoorsaamheid.

Die voorkoming van hondebyt en optrede indien dit wel gebeur, asook die beheer van diere om steurnis te voorkom kan by hierdie lys gevoeg word. Hierdie temas is van so 'n aard dat dit met die nodige kreatiwiteit geïntegreer kan word by die bestaande uitkomste van vakke soos biologie, lewensoriëntering en gesondheidsopvoeding sonder om 'n ekstra lading op die kurrikulum te plaas.

Storieboeke is 'n waardevolle hulpmiddel in die ontwikkelingsproses van die kind. Positiewe mens–dierinteraksie kan veral deur middel van stories bevorder word. Die boek *Charlotte's Web* (1952) is 'n pragtige voorbeeld van 'n mens–dierinteraksie verhaal waarin empatie vir diere bevorder word, woordeskat uitgebrei word en kennis oor plaasdiere in hul natuurlike habitat uitgebrei word. McCrindle & Odendaal (1994:145) is van mening dat die kind se beeld van 'n veearts, versorging van geselskapsdiere, empatie vir diere, belangstelling in die

natuur en bewaring, kennis van dieregedrag, kennis van soölogie, teel van diere en die nuttigheidsrol van diere deur middel van storieboeke bevorder kan word. Terselfdertyd kan negatiewe interaksies voorkom word deur leerders se kennis van oordraagbare siektes te verhoog en hulle toe te rus oor hoe om aanvalle deur diere te voorkom en wreedheid teenoor diere te bekamp.

Die rol van die onderwyser in die morele ontwikkeling van die kind is baie belangrik. Etiese vrae fokus nie alleen op die verantwoordelikheid van mense teenoor hul eie diere en natuurbewaring nie, maar in die (veral Biologie-) klaskamer, op die gebruik van diere vir eksperimentele navorsing. Die onderwyser as rolmodel moet eerstens duidelikheid kry oor sy/haar eie houding ten opsigte van vrae soos: Watter leerdoelwitte wil bereik word? Is dit aanvaarbaar om diere te gebruik om feite te leer wat reeds bekend is? Is dit aanvaarbaar om diere te gebruik tot voordeel van ander? Is daar alternatiewe om dieselfde leermateriaal oor te dra? Hoe effektief is sulke alternatiewe? Oop debat oor hierdie aspekte op sowel sekondêre as tersiêre vlak behoort formeel deel van die kurrikulum te wees. (Vergelyk ook Einstein, 1995:60 en Hepner,1994:97-111.) Snook (1995:75) sluit hierby aan en sê dat respek vir diere by jong mense gekweek moet word. Jong mense en onderwysers moet op hoogte wees van die etiese vrae rondom die gebruik van diere en moet ook ingelig word oor die feit dat diere soms op onetiese wyses misbruik word tot voordeel van die mens. Die Humane Education Trust (Van der Merwe, 2000(a): 2-4) speel in Suid-Afrika 'n leidende rol ten opsigte van opleidingsprogramme en -materiaal om positiewe mens–dierinteraksie by die skoolgaande kind te bevorder.

2.16. PSIGIATRIE

Psigiatrie is 'n vertakking van geneeskunde en het te make met die bestudering, behandeling en voorkoming van geestessiektes ('mental illness') (Miller & Keane, 1978:837). Die rol van die psigiater word deur Thackeray, Farley & Skidmore (1994:12) beskryf as: "…the treatment of illness and the medical model… stress on intrapersonal dynamics… handling unconscious motivation and related factors".

Geestesongesteldheid, geestelike versteurings en psigiatriese siektes is verskeie benaminge vir dieselfde toestand en sluit onder andere in depressie, angsversteurings, gemoedsversteurings en versteurings van denke en gedrag. Daar word gereken dat 3 uit elke 100 mense in die samelewing geestesongesteld is (Witskrif vir Welsyn, 1997:79). Die bevordering van geestesgesondheid is egter onlosmaaklik deel van die verantwoordelikheid

van die psigiatriese span en behoort by hierdie omskrywing ingereken te word. Die Witskrif vir Welsyn (1997:79) verwys na geestesgesondheid as: "…the total well-being of the individual, that is physical and psychological health as well as healthy functioning".

Een voorbeeld wat in hierdie afdeling wel uitgelig kan word, het te make met geweld as samelewingsverskynsel. In Suid-Afrika word daar tans van 'n kultuur van geweld gepraat. Die implikasies van geweld op die samelewing val nie alleen op die terrein van die kriminologie, sielkunde en maatskaplike werk nie, maar veral ook op dié van psigiatrie. Geweld teenoor vroue en kinders in Suid-Afrika is van die hoogste in die wêreld en neem steeds toe. Die verband tussen gesinsgeweld en geweld teenoor diere (Arkow, 1992:518-521 & Arkow, 1994:1004-1007) hou belangrike implikasies in vir die bevordering van positiewe mens–dierinteraksie. In 1987 is wreedheid teenoor diere deur die American Association's Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders [DSM-III-R] by die kriteria vir diagnose van gedragsafwykings ingesluit en weer erken in die DSM-IV (Ascione, Thompson & Black, 1997:170). Wreedheid teenoor diere word nie alleen positief gekoppel aan gesinsgeweld nie, maar ook aan die geskiedenis en persoonlikheid van reeksmoordenaars. Insidente van wreedheid teenoor diere kan dus help in die assessering en samestelling van 'n persoonlikheidsprofiel van 'n oortreder. Die motiewe vir wreedheid teenoor diere sal verskil afhangende van die algemene geestesgesondheid, historiese agtergrond, persoonlikheidsamestelling en huidige omstandighede van 'n persoon, maar kan die volgende insluit: om beheer en mag uit te oefen, om te vergeld, om vooroordeel teenoor 'n spesifieke spesie of ras te bevredig, om wreedheid en aggressie by die dier te stimuleer, om ander te beïndruk met die vermoë of kapasiteit tot wreedheid, om te skok en 'to get even' – dit wil sê verplaasde aggressie of sadisme (Arkow, 1992:519).

Die verband tussen wreedheid teenoor diere en geweld teenoor mense is nie 'n 'nuwe' samelewingstendens nie. Reeds in die Ou Testament, is hierdie verband uitgewys en ook verwerp: "Simeon en Levi is die een soos die ander: altyd gereed vir geweld. Aan hulle beraadslagings wil ek geen deel hê nie, in hulle vergaderings wil ek nie kom nie, want koelbloedig het hulle mense vermoor, roekeloos het hulle diere mishandel. Die straf van God sal hulle tref oor hulle geweldpleging, hulle onbeteuelde drif..." (Genesis 49:5,6&7). Geweld en aggressie word dus beskou as onbeheersde emosionele betrokkenheid van die mens in sy situasie.

Vanweë die noue samewerking tussen die psigiater, sielkundige, psigiatriese verpleegkundige en psigiatriese maatskaplike werker is dit moeilik om ten opsigte van die mens–dierband die rolle duidelik te onderskei. Die rol wat mens–dierinteraksieprogramme in

die hantering van geestesgesondheid speel word dus ook in Afdelings 2.20 (Sielkunde) en 2.25 (Verpleegkunde) en in Hoofstuk 3 Afdeling 3.8 (Geestesgesondheid) bespreek.

2.17. PUBLIEKE GESONDHEID

Publieke gesondheid word deur King (1999:60) soos volg gedefiniëer: "…a discipline which includes the many activities performed by all individuals or groups involved in any aspect of health care, in an attempt to assist the community with the prevention or reduction of disease occurrence, and by so doing to increase the health and well-being of the population as a whole". Publieke gesondheidsorg fokus veral op pogings om 'n gesonde omgewing te verseker deur onder andere sanitasie, beheer van oordraagbare siektes, opvoeding in persoonlike higiëne, vroeë identifisering en voorkoming van siektes, en om minimum standaarde daar te stel vir die instandhouding van gesondheid (King, 1999:59).

Die fokus van publieke gesondheidsorg is op primêre gesondheid en 'n gesonde lewenstyl en lewensomstandighede. Beck & Meyers (1996:249) is van mening dat: "Preserving the bond between people and their animals, like encouraging good nutrition and exercise, appears to be in the best interests of those concerned with public health". Die mens–dierband hou risiko's in in terme van oordraagbare siektes. Om gesonde mens–dierinteraksie te bevorder is dit dus noodsaaklik dat kennis gedra word van epidemiese siektes soos hondsdolheid, die voorkoming van oordraagbare siektes deur inenting, algemene higiëne soos die voorkoming en behandeling van wurms en parasiete, korrekte voeding van sowel mense as diere, asook verantwoordelike babasorg.

Die risiko's verbonde aan oordraagbare siektes vir sowel mense as diere moet ten alle tye gemonitor word, veral as geselskapsdiere al meer in gesondheidsorg aangewend word: "As animals visit more medically fragile people, the risk of infection and injury grows. At the same time, exposing animals to resistant forms of human disease such as tuberculosis and some forms of staphylococcus could pose a risk to the animals" (Hines & Fredrickson, 1998:35). Teikengroepe vir mens–dierinteraksieprogramme is egter nie die enigste hoë risiko populasies nie. Die wêreldwye toename in geselskapsdiereienaarskap asook verstedeliking verhoog die risiko van oordraagbare siektes. Onverantwoordelike geselskapsdier-eienaarskap en geselskapsdiere in ekonomies gestremde gemeenskappe dra verder by tot die probleem. Samewerking tussen die veearts en publieke gesondheidspesialis kan hierdie risiko aanspreek deur: "Veterinary care to manage bacterial, viral, and parasitic infections, mechanical restraints like leashes and cages,

selective breeding, responsible legislation, and owner education…." (Beck & Meyers, 1996:253). Ook Swabe (1999:112-113) beklemtoon die belangrikheid van samewerking tussen die veearts en publieke gesondheidspesialis in die voorkoming en behandeling van soönose. Baetz (1992:29) vat die voorkoming van soönose in die volgende intervensiestappe saam:

- bevorder voorkomende gesondheidsorg deur immunisering en ontwurming;
- verskaf voldoende advies rakende die risiko's van rondloperdiere;
- promosiestrategieë vir verantwoordelike geselskapsdiereienaarskap;
- moedig ouerbegeleiding en gemeenskapsopvoeding aan;
- verminder omgewingsbesoedeling deur strenger maatreëls; en
- dwing honderegistrasie en leibandreëls af.

Publieke gesondheidsorg is dus 'n multidissiplinêre aksie waarvan die sukses afhanklik is van die deelname, bydraes en samewerking tussen die spanlede.

Alhoewel soönose as een van die negatiewe faktore van mens–dierinteraksie geïdentifiseer is, blyk dit tog dat die omvang hiervan direk verband hou met die mate van verantwoordelikheid waarmee daar te werk gegaan word. Edney (1995:707) is van mening dat roetine higiëne maatreëls die risiko tot 'n baie groot mate kan uitskakel en dat: "It is much more likely that a small child will catch some infection from another small child than it will from its dog or cat". Die riglyne van die Wêreldgesondheidsorganisasie stel die volgende perspektief hierop: "Whilst irresponsible attitudes easily result in problems of surplus and straying animals, environmental pollution and an increased risk of zoonotic disease, companion animals which are properly cared for bring immense benefits to their owners and to society and are a danger to no one" (Edney, 1995:707).

Domestisering het ironies genoeg dus nie net bygedra tot die ontstaan en ontwikkeling van 'n positiewe mens–dierband nie, maar ook tot die negatiewe effek van mens–dierinteraksie. Swabe (1999:44) voorspel dat: "The growing intimacy between humans and other animals and increasing exploitation of animal resources, which ensued as a consequence of domestication, created a set of circumstances under which disease-causing microorganisms

could flourish and transfer to, and between, human populations on a scale never before possible". Met 'exploitation of animal resources' word nie net verwys na die gebruik van diere en diereprodukte vir ekonomiese waarde soos byvoorbeeld vervoer, voedsel en navorsing nie, maar ook die terapeutiese gebruik van geselskapsdiere en die aanhou van diere vir byvoorbeeld geselskap, vermaak, status en veiligheid.

Die ontwikkeling op die gebied van gesondheidsorg en spesifiek bakteriologie, patologie, parasitologie, immunologie en mikrobiologie, asook verskerpte maatreëls ten opsigte van onder andere die vervoer, verkoop en uitvoer/invoer van diere het in die laaste eeu die waarskynlikheid vir die oordra van siektes tot 'n groot mate beperk. Veranderings in mense se houdings ten opsigte van verantwoordelike geselskapsdiereienaarskap en algemene higiëne, dra verder by tot die beheer van die probleem (Swabe, 1999:143 & 191).

Die vlak van ontwikkeling van 'n gemeenskap hou onder andere verband met ekonomiese faktore. Ekonomiese faktore speel in die meeste gevalle die belangrikste rol in verantwoordelike geselskapsdiereienaarskap. Dit is baie moeilik om beheer- en voorkomingsmaatreëls ten opsigte van mens–dierinteraksie toe te pas of enigsins af te dwing in gemeenskappe waar daar nie eers na die welsyn van die mens omgesien kan word nie. In 'n studie gedoen deur Orihuela & Solano (1995:171) is bevind dat die hoë populasie van honde in Mexico 'n resultaat is van die lae koste verbonde aan honde-eienaarskap en die wyse waarop hulle aangehou word. Dit blyk dat wanneer verantwoordelike diere-eienaarskap nie 'n belangrike prioriteit is nie, dit die voorkoms van soönose negatief beïnvloed. Ekonomies gestremde gemeenskappe blyk een van die prioriteitsigroepe vir intervensie vir die publiekegesondheidswerker te wees.

2.18. REGTE

Die rol van die regsberoep ten opsigte van die mens–dierband dateer sover terug as die middeleeue. Diere was onderhewig aan dieselfde wetlike beheer en beskerming as mense omdat hulle as deel van die gesin beskou is. Dit was gebruik dat diere gearresteer, voor die hof gedaag en skuldig of onskuldig bevind kon word vir oortredings. Diere was selfs onderhewig aan die doodstraf, maar kon ook deur 'n regspersoon verteenwoordig word (Soave, 1997:5). Tot so onlangs as die 20e eeu kry ons voorbeelde van hofuitsprake teen diere. Soave (1997:7) gee die volgende voorbeelde hiervan: In 1916, in die VSA, is 'n sirkusolifant in die openbaar gehang omdat hy 'n man doodgetrap het. In 1924 (ook in die VSA) is 'n Labrador Retriever lewenslank tronk toe gestuur omdat hy die familiekat

doodgebyt het. Hy het in die selle saam met ander gevangenes gebly en is later aan ouderdom dood. In 1963 is duiwe wat banknote vanaf Griekeland en Egipte na Libië gesmokkel het ter dood veroordeel.

Die afgelope dekade toon 'n groter bewustheid van die mens ten opsigte van sy regte. Die toename in geselskapsdiereienaarskap het die toepassingswydte van hierdie aanspraak op regte verbreed (Hennessy, 1992:57). Die betrokkenheid van die regsberoep by geselskapsdiere en mens–dierinteraksie kom nie alleen ter sprake by die regte van diere en diere-eienaars nie, maar ook by verantwoordelike geselskapsdiereienaarskap en kontraktuele ooreenkomste tussen persone met betrekking tot geselskapsdiere.

Geselskapsdiere kan byvoorbeeld as begunstigdes in testamente benoem word of testamente kan spesifieke voorskrifte rakende die versorging of toekoms van diere bevat. Geselskapsdiere kan ook 'n sentrale rol speel in egskeidingsgedinge. 'n Nuusberig in *Antrozoös* (News & Analysis,1994:273) berig die volgende: "It has apparently become common for divorcing couples to sue for custody of their animals, with dogs often triggering the most ferocious custody disputes.....Although some judges are reluctant to become involved in such cases, others are willing to consider the best interest of the animal and negotiate custody arrangements, visitation rights, and monetary pet support". In 'n latere uitgawe van *Antrozoös (*News & Analysis, 1996:115) word berig dat vanaf 1996, in die staat van New York, selfs wettige trusts vir diere gestig kan word.

Die regte van diere word nie net bepleit deur diereregte-aktiviste nie. Die welsyn van geselskapsdiere in mens–dierinteraksieprogramme word ook beklemtoon. Een voorbeeld wat hier genoem kan word is die resultate verkry uit 'n ondersoek gedoen deur Frohoff & Packard (1995:50) oor die effek van mens–dierinteraksie op bottelneusdolfyne, waarin aanbeveel word dat hierdie navorsing uitgebrei word om, alvorens die programme verder uitgebrei word, regulasies vir die beheer daarvan in te stel. Turner (1996:28) stel voor dat die volgende riglyne wat reeds deur sommige organisasies gebruik word, verpligtend gemaak word:

- Die gebruik van geselskapsdiere vir terapie of ondersteuning, moet alleenlik oorweeg word as ander vorme van terapie of ondersteuning nie suksesvol was nie, of as daar 'n spesifieke rede is waarom juis geselskapsdiere vir die doel benut behoort te word.

- Slegs geselskapsdiere wat spesifiek vir die doel opgelei is, en wel deur middel van positiewe versterking as opleidingstegniek, en wat volgens die dier se spesifieke gedrag en behoeftes versorg word, mag gebruik word.

- Voorsorgmaatreëls om alle moontlike negatiewe effekte op die dier te voorkom moet in plek wees.

Bogenoemde riglyne kan verder uitgebrei word om geselskapsdiere wat vir sport en ontspanning gebruik word te beskerm. Hierdie vorm van mens–dierinteraksie neem, veral ten opsigte van valkejag, en honde- en perdesport, in gewildheid toe. 'n Toename in gewildheid bring ongelukkig ook 'n toename in kompetisie mee, wat risiko's inhou vir dierewelsyn. Beserings wat deur mense opgedoen word in die loop van 'n sport- of skoubyeenkoms waarby diere betrokke is, moet ook nie uit die oog verloor word nie. Die rol van die regspersoon in die hantering van deliktuele aanspreeklikheidsake word deur Labuschagne (2000:1) verduidelik: "Sportsoorte waarby diere betrokke is, word, in soverre dit die vraag na aanspreeklikheid vir beserings opgedoen betref, dikwels as afsonderlike kategorie aangemerk. Die rede wat hiervoor aangegee word, is die feit dat by diere deurgaans rekening gehou moet word met die moontlikheid van onvoorspelbare gedrag".

Binne die regstelsel word diere steeds as eiendom beskou en is eiendomsreg dus ter sprake. Volgens Francione (1995:114) impliseer eiendomsreg die volgende: "To say that an animal is property is to say that, as a matter of law, the animal has no value, or holds no interest, apart from the value accorded, or the interests recognized, by the individual property owner". Hoe wyd die implikasies van hierdie reg geïnterpreteer kan word is onseker. By wie het jy as 'eienaar' hierdie reg gekoop? Watter ander regte word ook in die proses geraak? (Francione, 1995:4, Clark, 1997:79 & Soave, 1997:140). Om regte te hê kanselleer nie regverdigheid, geregtigheid en verantwoordelikheid uit nie.

Die reg op diere-eienaarskap skep die volgende twee kritiese vrae: "...the right of one species to 'own' another, and the potential disadvantages to third parties of keeping companion animals... animals are not to be considered as owned 'property', but as 'subject', with certain rights, and to whom the people who look after them have legal responsibilities" (Turner, 1996:26). Verantwoordelike eienaarskap van geselskapsdiere impliseer dat: "...they are housed and cared for in a manner enabling them to satisfy **all** their biological and behavioral (including socio-psychological) needs, and kept in good health, free from stress, pain and disease...", en wat betref derdepartye: "...people have a right not to be unduly disturbed by animal emissions (particularly dog barking and faeces)" (Turner,1996:26-27).

Daar sal altyd 'n groep mense wees wat nie dieselfde sentiment vir diere, en veral geselskapsdiere, as diereliefhebbers het nie en hulle regte moet ook respekteer word (Mansfield, 1992:131). Dit is die verantwoordelikheid van geselskapsdiereienaars om toe te sien dat hul diere nie 'n steurnis vir ander is nie, maar dit is ook onredelik om 'n totale verbod op diere te plaas waar eienaars wel hul verantwoordelikheid nakom.

Die reg tot 'n gesonde omgewing is moeilik afdwingbaar. Net soos in die geval van rokers, is dit nie altyd prakties uitvoerbaar om diere weg te hou van mense met allergieë nie. Alhoewel dit minder as 5% van die populasie uitmaak, het mense wat allergiese reaksie het op diere, ook die reg om nie noodwendig kontak te maak nie. Hierdie implikasie moet veral in ag geneem word binne inrigtingsverband maar hoef ook nie onderling uitsluitend te wees nie: "...the residents' right to health and well being must, and can be considered while still providing the health and quality of life benefits to the majority which animal visitation or residency programmes provide" (Turner, 1996:27).

Die regte van diere-eienaars wat nie in privaatbehuising woon nie, raak almeer prominent. Reeds in 1995 is wetgewing deur die Huis van Verteenwoordiging in New York voorgelê wat geselskapsdiere in alle staatsgesubsidiëerde behuising vir bejaardes en gestremdes toelaat. Vorige wetgewing het bepaal dat dit slegs van toepassing is op behuising wat spesifiek vir bejaardes en gestremdes ontwerp is (*Antrozoös,* News & Analysis, 1995:180).

Wreedheid teenoor diere word in meeste, veral westerse samelewings, as 'n kriminele oortreding en in stryd met die aanvaarde waardes en norme beskou: "Cruelty appears to be an important concept in our cultural value-system and worldview. The prevention of cruelty is one of the foundations of Western ethics and morality, and is implicit in many aspects of our legal system" (Hills & Lalich, 1998:142). Konseptualisering van die begrip wreedheid word egter gekompliseer deur persepsieverskille wat hieroor bestaan. Een argument bevraagteken dit of wreedheid aan die omvang van die daad, of die toerekeningsvatbaarheid (byvoorbeeld onkunde) van die oortreder gekoppel kan word: "Factors such as awareness of being cruel and intention to be cruel can be argued to impact on judgements of the cruelty of the perpetrator, but do they also impact upon judgements of the cruelty of the act?" (Hills & Lalich, 1998:143).

Konsensus oor die humanitêre versorging en benutting van, en interaksie met diere hetsy in laboratoriums, op plase, in sirkusse, in dieretuine of as geselskapsdiere is onder andere afhanklik van die toetrede van die regsprofessie wat by magte is om regulasies, beleid en

riglyne vir gesonde implementering daar te stel (Kreger & Mench, 1995:150). Tannenbaum (1993:143) beskou egter die veearts bo enige van die ander lede van die span as die mees prominente rolspeler in hierdie saak: "…it is not – nor will it ever be – social scientists, biomedical researchers, philosophers, lawyers, or politicians who exercise the greatest influence over how animals are treated… it is a veterinarian who must advise upon, make or carry out critical decisions regarding animals". Dit is egter moeilik om die verantwoordelikheid sonder meer aan een dissipline te koppel. Natuurlik sal die veearts se kennis rondom onder andere dieregedrag en –gesondheid onmisbaar wees in byvoorbeeld 'n regsgeding, maar die veearts kan nie 'n uitspraak lewer of professionele mening lug oor die effek van 'n besluit op die welstand van die mens betrokke in die verhouding nie. Die veearts het ook nie noodwendig kennis van die inhoud van al die toepaslike wette ter sprake nie.

Selfs diegiene wat ontken dat diere enige morele of wetlike regte het (Baldwin, 1993:129 & Maehle, 1994:90), sal kan saamstem dat hul lyding, ongemak of pyn nie geregverdig kan word nie, doelbewus voorkom moet word, en dat opgetree moet word teenoor mense en instansies wat hierdie aktiwiteite in stand hou (Bowd & Shapiro, 1993:136; Clark, 1997:16 & Maehle, 1994:91). Alhoewel diere nie burgerskap in die gemeenskap het nie, is hulle 'n inherente deel daarvan en het die reg tot versorging en beskerming. Die implikasies van hierdie ruilverhouding word deur Clark (1997:29) beskryf: "They pay for those rights by the advantages we gain from them, and should certainly in natural justice be paid far more (or else pay far less). Some advantages we cannot seek from them without violating their rights as members of our society". Hierdie argument word ook deur Mercer (2000:2) aangevoer in sy beroep op die Suid-Afrikaanse regering vir die insluiting van 'n 'Compassionate Charter' in die konstitusie.

Dit is voor die hand liggend dat hier nie sprake kan wees van direkte monetêre vergoeding nie, maar vergoeding in die sin van hoë standaard versorging, empatie, beskerming teen wreedheid, verwaarlosing en uitbuiting. Die geleentheid tot optimale funksionering is wel moontlik en kan as die dier se reg beskou word. Om die omvang van die reg wat hier ter sprake is te bepaal, is nie so maklik nie. Die grense word verskuif op grond van elke persoon, groep of gemeenskap se geïndividualiseerde waardestelsel en verhouding tot diere. Volgens Opotow (1993:71) is die omvang van geregtigheid: "…the psychological boundary within which considerations of fairness and moral rules and values govern our conduct".

Diereregte is dus 'n relatiewe begrip wat aangepas word by die persepsies van die mense daarby betrokke, asook die situasie waarbinne dit ter sprake kom. Ongelukkig skep hierdie vaagheid in grense en definiëring die geleentheid tot misbruik van die beginsel deur alle groeperinge op die kontinuum, vanaf diereregte aktiviste tot blatante eksploiteerders van diere.

Binne die Suid-Afrikaanse regstelsel bestaan daar, benewens die provinsiale en munisipale ordonnansies en regulasies, ook die volgende wette wat met geselskapsdiere te make het:

- Animal Protection Act, 1962 (Wet 71 van 1962 soos gewysig in 1972, 1983, 1985 en 1991): Hierdie wet fokus op die voorkoming van en optrede teen wreedheid teenoor diere. Wreedheid in terme van hierdie wet omsluit 'n hele aantal situasies, *onder andere* fisiese geweld, verwaarlosing, oorwerk, nie beskerming teen die elemente van die natuur, opsluiting, beperking van beweging, ondervoeding, opleiding vir gevegte, manier van vervoer, vergiftiging en ignorering van siektes of beserings in;

- Performing Animals Protection Act, 1935 (Wet 24 van 1935): Hierdie wet bied beskerming aan diere wat aangehou word vir opleiding byvoorbeeld sekuriteitshonde en ander optredes byvoorbeeld diere in sirkusse en skoue;

- Animal Matters Amendment Act, 1993 (Wet 42 van 1993): Hierdie wet verbied die gebruik van diere vir dieregevegte en die aanhou van diere wat 'n potensiële gevaar vir mense inhou;

- Animal Diseases Act, 1984 (Wet 35 van 1984 soos gewysig in 1991): Deur hierdie wet word riglyne gebied vir die beheer en kontrole van dieresiektes en parasiete en vir die bevordering van dieregesondheid in die algemeen;

- Societies for the Prevention of Cruelty to Animals Act, 1993 (Wet 169 van 1993): Hierdie wet bemagtig die Nasionale Raad van Dierebeskermingsverenigings om as spreekbuis vir alle DBV's op te tree en om minimum standaarde van dienslewering ten opsigte van dierewelsyn te verseker;

- Animal Improvement Act, 1998 (Wet 62 van 1998): Hierdie wet het te make met die teel, identifisering en benutting van geneties superieure diere wat ten doel het om die produksie en prestasie van spesifieke rasse te bevorder.

(Vergelyk Dalton, Abrahams & Morkel, 1998:217-285.)

Hierdie wette en regulasies het ten doel om die regte van diere te beskerm, maar Francione (1995:114) sê dat: "…these laws simply serve to facilitate our use of a 'balancing' process to decide animal issues, but because these regulatory laws do not create rights, the entire balancing process is futile…such system provides only that level of protection that is consistent with facilitating the use of animals as means to human ends". Tog is daar in 'n studie bevind dat verskerpte optrede deur wetstoepassers tot gevolg gehad het dat daar 'n merkbare afname in aanmeldings van mishandeling, toename in dieregesondheid, toename in sterilisasies, minder dood en beseerde diere op paaie, afname in diere wat geskut word, afname in agterplaastelers en minder insidente van honde-aanvalle plaasgevind het (Hindle, 1992:16). Sy waarsku egter teen ooroptimisme: "Realistically though, it must be acknowledged and accepted that some people operate outside the parameters of conscience and morality; others have different cultural attitudes to animals or simply give animal welfare matters a low priority" (Hindle, 1992:17).

Jennens (1992:179) is van mening dat die teikengroep wat die grootste bedreiging vir dierewelsyn inhou, mense is wat nie oor die fisiese-, finansiële-, sosiale- of verstandelike vermoëns beskik om die verantwoordlikheid van eienaarskap te kan aanvaar nie. In ag genome die omvang van uitbuiting van diere vir ekonomiese voordele en tegnologiese ontwikkeling, soos deur Swabe (1999:Hoofstuk 7) bespreek, en Anderson (1995:1) en Smith (1995:21) voorspel, sou die skuld egter moeilik voor die deur van 'n spesifieke groep gelê kon word. Anderson (*op cit*) wys op die risiko daarvan dat die gebruik van diere vir veral biologiese navorsing, vanweë die groter mate van beheer in ontwikkelde lande, verskuif kan word na ontwikkelende lande wat nie oor die hulpbronne beskik om beheermaatreëls te implementeer nie.

Die rol van die regspersoon kom ten slotte ter sprake in die driehoeksverhouding tussen die geselskapsdier, sy eienaar en die veearts. Die veearts wat hom skuldig maak aan wanpraktyk of nalatigheid is afhanklik van die verteenwoordiging deur 'n regspersoon. Soave (1997:9) wys daarop dat in die VSA 'n toename in regsgedinge van hierdie aard is. Die redes hiervoor is 'n toename aan geselskapsdiereienaarskap, meer mense wat tot die regsberoep toetree, publieke sensitiwiteit en bewustheid van mense- en diereregte, asook dierewelsyn en 'n toename in wedywering tussen veeartse.

Dit blyk tot dusver dat die regspersoon 'n sleutelrol te vertolk het in die bevordering van positiewe mens–dierinteraksie. Die negatiewe element sal egter onwaarskynlik uitgewis kan word: "No matter how much positive education the community is exposed to, there will

always be an element of our society that is unresponsive to community pressures and that fails to conform to conventional and respected codes of behaviour when it comes to animal treatment and management" (Hindle, 1992:17).

2.19. SIELKUNDE

Sielkunde het, in kort gestel, te make met die bestudering, verklaring en hantering van menslike gedrag, emosies en kognitiewe prosesse. Wat die mens voel, dink en doen word in verhouding tot mekaar gestel. Faktore wat hierdie prossesse kan beïnvloed soos byvoorbeeld kulturele-, sosiale- of omgewingsfaktore word ook bestudeer. Thackeray, Farley & Skidmore (1994:13) stel dit dat die sielkundige se primêre doel is om gedragsverandering teweeg te bring. Alhoewel die sielkundige meerendeels fokus op die denke en gedrag van die individu, en die maatskaplike werker op die maatskaplike funksionering van die persoon in verhouding tot die sisteme waarbinne hy funksioneer, kan hulle rolle in die studieveld van mens–dierinteraksie nie altyd duidelik onderskei word nie. Daar sal noodwendig ooreenstemming en oorvleueling tussen hierdie twee afdelings (Hfs. 2:1.19 en Hfs. 3) voorkom.

Alhoewel van die volgende navorsingstudies in ander studievelde (byvoorbeeld psigiatrie) gedoen is, kan die waarde van geselskapsdiere vir die sielkunde onder andere uit die doelwitte wat vir enkele van hierdie studies wat vanaf 1972 tot 1986 deur Levinson, die Corson-egpaar, McCulloch, Beck & Katcher, Kell, McCurdy en Salmon *et al*. (Odendaal, 1988:64-71) gestel is, afgelei word:

- om geselskapsdiere as oorbruggingsvoorwerpe te laat dien in kommunikasie;
- onbedreigde kontak tussen 'n kinderpasiënt en geselskapsdier te bewerkstellig en daardeur die kind in beheer te plaas;
- om sielkundige grense af te breek;
- nie-verbale kommunikasie van en tussen pasiënte te verbeter;
- selfvertroue te stimuleer;
- realiteitsoriëntering;

- om oormatige afhanklikheid van psigotrofiese middels te probeer verminder;
- om kriteria vas te stel vir die hantering van kroniese siekte of gestremdheid, isolasie en eensaamheid, gevoelens van hulpeloosheid en hopeloosheid, lae selfbeeld en gebrek aan humor;
- om eensaamheid te verlig;
- versorgingsbehoeftes te bevredig;
- ledigheid teen te werk;
- ‘n voorwerp van aanraking en vertroeteling te wees;
- om die estetiese waarde van die dier te kan ervaar en geniet;
- om ‘n gevoel van veiligheid te gee;
- fisiese oefening te stimuleer;
- om deur middel van die sielkundige en fisiologiese effek van die positiewe kontak (visueel,verbaal,gevoel) met diere, spanning en opgewondenheid te verlig;
- hartlyers en hoë bloeddruklyers se lewe te help verleng;
- om op ‘n gekontroleerde wyse geselskap aan krities siek of gestremde pasiënte deur middel van kontak met diere te voorsien;
- die waarde van ‘n gelukbringerhond (‘mascot‘) as ‘n sosiale katalisator te bepaal; en
- die driehoekseffek wat die hond veroorsaak te evalueer byvoorbeeld as neutrale derde party.

Odendaal (1988:123) is van mening dat die kliniese sielkundige en die veearts saam behoort te werk in gevalle waar kliënte krisissituasies beleef met hulle geselskapsdiere. Omdat die veearts in ‘n noodgeval al sy/haar aandag aan die pasiënt moet gee, word die

nood van die kliënt nie altyd raakgesien nie. Die veearts is ook nie opgelei in die identifisering en hantering van menslike emosies en gedrag nie en bestaan die gevaar dat 'n verkeerde diagnose van die mens se reaksies gemaak kan word. Samewerking met die sielkundige of maatskaplike werker om hierdie tipe situasies te hanteer kan dus verdere trauma voorkom.

Sielkundiges spesialiseer ook in die samestelling van persoonlikheidsprofiele. Dit blyk dat geselskapsdiereienaarskap gekoppel kan word aan sekere persoonlikheidseienskappe. Hart (1993:151) verwys na 'n ondersoek waarin daar korrelasies getrek is tussen manlike vs vroulike kat- en hondeliefhebbers met betrekking tot persoonlikheidseienskappe soos outonomie, dominansie, versorging en aggressie. McNicholas & Collis (1998:184) verwys op hul beurt na die verband tussen geselskapsdiereienaarskap en die Tipe A persoonlikheid. Met die implementering van mens–dierinteraksieprogramme kan hierdie tipe inligting sinvol benut word tydens die passing van spesifieke behoeftes en probleme van mense met beskikbare modelle vir mens–dierinteraksieprogramme.

Die ontwikkeling en gebruik van meetinstrumente vir die assessering van spesifieke komponente van die mens–dierband en die bepaling van houdings en gedrag lewer 'n verdere belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die studieveld (Plous, 1993:45; Barofsky & Rowan, 1998:100). Die psigometris beskik oor hierdie spesialiskennis en behoort meer aktief betrek te word in die benutting van gestandaardiseerde meetinstrumente om onder andere houdings, gedrag en motiewe van mense in navorsing oor mens–dierinteraksie te meet.

Die sielkundige beskik oor die teoretiese vertrekpunte om etiese kwessies rakende die mens–dierband te beredeneer. Enkele voorbeelde hiervan is die teorieë rondom altruïsme, kognitiewe dissonansie, selfpersepsie prosesse, binnegroep superioriteit en buitegroep homogeniteit en ontmensliking (verdierliking), om maar enkeles te noem (Plous, 1993:45). Ook Bowd & Shapiro (1993:140) voel dat die sielkundige baie sterker op die voorgrond behoort te tree in die beïnvloeding van beleid met betrekking tot die beskerming van diere in die gebruik vir navorsing. Die opleiding van sielkundiges leen hom dus by uitstek daartoe om betrokke te raak by hierdie saak en studente behoort bewus gemaak te word van hul rol en verantwoordelikheid hieromtrent.

Die omgewingsielkundige se rol het sedert die middel sewentigs meer prominent geword. Volgens Stokols (1995:821-837) kan sekere tendense in die drie dekades sedertdien geïdentifiseer word, naamlik die ontwikkeling van teorieë, metodes en modelle om die

verband tussen die omgewing en gedrag te analiseer; die benutting van laasgenoemde om gemeenskapsprobleme en behoeftes aan te spreek; toenemende klem op kruisparadigma navorsing en die bestudering van die interaksie tussen groepe en omgewings. Hy is voorts van mening dat, gesien in die lig van wêreldwye omgewingsverandering, die toename in misdaad, die impak van nuwe inligtingstegnologie op werk- en familielewe, toenemende koste van gesondheidsorg en demografiese verskuiwings in ouderdom, groter klem geplaas moet word op multidissiplinêre navorsing en samewerking.

2.20. SOSIOLOGIE

Die studieveld van sosiologie betrek feitlik alles wat te make het met die mens as sosiale wese. Sosiologie is die studie van alle sisteme van sosiale interaksie en sluit onder andere die individu in die gemeenskap, patrone van sosiale lewe, sosiale instellings, die sosiale omgewing en sosiale veranderings in. Die sosioloog poog dus om 'n sistematiese en objektiewe studie van die sosiale gedrag en interaksies van individue, groepe, organisasies, kulture en gemeenskappe te maak (Kammeyer, Ritzer & Yetman, 1997:2). Popenoe, Cunningham & Boulf (1998:2) omskryf die doel van sosiologie soos volg: "...(it) enables us to look beyond our limited view of the world to society as a whole - the values and ideas shared by its members, the groups and institutions that compose it and the forces that change it". Volgens Thackeray, Farley & Skidmore (1994:12) is die sosioloog hoofsaaklik geïnteresseerd in *hoe, wanneer* en *waarom* mense sekere gedrag openbaar in hul interaksie met ander. Geselskapsdiere maak deel uit van hierdie interaksiepatrone en behoort vrae soos; hoe, wanneer en veral waarom mense met hul geselskapsdiere omgaan, vir die sosioloog van besondere belang te wees.

Die geskiedenis van die mens–dierband is vir die sosioloog van belang omdat domestisering te make het met die proses waarmee diere binne die grense van die mens se sosiale organisasie geïnkorporeer is. Domestisering het verrykende gevolge gehad vir die interafhanklikheid tussen mense en diere en het 'n herdefiniëring van die mens–dierband en herstrukturering van die sosiale gemeenskap tot gevolg gehad (Swabe, 1999:10). Die mens het afhanklik begin raak van diere vir vervoer, voedsel en beskerming en het ook die sosiale en emosionele waarde van interaksie met diere begin ervaar. Diere het stelselmatig 'n integrale deel van die gesins- en gemeenskapsisteem geword en het die verantwoordlikheid vir hul gesondheid, beskerming, voeding en algemene welstand toegeneem. Dié noue kontak tussen mens en dier het ook gesondheidrisiko's meegebring vir albei partye en die

opkoms van sowel die veeartsberoep as die publieke gesondheidswerker is hierdeur bespoedig.

Die meting van houdings teenoor diere binne verskillende kultuurgroepe of demografiese groeperinge word dikwels binne die studieveld van sosiologie onderneem, alhoewel dit eweneens toepaslik vir die antropoloog en die bemarker is. Een so studie is onderneem deur Snyder (1993:12-13) waarin bevind is dat die drie mees beduidende demografiese faktore wat houding teenoor diere beïnvloed geloof, geslag en opvoedingspeil is. Met betrekking tot geloof word houdings beïnvloed deur godsdienstige voorskrifte, doktrines en teologiese opvattings. Geslagsrolverskille word beïnvloed deur modellering en die opvoedingsproses deurdat dogters byvoorbeeld geleer word om te versorg en te troetel terwyl by seuns die klem val op kompetisie en agressie. Met betrekking tot opvoeding is in hierdie studie bevind dat hoe hoër die opvoedingspeil is, hoe meer waarde word aan diere geheg. Snyder (1993:12-13) gaan voort deur houdingstipes in drie kategorieë te verdeel, naamlik ekologies, humanisties en nuttigheid. 'n Ekologiese ingesteldheid is veral gemoeid met die beskerming van bedreigde spesies en die handhawing van balans in die natuur. Die humaniste heg groter waarde aan die affektiewe verhouding tussen die mens en veral geselskapsdiere, en die groepe wat die waarde van diere alleen sien in hul nuttigheid vir menslike gebruik, dus 'n ekonomiese waarde, word die utilitariste genoem.

Volgens Sutherland & Nash (1994:171-186) word die twintigste eeu gekenmerk deur sekularisasie en modernisasie van die samelewing wat geleenthede vir breër en meer uitdagende interpretasies van fundamentele vrae oor die lewe geskep het. Hierdie verandering in denkpatrone en waardestelsels raak ook die mens–dierband omdat die waarde van diere ook anders geïnterpreteer word. Mense groepeer hulself rondom sentrale belange en etiese kwessies. Sutherland & Nash (1994:171-186) verwys na 'n 'New Environmental Cosmology' wat ten doel het om betekenis te verleen aan vrae rondom orde en chaos, goed en sleg, lyding en geregtigheid. Oor die algemeen is houdings teenoor geselskapsdiere wêreldwyd besig om te verander. As in ag geneem word dat meer as die helfte van alle huishoudings een of meer geselskapsdiere het, kan met reg gesê word dat: "…companion pet ownership is neither rare nor random; it is an integral part of society" (Beck & Meyers, 1996:248).

Die twintigste eeu het groeperinge rondom etiese en morele vrae met betrekking tot mens–dierinteraksie op die spits gedryf. Die debat rondom diereregte in sowel wetenskaplike as populêre literatuur, reflekteer 'n groter bewustheid ten opsigte van die feit dat die dier gelyke status in hierdie verhouding behoort te hê. Alhoewel van hierdie studies binne die raamwerk

van die filosofie, regte asook sielkunde hanteer word, is dit by uitstek die sosioloog wat hierdie veranderings in menslike sienswyses en houdings en gepaardgaande optredes omskryf. Voorbeelde van sosiologiese studies in dié verband is onder andere: 'The social psychology of animal rights' (Kinney, 1994:6) wat die verskille in morele standaarde met betrekking tot interspesieverhoudings binne die Westerse kultuur bestudeer het; 'The relationship between the idea and the practice of animal rights' (Tester, 1993:9) wat die sosiologiese implikasies van die ontwikkeling van hierdie tendens ondersoek het; 'Consensus mobilization through ideology, networks and grievances: a study of the contemporary animal rights movement' (Richards,1994:7-8) wat die ideologiese verskille tussen diereregtegroepe bestudeer het; en die studie deur Fogle (1999:234-239) wat die rol wat die vrou in die Westerse samelewing, en die effek wat dit het op positiewe mens–dierinteraksie, ondersoek het.

Die taak van die sosioloog sluit verder die uitwys van maatskaplike tendense in die samelewing in ten einde die maatskaplike werker in staat te kan stel om toepaslike hulpverlening aan te bied. 'n Voorbeeld hiervan vind ons in 'n sosiologiese studie soos beskryf deur Odendaal (1988:90). Hierin is bevind dat gesiggestremde persone soms dieselfde gevoelens as gevangenes ervaar weens hulle beperkings en die houding van die gemeenskap teenoor hulle. Geselskapsdiere, in die vorm van gidshonde, vervul dus sowel 'n funksionele as psigologiese rol in terme van selfvertroue en ontspanning, gevoel van veiligheid, vriendskap, selfagting en selfaktualisering.

2.21. STADS- EN STREEKSBEPLANNING

Stads- en streeksbeplanning het hoofsaaklik te make met die fisiese ontwikkeling en ontwerp van die omgewing. Vir doeleindes van hierdie studie kan na hierdie take ook verwys word as omgewingsbestuur. Die ruimtelike verspreiding van onder andere geboue, paaie, parke en sportgronde, word beïnvloed deur die inwoners en verbruikers van daardie omgewing en moet dus in ooreenstemming met alle belangegroepe gedoen word. Inwoners van veral voorstedelike woongebiede in Suid-Afrika begin al meer druk uitoefen en op hul regte as belastingbetalers staan wanneer dit kom by beplande veranderings in die omgewing. Die taak van die stads- en streeksbeplanner omsluit dus nie alleen die beplanning rondom die fisiese ontwerp en ontwikkeling nie, maar ook die effek wat dit kan hê op die lewenstyl, lewensomgewing en lewenskwaliteit van die mense in die betrokke sisteem. Vir 'n groot deel van die bevolking, in sowel stedelike as buite-stedelike gebiede, maak geselskapsdiere 'n integrale deel van hul lewensruimte uit. Die doel met effektiewe

beplanningsriglyne vir omgewings is om maniere te vind om by die veranderings in die lewenssituasies van mense aan te pas en: "… to find ways to ensure that pet ownership is not prejudiced in this changing urban environment" (Jackson, 1996:1076).

Die vreugde en voordele van geselskapsdiereienaarskap behoort toeganklik vir almal te wees ongeag die tipe behuising en omgewing, maar dit verg doelbewuste besluitneming tydens residensiële- en gemeenskapsontwikkeling om die behoeftes van verskillende teikengroepe in ag te neem (Murray, 1992:125 & Jackson, 1994:152). In die literatuur word na hierdie taak verwys as "urban animal management" (Hindle, 1992:23) en raak nie alleen geselskapsdiereienaars nie, maar ook nie-eienaars en die omgewing as sodanig.

Reeds meer as vier dekades gelede het Lorenz (1952:57) die volgende stelling gemaak: "The wish to keep an animal, usually arises from a general longing for a bond with Nature". Odendaal (1988:6) interpreteer dit dat die proses van verstedeliking die mens van die natuur vervreem en dat die aanhou van geselskapsdiere daarom al hoe belangriker word. Alhoewel stadsbeplanners poog om kontak met die natuur te behou deur parke, groen stroke en dieretuine blyk hierdie pogings nie volledig aan die mens se behoeftes te voldoen nie en is dit juis hier waar geselskapsdiere 'n rol kan vervul (Odendaal, 1988:62). Een van die maniere waarop dieretuine poog om mens en natuur bymekaar te bring en terselfdertyd 'n opvoedkundige en bewaringsrol te vervul is deur middel van mens–dierinteraksie geleenthede en demonstrasies (Kreger & Mench, 1995:143&150). Die etiese vrae hieroor kan nie geïgnoreer word nie en beklemtoon laasgenoemde skrywers dat 'n duidelike beleid oor, en bestuur van, so 'n program 'n voorvereiste is. Die wyse waarop so 'n program bemark word, en spesifiek die reklameboodskap en publisiteit wat daaraan verleen word, moet op 'n verantwoordelike wyse gedoen word. Indien die aanhou van eksotiese diere as geselskapsdiere of die onnatuurlike opleiding van diere deur hierdie aksies gestimuleer word, het die program nie in sy doel geslaag nie, maar juis die teenoorgestelde effek gehad. Die doel moet ten alle tye opvoeding met die oog op bewaring wees, en nie vermaak vir die mens met die oog op wins vir die instansie nie. Houdings- en gedragsverandering is egter 'n langtermynproses en kan daar nog nie met oortuiging gesê word of die programme wel die gewensde langtermyneffek het nie. Die effek van aanhouding en mens–dierinteraksie op die lewenskwaliteit van die diere is ook nog nie genoegsaam nagevors nie en kan daar nog nie met sekerheid gesê word watter effek dit op die diere se gedrag en fisiese welstand het nie. 'n Kritiese vraag wat deur Kreger & Mench (1995:150) asook Plous (1993:21-25) gestel word, is watter opvoedkundige- en sosialiseringswaarde dit vir die stadskind het om wilde- en plaasdiere buite hul natuurlike habitat te ervaar. Skets dit nie 'n onrealisties ideale prentjie teenoor die dikwels harde werklikheid van byvoorbeeld droogtes, siektes,

uitdunning, die slag van diere, teelprosedures en boerderymetodes soos byvoorbeeld batteryhoenders nie?

Verstedeliking het 'n drastiese verskuiwing in die sistemiese en simbiotiese verhouding tussen mense en diere meegebring. Baenninger (1995:75) stel dit dat: "In the early days...people lived their lives surrounded by wild and domestic animals... the positions have now been reversed, and wild and domestic animals now live surrounded by people. Every new housing development or industrial park that is built on fields or woodlands compresses the space available to animals who once lived there, and most of our national parks and nature reserves are ringed by ever-growing human populations". (Vergelyk ook Midgley, 1994:192.) Die mens raak dus al meer in beheer van die natuur in pleks daarvan om deel van die natuur te wees. Verstedeliking gaan gepaard met industrialisasie wat meegebring het dat diere nie meer noodwendig aangewend is vir arbeid, vervoer en kommunikasie nie. Die verhouding tussen mense en diere het dus verskuif van 'n meer funksionele na 'n meer emosionele verhouding.

Ekonomiese-, demografiese-, sosiale- en maatskaplike faktore dra toenemend by tot die tendens in Suid-Afrika na kleiner en meer ingeslote behuising. Enkele voorbeelde hiervan is die toename in bejaarde persone, kleiner gesinne, enkelouergesinne, misdaad en inflasie. Dit het noodwendig 'n effek op mens–dierinteraksie wat betref die tipe en aantal geselskapsdiere wat aangehou kan word, goeie buurmanskap, ruimte vir fisiese aktiwiteit met en vir diere, beleidsvoorskrifte van bestuursliggame en omgewingsinvloede op die diere. Oop ruimtes soos parke en wandelpaaie is meestal ontoeganklik vir honde en is vanweë misdaad in stedelike gebiede 'n veiligheidsrisiko. Hierdie probleem kan egter suksesvol aangespreek word indien belangegroepe saamwerk. 'n Goeie voorbeeld hiervan word deur Wolch & Rowe (1994:17) geskets waar, deur middel van samewerking tussen honde eienaars, plaaslike owerheid, gemeenskapslede en politieke rolspelers 'n park, wat eers deur dwelm- en bende aktiwiteite beset was, omskep is in 'n suksesvolle park-tyddeelprogram. Hierdie program berus op 4 basiese beginsels naamlik akkurate behoeftebepaling, grondvlak deelname, spesifieke voorsiening vir sonder-leiband aktiwiteite en deelnemende omgewingsontwerp. (Vergelyk ook Anderson, 1998:25 en McQuillan, 1992:154.)

Verantwoordelike geselskapsdiereienaarskap is tot dusver waarskynlik die belangrikste betrokkenheid van stadsrade by mens–dierinteraksie. In 'n opname gedoen in 1986 (Odendaal, 1988:206, 209 en 219) het 72% van honde-eienaars dit as hul eie verantwoordelikheid gesien om honde-uitskeidings op straat op te ruim, 84% was ten gunste

van sterilisasie van tewe en 88% het nie hul honde vry op straat toegelaat nie. Hierdie resultate korreleer met dié van 'n studie gedoen deur Leslie *et al*. (1994:13) waarin bevind is dat 66% van die honde-eienaars en 71% van die katte-eienaars hul diere laat steriliseer het. In 'n opname gedoen in Colorado, VSA (*Anthrozoös*, News & Analysys, 1996:114) oor honde in oop areas soos parke, het die meerderheid respondente aangedui dat hulle nie 'n probleem het met die teenwoordigheid van honde daar nie. Hulle was selfs van mening dat dit nie noodsaaklik is dat honde aan leibande hoef te wees nie en het opgemerk dat mense wat die parke besoek meer skade aan die omgewing aanrig as die diere. Dit blyk dus dat geselskapsdiereienaars bereid is om op 'n verantwoordelike wyse hul diere by die omgewing te laat inskakel. Stads- en streeksbeplanning kan volgens Jackson (1996:1076) 'n belangrike bydrae lewer om verantwoordelike geselskapsdiereienaarskap met behulp van basiese ontwerpbeginsels te bevorder.

Die teenwoordigheid van diere in stedelike gebiede kan 'n groot bron van frustrasie wees indien eienaars nie verantwoordelik optree nie. Nie alleen kan hondeblawwery 'n steurnis wees nie, maar sowel honde- as katte-uitskeidings kan 'n gesondheidsrisiko inhou. Die toename in geselskapsdiereienaarskap lei noodwendig tot die probleem van rondloperdiere. Alhoewel opvoeding die sleutel tot die oplossing van die probleem is, is dit steeds plaaslike owerhede wat met die probleem op hande sit: "In their own interests, as well as of the people bothered by them, strays will have to continue to be dealt with, by local authorities and animal protection agencies, in a humane manner" (Turner, 1996:28).

Samewerking tussen stadsrade, publieke gesondheidwerkers, veeartse, dierewelsyn-organisasies en diere-eienaars moet bewerkstellig word om onverantwoordelike geselskapsdiereienaarskap aan te spreek. Verskerpte maatreëls is ongelukkig moeilik uitvoerbaar as die mensekrag vanweë beperkte begrotings nie beskikbaar is om die maatreëls af te dwing nie. Jennens (1992:173) is van mening dat die rede waarom diere in stedelike gebiede nie behoorlik bestuur kan word nie, is omdat die inhoud van sulke bestuursprogramme nog nie na behore nagevors is nie, die skewe beeld wat deur belangegroepe gereflekteer word dat mens–dierinteraksie slegs positief is, die feit dat opleidingsmateriaal nie altyd volledig en relevant is nie en die onprofessionele optrede van sommige rolspelers in die bedryf.

Die taak van die stads- en streekbeplanner word deur Newby (1997:Hoofstuk 8) saamgevat waarin sy van mening is dat hy/sy die verantwoordelikheid moet neem om toe te sien dat meer mense nie in minder spasie inforseer word sonder inagneming van die geselskapsdiere wat hierdie spasie deel nie. Daar moet ook doelbewus beplan word vir

veilige openbare ruimtes waarin mense met hulle diere kan speel en stap, asook sosiale ondersteuningshulpbronne soos bewaarskole of ander verblyf ten tye van krisis in die gesin. Hierdie vorm van omgewingsbestuur is egter nie net die verantwoordelikheid van die stads- en streekbeplanner nie. Die noodsaaklikheid van samewerking tussen verskeie dissiplines in besluitneming rakende die omgewing om positiewe mens–dierinteraksie te bevorder, word deur sowel Hindle (1992:13) as Jackson (1996:1076) gestel. Hulle sluit onder andere die volgende dissiplines hierby in: ontwikkelaars, stadsbeplanners, argitekte, landskapsargitekte, landmeters, regspersone, opvoedkundiges, natuurlewebestuur, en bemarkers van diereprodukte en -dienste.

2.22. TEOLOGIE

Geloofsoortuigings vorm 'n integrale deel van alle kulture en beïnvloed tot 'n groot mate die onderskeie groeperinge se houding en gedrag teenoor diere. Ten spyte van die diversiteit tussen groepe, is daar tog 'n basiese ooreenkoms in hul siening dat alle skepsels op aarde respek verdien. Albert Schweitzer (1875-1965) het gesê: "A man's religion is of little value unless even seemingly insignificant creatures benefit from it" (Animal Voice, 2000:8), en Sir Wilfred Grenfell (*op cit*.:1) het op sy beurt gesê: "Kindness to all God's creatures is an absolute rock-bottom necessity if peace and righteousness are to prevail". Die toepaslikheid van hierdie studieveld vir die teologie lê dus veral op die vlak van die etiek. Met betrekking tot die mens se houding teenoor diere sê Linzey (1994:viii): "…in this area the time is over-ripe for a theological change-of-heart leading to ethical re-evaluation".

Daar bestaan vandag 'n groter bewustheid van die waarde wat aan diere geheg word as skepsels van God en die regte wat daardeur geïmpliseer word. Die wegbeweeg van 'n direkte, letterlike interpretasie van die Bybel het volgens Swabe (1999:8) meegebring dat mense meer en meer die siening begin huldig dat die mens die versorgers eerder as die beheerders van die natuurlike wêreld is. Hierdie 'nuutgevonde' Christelike konsep het volgens haar daartoe gelei dat 'n houding van respek, omgee en verantwoordelikheid teenoor diere ontwikkel het. Turner (1996:25) stem hiermee saam en stel dit dat: "...there is currently a consensus amongst Christian theologians concerned with animal ethics in an emphasis on reverence for life and restriction of harm and suffering to all life forms which has its origins in the Bible. This new consensus does not forbid the use of animals or the killing and consumption of them, but it does require that this is kept within bounds and within a context of deep respect for animals" (Turner, 1996:25).

Wat in praktyk met 'nuwe konsensus' bedoel word is onseker want die 'use', 'killing' en 'consumption' kan ook die doodmaak van diere vir sport, plesier of navorsingsdoeleindes impliseer. Dit is ook nie seker wat met 'within bounds' bedoel word nie. Wie stel die grense? Verdedigers van die nuttigheidswaarde van diere maak selfs daarop aanspraak dat hulle steeds respek het vir die diere en dat hul metodes van doodmaak in hul eie definisie nie wreed is nie. 'n Volgende vraag is of dit werklik 'n 'nuwe' konsensus is? Respek vir diere as volledig deel van die Skepping word in sowel die Ou Testament as Nuwe Testament na verwys (Frear, 1993:5-7). Clark (1997:6) wat homself beskou as Christen filosoof sê: "No one who reads the Bible can doubt that its human authors were deeply concious of the natural world, the creation, the land flowing with milk and honey. Where we see 'nature', the non-human environment ruled by powers alien to humankind, they saw God's creation, a world continually offering embodied images of the spiritual values they pursued … the Biblical tradition recognises that our powers are no different in kind from those of any other creature, and the Lord stands over all". Hierdie blyk dus nie 'n nuwe konsensus te wees nie, maar wel 'n refleksie van hoe respek vir die Skepping en diere, as volledig deel daarvan, uitgelewer is aan menslike interpretasies oor tyd heen.

'n Ekosistemiese benadering tot die Skepping en die waarde van alles en almal daarin behoort volgens Clark (1997:79-80) die uitgangspunt van die gelowige te wees: "Individual liberty rested on the value God placed in every soul, as a unique expression of His glory, such that any despotism, however benevolent in purpose, must issue in a decline of valuable diversity". Elkeen van ons het dus 'n diepliggende en kardinale belang by die waarde van ons mede-aardbewoners en die ekosisteme waarbinne ons 'n leefruimte deel. Clark (1997:96) motiveer dit verder deur te sê dat die wêreld nie vir ons mense alleen gemaak is nie. Die goeie is daarin geleë om te sorg en om te gee vir alles in die Skepping en dat die verkeerde is: "…that we do things that deny to our victims the life that they might otherwise lead, do things to them that cause them distress and pain, treat them as if they were our property and not their own". Dit is dus nie net rasionaliteit wat respek verdien nie, maar ook die individuele waardigheid van elke subjek-van-lewe (Clark, 1997:102-103). Op die argument dat die mens 'n meer superieure skepsel is en daarom hoër gereken behoort te word, reageer hy soos volg: "Our 'superiority', insofar as that is real, rests not upon our self-claimed right always to have more than other creatures do (which is what our modern humanism amounts to), but on the possibility that we may (and the corresponding duty that we should) allow our fellow creatures their part of the action" (Clark, 1997:168). Ons behoort dus te leef by die reëls wat deur God daargestel is, naamlik om nie méér vir onsself en die 'eie' aan ons in te palm as wat ons 'ander' gun en wat hulle toekom nie.

Tydens die Agtste Internasionale Konferensie oor Mens–Dierinteraksie in Praag, 1998, is 'n spesiale sessie afgestaan aan die mens–dierverhouding en verskillende godsdienste van die wêreld. Figle (1998:1-12) het in sy referaat 'n onderskeid getref tussen uitgangspunte en filosofieë van Indiese oorsprong (Hindoeïsme, Jaïnisme, Buddisme), Chinese oorsprong (Konfusianisme, Taoisme, Neokonfusianisme), Grieks-Romeinse oorspong (denkrigtings beïnvloed deur Aristoteles, die Stoa en die Romeinse reg) en die monoteïstiese godsdienste (Judaisme, Christenskap en Islam). Die sentrale konsep van die Hindoeïsme, wat sowat 2500 jaar terugdateer, is dat verhoudings tussen alle skepsels gekenmerk moet word deur nie-wreedheid. In moderne Hindoeïsme is die offer van diere die uitsondering en gaan gepaard met 'n ritueel van apologieë teenoor die dier. Die neiging is ook al meer om simboliese offers te maak as substituut vir diere offers. Die Jaïnisme plaas 'n verbod op enige vorm van doodmaak selfs van die kleinste insek. Ook vir die Buddisme is die beginsel van nie-wreedheid die eerste wet en word barmhartigheid en simpatie teenoor diere hierby ingesluit. Selfs beroepe wat in konflik met hierdie wet is, byvoorbeeld wapenhandel, handel met diere en die teel van diere om te slag moet vermy word. Die Buddis se gedrag teenoor diere moet gerig wees op die bevordering van lewenskwaliteit vir die hele samelewing en nie net ter wille van sy eie lewensfere nie. (Vergelyk ook Hung, 1998:1-6; McDaniel, 1993:85 en Palmer & Breuilly, 1996:39-44.)

Figle (1998:1-2) gaan voort deur te sê dat die klem vir die Konfusianiste op die regte verhouding met die natuur, en om in harmonie met alles en almal te leef, lê. Taoisme interpreteer hierdie verhouding verder en vermy enige menslike negatiewe inmenging in die natuur. Beskerming moet nie net aan diere gebied word nie, maar ook aan riviere, plante, berge ensovoorts. Neokonfusianisme stem hiermee ooreen en bepleit barmhartigheid teenoor mense, diere, plante asook lewelose dinge. Die denkrigting van Aristoteles het waarskynlik die grootste invloed op die westerse samelewing met betrekking tot die verhouding tussen mens en dier gehad. (Vergelyk ook Cohen, 1994:61.) Aristoteles beskou die mens as die sentrale punt in die skepping en heg slegs 'n nuttigheidswaarde aan diere. Hierdie uitgangspunt word verder gevoer in die Hellinistiese periode en spesifiek die Stoïsisme wat van die standpunt uitgaan dat die natuur as geheel aan die mens behoort en daarom deur die mens gebruik kan word. In die antieke Romeinse tyd is diere as objekte gesien met geen regte nie. Interessant dat slawe onder dieselfde wet as nie-persone gesien is, ook met geen regte nie (Clutton-Brock, 1994:31). As in ag geneem word dat in die antieke tye daar nie 'n onderskeid gemaak is tussen godsdiens, regte, ekonomie en familielewe nie, kan die implikasies wat hierdie wette op die welsyn van diere gehad het, afgelei word.

Die moderne Islamitiese godsdiens word oor die algemeen gekenmerk deur 'n positiewe houding teenoor diere. Aydin (1998:1-16) motiveer hierdie stelling deur aanhalings uit die Koran en uitsprake deur die profeet Muhammed. Mense word beskou as slegs een van baie families van lewende wesens in die gemeenskap. Daar word nie onderskeid getref tussen die waarde wat die een bo die ander voor die Opperwese het nie. Van die hoofstukke in die Koran het selfs dierename byvoorbeeld; Die Bees (*al-an'âm*), Die By (*al-nahl*), Die Mier (*al-naml*), Die Spinnekop (*al-ankabût*) en Die Olifant (*al-fil*). Allah gebruik voorbeelde van dieregedrag om die verwagtings wat aan mense gestel word, uit te beeld en dus as rolmodelle te dien. Die profeet Muhammed het veral uitsprake gelewer ten opsigte van barmhartigheid teenoor diere en dat dit deur Allah beloon sal word en dat dit selfs sal vergoed vir ander sondes, maar ook dat wreedheid teenoor diere gestraf sal word.

Vir die Jodedom wat die Ou Testament as vertrekpunt gebruik, bestaan daar 'n simbiotiese verhouding tussen mense en diere. Enkele voorbeelde hiervan word na verwys in Genesis 49:5-7; Deuteronomium 5:14, 22:10 & 25:4; en Spreuke 12:10. Respek vir diere en veroordeling van wreedheid teenoor diere word hier beklemtoon. Kritiek op die offer en jag van diere word ook dikwels in die rabbynse literatuur teëgekom (Figl, 1998:8), alhoewel dit tog aanvaarde praktyk in die tempels was. Ten spyte dus van die nuttigheidsrol wat diere gespeel het, asook die interpretasie dat een van die skeppingsverhale die mens se mag oor die dier uitbeeld, word diere as volledig deel van God se skepping gesien en moet dienooreenkomstig behandel word. (Vergelyk ook Jones, 1992:210 en Maehle, 1994:83). Die Skepping behoort, volgens Watson (1998:1) nie as 'n eenmalige gebeurtenis gesien te word nie, maar as 'n deurlopende proses. 'n Proses dui op 'n bepaalde dinamika wat verandering insluit. Religieuse interpretasies ten opsigte van mens–dierinteraksie is, net soos die interpretasies met betrekking tot ander verhoudings, deel van hierdie veranderingsproses.

Die houding van die Christendom teenoor diere word beïnvloed deur verskeie tradisies. Enersyds word die Ou Testament deur die vroeë Christene as vertrekpunt gebruik wat dus die sentimente van die Jode reflekteer, maar die Hellinisme en later Romeinse tradisies speel ook 'n belangrike rol (Ruether, 1993:17). Die Nuwe Testament word gekenmerk deur die werk en woorde van Jesus Christus, wat as die basiese beginsels en waardes van die Christendom behoort te dien. Jesus se empatie en verhouding tot mens en dier blyk duidelik uit die beskrywings in die vier evangelies. Tog wil dit voorkom of hierdie nie as rolmodel vir die Christelike kerk gedien het nie. Die eerste 1800 jaar van die Christelike kerk het die klem laat val op die nuttigheidsrol van diere suiwer tot voordeel van die mens en die mens se dominansie oor die Skepping. Hierdie siening is in stand gehou deur die hervorming

gedurende die 15e, 16e en 17e eeue. In hierdie tyd het veral geselskapsdiere daaronder gelei omdat van hulle geassosiëer was met boosheid en sonde. (Vergelyk ook Cohen, 1994:67-68 & Maehle, 1994:85.) In die 20e eeu is daar steeds 'n teenstrydigheid tussen die houding van Christene en die van Christelike instellings teenoor diere. McDaniel (1993:75) maak hieroor die volgende opmerking: "Many Christians find themselves enriched by a sense of kinship with animals and the Earth, and yet unable to experience Christianity, at least in its institutional and doctrinal expressions, as supportive of such kinship". Deur Christus is die goeie nuus na die wêreld gebring, maar was dit goeie nuus net vir mense of vir alles en almal in die Skepping? Hauerwas & Berkman (1993:73) sê dat die goeie nuus daar is vir almal en dat God ons oproep om in dankbaarheid die weg te loop van die offer van Christus en dat: "… the good news for other animals is that Christians do not need to ask animals to be part of a sacrifice that has no purpose in God's kingdom". Die vraag wat by Christene opkom wanneer hieroor geredeneer word is of diere dan 'n siel het? In die boek Prediker sê die skrywer egter die volgende: "Die mens is nie beter daaraan toe as die dier nie" (Prediker 3:19) en "Wie weet of die asem van die mens opstyg boontoe en of die asem van die dier afgaan onder toe?" (Prediker 3:21).

Teenstrydighede bestaan dus lank reeds in die teologiese uitgangspunte ten opsigte van geloof en diere. Die heidense godsdienste wat gekenmerk was deur 'n veelgodedom het dikwels diere as deel van hul godsdiensbeoefening aanbid, maar ook weer onderhewig aan veroordeling en straf onder die Romeinse reg. Die positiewe rol van die Christelike Kerk ten opsigte van die welsyn van diere kom wel in die volgende voorbeelde na vore (vergelyk French, 1993:35-36; Hume, 1980:57-58; Maehle, 1994:85-86; Newby, 1997:Hoofstuk 4 en Watson, 1998:1-11):

- St Francis van Assissi en St Anthony was van die eerste kerkleiers wat hulle positief uitgespreek het vir die waarde van diere, God se liefde vir diere, die belangrikheid van die mens–dierband en die mens se verantwoordelikheid teenoor diere.

- In 1776 het Eerwaarde Humphry Primatt 'n teologiese studie gepubliseer waarin die Christen se verantwoordelikheid teenoor diere uitgespel word.

- In 1817 lewer Schopenhauer kritiek uit op die Christendom en sê dat "the morality of Christianity has no consideration for animals – a defect that is better admitted than perpetuated" (Watson, 1998:6).

- In 1824 word die Dierebeskermingsvereniging onder leiding van 'n Anglikaanse priester gestig. 'n Voormalige Aartsbiskop van Canterbury, Robert Runcie, verwerp die instrumentalistiese en nuttigheidswaarde van diere en lewer die uitspraak dat God se skepping alleen erken kan word in die interaktiewe verhouding tussen Sy skepsels.

- Tydens die 1998 Lambeth konferensie van die Anglikaanse kerk is 4 sleutelresolusies, waarin die interaksie tussen en verantwoordelikheid van die mens teenoor die natuur en alles wat deur God geskep is, en God se verlossing deur Christus vir alles en almal uitgespel is, aanvaar.

- Resolusies deur onderskeidelik die Anglikaanse Kerk, General Assembly of the Church of Scotland, Presbeteriaanse Kerk en Metodiste Kerk wat reeds in die eerste helfte van die 20^{e} eeu met betrekking tot die verantwoordelikheid vir die welsyn van diere aanvaar is.

Die regte van die diere word al vir eeue bepleit en gedebatteer vanuit verskillende dissiplines. Die vraag ontstaan waarom Christene, ten spyte van beginsels van liefde en respek, nie in die verlede aktief tot die debat toegetree het nie. Jung (1993:47) meen dat vanuit 'n Christelike perspektief eerder van 'n regte verhouding met diere gepraat moet word as van diereregte, omdat die verhouding die kern van die saak is. Nietemin begin diereregte aktiviste van die 20^{e} eeu 'n verband trek tussen godsdiens en diereregte. Vir Linzey (1994:ix) lê die verband daarin dat: "Theology provides a way in which animal rights theory can be released from its current philosophical straightjacket". Jones (1992:220) is van mening dat die regte waaroor die mens en dier beskik grootliks verskil omdat die mens oor geestelike en morele kwaliteite beskik wat op abstrakte denke berus. Die regte waaroor diere wel beskik en wat vir die gelowige van belang is en erken behoort te word, is die volgende:

- Die reg op lewe en instandhouding daarvan wat impliseer dat die dier geregtig is op voedsel, versorging en beskerming.

- Die reg op vryheid van beweging en assossiasie. Diere kan alleen tot eer van God leef as hulle toegelaat word om vry te beweeg in hul natuurlike habitat en te assosieer met die spesie waarvan hulle op natuurlike wyse deel vorm.

Wanneer hierdie regte ontken word, word diere onreg aangedoen en word daar teen God gesondig. Jones (1992:220-221) gee die volgende voorbeelde van hoe hierdie regte in

prakyk misken word: "Wanneer 'n dier dus sy voedsel ontneem word, mishandel word, na willekeur in eksperimente vir mediese doeleindes gebruik word en selfs op vele ander maniere onverantwoordelik aangewend word tot voordeel van die mens – vergelyk stier-, honde en ander gevegte, uitwissing deur onverantwoordlike jag, oorbodige uitslagting om in die voedselbehoeftes van die mens te voorsien, diere wat onder dwang onder moeilike en pynlike omstandighede vir produksiedoeleindes aangehou word, die dikwels onsensitiewe wyse waarop diere doodgemaak word, onbillike en onregverdige dierbeheer en die inperkende wyse waarop eksotiese en ander diere aangehou word – word sy onveranderlike skeppingswaarde wat aan hom sekere regte verseker, hom ontneem". Jones is van mening dat waar hierdie verhoudings tussen en dier versteur word, die teologiese etiek 'n uitspraak moet lewer.

Die teologie kan dus riglyne vir gedrag daarstel om positiewe mens–dierinteraksie te bevorder. In 'n ondersoek deur Herzog (1993:117-118) is bevind dat daar 'n verband is tussen fundamentele geloofsoortuigings, 'n verandering in lewenstyl, 'n evangelisasie motief, 'n sondebesef en skuldgevoelens asook die navolging van die werk en lewe van Jesus Christus en betrokkenheid by diereregte. (Vergelyk ook Cobb, 1993:172-173 en Sutherland, 1994:171-186.)

Dit wil tog voorkom of daar in die nadering na die 21^{e} eeu 'n groter bewustheid onder teoloë ten opsigte van die intrinsieke waarde van diere is. McDaniel (1993:76 & 87) verwys hierna as 'creation-inclusive theologies' en interpreteer dit dat die liefde van God nie onderling uitsluitend is nie en dus ook liefde vir diere en tussen mens en dier insluit. Hierdie liefde moet waargeneem kan word by die gemeenskap van gelowiges. Hy gaan verder (McDaniel, 1993:95) deur te sê dat 'n Christelike gemeenskap onder andere gekenmerk word (of behoort te word) deur:

- deelname;
- verantwoordlikheid; en
- respek vir verskille.

(Vergelyk ook Linzey, 1994:3.)

In ons verhouding met diere impliseer dit:

- dat hul biologiese en sosiale behoeftes in ag geneem word en hulle dus daardeur indirek inspraak het of deelneem aan besluite wat hul lewens raak;

- dat verantwoordlikheid geneem word vir hul algemene gesondheid en welstand; en

- dat waardering bestaan vir hul unieke kwaliteite en bydrae wat hulle tot die gemeenskap lewer.

(Vergelyk ook Linzey & Cohn-Sherbok, 1998:31; Manes, 1998:31; Smith, 1998:31 en Webb, 1998:25).

Ten spyte van die verandering in denke en teologiese tradisies met betrekking tot mens–dierinteraksie, het die mens se gebruik van diere tot sy eie voordeel net meer tegnologies gevorderd, en die manipulering van etiese vrae net meer verfynd geraak. Swabe (1999:9) voorspel dat, in die oorgang na die 21^{e} eeu, die gebruik van diere stelselmatig sal toeneem en dat: "…it is evident that modern industrial society is highly dependent on the exploitation of animal resources; though at the same time, we also seem to be far less aware of the great extent of that dependency". Clugston (1993:232-233) deel hierdie vrees en sê dat ons bewus moet word daarvan dat: "…our dominant values and economic system encourage the abuse of the earth, people, and animals…" Die teoloog kan 'n belangrike bydrae lewer om mense se houdings en gedrag teenoor diere positief te beïnvloed deur die boodskap van liefde vir en verantwoordelikheid teenoor alles in die Skepping uit te dra.

2.23. VEEARTSENYKUNDE

Die rol van die veearts in mens–dierinteraksie lê op verskillende vlakke. Tradisioneel word die rol van die veearts gekoppel aan dieregesondheid, voedselinspeksies, soönose kontrole, vergelykende mediese navorsing, opvoeding, dierevoeding en omgewingsbestuur (Swabe, 1999:153). Die veearts se bydrae tot die emosionele welstand of geestesgesondheid van die mens word in die afgelope dekade al meer erken (Arkow, 1992:520) maar nog steeds onderbenut: "Veterinarians are important, but underutilized, participants in community health care who may initiate positive mental health or social service interventions for dysfunctional families and disturbed individuals. Such interventions will ultimately benefit the animals' well-being, which should be the priority for veterinary practitioners". Fogle (1999:235) wys ook op die veranderende rol van die veeartsberoep met betrekking tot mens–dierinteraksie, maar is van mening dat hierdie verandering te stadig plaasvind: "While both wild and domesticated

animals are increasingly valued for social and psychological reasons rather than solely for functional and utilitarian purposes, the veterinary profession and veterinary education respond slowly and only reactively to these changes in the roles of animals in society".

Die rol van die veearts in publieke gesondheidsorg het veral in die 20e eeu prominensie gekry (Swabe, 1999:142-143). Groter klem op gesonde omgewingsbestuur het noodsaaklik geword as gevolg van verstedeliking en meer intensiewe landbouproduksie. Die voorkoming en behandeling van aansteeklike siektes en die gepaardgaande wetgewing kan nie sonder die insette van veeartse plaasvind nie. Die veearts is dus indirek verantwoordelik vir die gesondheid van mense deur die voorkoming en behandeling van soönose en moet ten alle tye betrek word waar direkte kontak tussen mens en dier plaasvind. In 'n ondersoek deur Waltner-Toews (1994:219) is egter bevind dat minder as die helfte van die respondente (gekies op grond van hul betrokkenheid by mens–dierinteraksie programme) met 'n geneesheer of veearts gekonsulteer het oor die voorkoming van soönose en dat slegs 10% van die respondente oor duidelike riglyne hieroor beskik het. 'n Aanbeveling word uit laasgenoemde studie gemaak dat veeartse hul kundigheid op hierdie gebied op 'n verstaanbare wyse aan implementeerders van sulke programme moet aanbied.

Die veearts se rol in die multidissiplinêre span, veral vanweë sy kennis en insig ten opsigte van die dieregesondheid en -welsyn asook etologie, is onmisbaar. Hierdie betrokkenheid kan die volgende insluit:

- advies aan kliënte oor die terapeutiese waarde van geselskapsdiere;
- advies aan inrigtings ten opsigte van die implementering van geselskapsdierprogramme;
- hulp met betrekking tot die seleksie van geselskapsdiere;
- raad oor gesondheidsaspekte;
- finansiële ondersteuning;
- raad ten opsigte van dieregedrag;
- hantering van negatiewe aspekte van dieregedrag, byvoorbeeld geraas en besoedeling;
- sosialisering van diere;

- opleiding van diere; en

- voorkoming van beserings.

(Vergelyk Odendaal, 1988:1&123-124 en Edney, 1995:706.)

Hume (1980:34) is van mening dat die belangrikste bydrae ten opsigte van die mens–dierband, en wat aan elk van bogenoemde aspekte gekoppel kan word, te danke is aan die wetenskaplike ontwikkeling op die gebied van etologie. Hy beskou Konrad Lorenz as een van die grondleggers van hierdie ontwikkeling. Dit is veral hierdie spesialiteitsrigting van die veeartsenykunde wat 'n omwenteling in die etiek van mens–dierinteraksie teweeg gebring het. Kennis van dieregedrag, -vermoëns, denke en ervaringswêreld het bygedra tot 'n herwaardering van die intrinsieke waarde wat aan diere geheg word. Hierdie veranderings het nie alleen implikasies vir mens–dierinteraksieprogramme nie, maar ook dierewelsyn, die regte van diere en teologiese uitgangspunte met betrekking tot diere. (Vergelyk ook Fogle, 1999:236.)

Die opvoedkundige rol van die veearts ten opsigte van die implementering van geselskapsdierprogramme in skole en inrigtings behels die volgende:

- opvoeding ten opsigte van moontlike siektes wat deur die diere oorgedra kan word;

- voorkoming van beserings;

- die korrekte hantering van die diere; en

- die algemene versorging van die diere

(Odendaal,1988:126).

Die opvoedingsrol strek ook verder in die sin dat 'nuwe' gesondheidsprobleme vanweë die sterker band tussen mens en dier na vore tree. Die mens is volgens Swabe (1999:190) die oorsaak van hierdie probleme omdat obesiteit, diabetes, gedragsprobleme, vergiftiging en selfs kankerverwante siektes by diere 'n direkte gevolg is van verkeerde eetgewoontes, omgewingsverarming, besoedeling en gebrek aan oefening.

Die veearts vervul in 'n groot mate 'n rol in die hantering van menslike emosies wat verband hou met die kwaliteit van die mens–dierverhouding en die afsterwe van 'n geselskapsdier,

maar is nie vir hierdie taak toegerus nie. Goeie veterinêre versorging en veterinêre geriatrie kan bydra tot die lewensverlenging en lewenskwaliteit van geselskapsdiere wat 'n langer verhouding tussen die mens en sy geselskapsdier impliseer (Odendaal, 1988:127-128). Odendaal (1988:157-158) is van mening dat die veearts wat die kliënt se emosionele betrokkenheid by sy dier verstaan, 'n bydrae lewer tot sowel die dier se fisiese welsyn as die kliënt se geestesgesondheid en dat die veearts dus daarop bedag moet wees om nie, weens 'n gebrek aan begrip vir menslike behoeftes, verdere spanning by kliënte mee te bring nie. Hiermee word die belang van die kliënt teenoor die pasiënt geensins bevoordeel nie. Die fokus op die menslike behoeftes bring net 'n meer gebalanseerde benadering tot die mens-dierverhouding na vore. By implikasie word dit beklemtoon dat indien veterinêre opleiding markgerig wil bly, die studie van mens–dierverhoudings deel moet uitmaak van die veterinêre kurrikulum (Odendaal, 1988:231). Fogle (1999:237) stem hiermee saam: "To me, teaching or practising veterinary medicine, without a basic understanding of animal behavior and of the relationships that people develop with pets is as foolish as teaching or practising human medicine without training in human psychology or psychopathology". Hy is egter van mening dat slegs by die mees progressiewe skole vir die opleiding van veeartsenykundiges hierdie aspek tans in die kurrikulum opgeneem is, en dat konsensus hieroor nog nie bestaan nie.

Dit is die mening van Odendaal (1995:93), in 'n ondersoek na die veearts in praktyk vanuit 'n sisteembenadering, dat die mate waarin die veearts insig openbaar in mens–dierinteraksies ook sy/haar sukses ten opsigte van konsultasies sal bepaal, wat op sy beurt die totale praktyksisteem positief sal beïnvloed. Hy beklemtoon daarom die noodsaaklikheid van 'n meer mensgeoriënteerde benadering tot veterinêre opleiding wat samewerking tussen dissiplines vereis. (Vergelyk Fogle, 1999:237-238 en Odendaal, 1995:189-190.)

Met betrekking tot die rol wat die veearts kan speel in die hantering en voorkoming van gesinsgeweld en dieremishandeling (kyk Hoofstuk 3: 3.2) wys Arkow (1994:1006) daarop dat: "...the long tradition of veterinary medicine in protecting human health, the position of veterinary medicine within the matrix of community health care, and the complex relationship between cruelty to animals and other forms of violence against the vulnerable, compel the veterinary profession to take a leadership role in preventing abusive interrelations.The danger is to do nothing in the face of emerging empirical support that cruelty to animals and children are insidious, often intertwined manifestations of family violence". Dit is allermins die veearts se primêre taak om om te sien na die welstand van die mens, net soos dit nie die maatskaplike werker se primêre taak is om om te sien na die welstand van diere nie. Positiewe mens–dierinteraksie is egter die groot gemene deler in die stryd om geweld as

samelewingsprobleem aan te spreek. Albei dissiplines se kennis en vaardighede is nodig in sowel die identifisering en hantering as die voorkoming daarvan.

Die huidige tendens dat meer vroue tot die veeartsberoep toetree, kan 'n positiewe effek op mens–dierinteraksie as studieveld hê. Lawrence (1997:166-167) voorspel dat as die stereotipering dat vroue meer simpatie en versorging teenoor en 'n sterker kontak met die natuur het, korrek is, dit 'n belangrike verskuiwing in die waardesisteem van die professie in die volgende millenium sal meebring. Sy stel dit egter dat in ag geneem moet word dat daar in die moderne samelewing ook 'n verskuiwing in die waardestelsel van mans besig is om plaas te vind en dat mens versigtig moet wees om 'n feministiese konnotasie daaraan te gee. Die rol en verantwoordelikheid van die veeartsberoep as tussenganger in die proses van verandering word beklemtoon deur Lawrence (1997:168): "All veterinarians, as mediators between humankind and nature, have profound responsibilities and unique opportunities to make a difference on behalf of both animals and people in the coming century". Die rol van die vroulike veearts word wel deur haar uitgelig: "The same intelligence, steadfast purpose, and dedication that once allowed courageous women to pioneer in gaining admission to a masculine profession should now be used to make a difference for animals and people as we stand on the threshold of the twenty-first century". Fogle (1999:238) stel ook hierdie toekomsvisie: "This is the future. Both from outside and from within, the veterinary profession will be influenced by the ethical standards and moral considerations of women". Hierdie verskuiwing in waardes sal hopelik 'n positiewe stimulus wees vir die betrokkenheid van die veearts by etiese kwessies rondom die gebruik van diere in laboratoriums en om alternatiewe vir opleiding en navorsing daar te stel.

Die vraag na en mark vir veral kleindier-veeartsenydienste het internasionaal so toegeneem dat die mate van spesialisasie reeds vergelyk kan word met die van gesondheidsorg aan mense (Swabe, 1999:182). Die rol van die veearts het vandag uitgebrei tot 'n totale gesondheidsorgpakket aan diere, hul eienaars en die gemeenskap. Dierevoeding, dieregedrag, tandheelkunde, dermatologie, onkologie, homeopatie, behuising en omgewing, dierewelsyn, populasiebeheer, teelprogramme en selfs die estetiese ingryping ten opsigte van voorkoms en chirurgiese ingryping in die beheer van gedrag ('debarking' en 'declawing') kan tot die tradisionele rol gevoeg word.

2.24. VERPLEEGKUNDE

'n Uitgebreide omskrywing van die praktyk en proses van verpleegkunde word deur Miller en Keane (1978:712) gegee waarvan slegs enkele hoofpunte vervolgens aangehaal word: "... the observation, care, and counsel of the ill, injured, or infirm,... the maintenance of health or prevention of illness of others, ... the administration of medications and treatments as prescribed by a licensed physician or dentist...". Lapp (1991:73) fokus meer op die rol van die verpleegkundige om mee te help in die bereiking van maksimun gesondheidspotensiaal, waarvan mens-dier interaksie 'n komponent is: "The nursing profession, true to its commitment to client advocacy, is greatly concerned with discovering ways to assist people in reaching their health potential. One resource we do have, according to a growing body of evidence, is the company of animals for both preventive and therapeutic aspects of human health".

Lapp (*op cit*) haal 'n baie interessante stelling van Florence Nightingale aan wat sy reeds in 1859 gemaak het ten opsige van die waarde van 'n geselskapsdier vir 'n pasiënt: "…an excellent companion…sometimes the only pleasure…and if (the patient) can feed the animal himself, he ought always to be encouraged to do so". 'n Mens kan tereg vra of verpleegkunde dalk die pioniers op die gebied van die benutting van geselskapsdiere vir terapeutiese doeleindes was?

Die bekendste benutting van geselskapsdiere in hierdie studieveld het betrekking op verpleeginrigtings en meer spesifiek in inrigtingsversorging vir bejaardes en terminale pasiënte. Bredenberg (1993:7) beskryf hoe 'n geselskapsdierprogram in 'n verpleeginrigting in Minnesota, VSA geïmplementeer is. Daar is met 'n verskeidenheid geselskapsdiere onder andere visse, 'n kat, honde en voëls geëksperimenteer. Die waarneming is gemaak dat die visse 'n kalmerende effek op die verswakte bejaardes gehad het en dat die voëls 'n positiewe uitwerking op veral die blinde pasiënte gehad het en 'n aantrekkingskrag vir kinders en ander besoekers was. Na die dood van een van die honde, wat 'n positiewe band met die meeste van die inwoners gehad het, is die hulp van 'n maatskaplike werker ingeroep om oor dood en die rouproses te praat. Die belangrikheid van die regte passing van 'n geselskapsdier met 'n spesifieke sisteem is ook in hierdie gevallestudie uitgewys deurdat die kat verwyder moes word nadat van die personeel allergiese reaksies vir kathare getoon het en een van die honde ('n Kollie-tipe) verwyder moes word as gevolg van oorbeskermende gedrag wat moontlike aggressiewe gedrag tot gevolg kon hê.

'n Kwantitatiewe ondersoek is met behulp van 'n gedragsankerskaal gedoen om die effek van 'n geselskapsdierprogram in 'n verpleeginrigting vir bejaardes te toets. Resultate het getoon dat daar 'n toename in sosiale gedrag was tydens die implementering van die ondersoek, maar dat die gedrag weer na vier weke begin afneem het (Perelle & Granville, 1993:8). Die resultate van 'n ondersoek deur Fick (1994:14) sluit hierby aan. Sy het bevind dat daar 'n beduidende toename in verbale interaksie tussen die inwoners in die teenwoordigheid van 'n hond was, en is van mening dat die toename in sosiale interaksie die organisasieklimaat as sodanig positief kan beïnvloed. Becker (1999:44) verwys na 'n studie waarin daar 'n afname van 92 persent in die gebruik van antipsigotiese middels was nadat 'n mens–dierinteraksieprogram geïmplementeer is. Die afname in die vraag na medikasie bring as sodanig 'n verligting in die werklading van die verpleegpersoneel mee.

In 'n verkennende ondersoek na die veranderings in houding, gedrag en interaksie van terminale pasiënte en hul versorgers met die bekendstelling van 'n klein hondjie in die inrigting, het Chinner & Dalziel (1993:7) bevind dat die hondjie wel personeel–pasiëntinteraksie gefasiliteer het, pasiënt–besoekerverhoudings gemakliker gemaak het en sowel personeel as pasiëntmoraal verhoog het. Hierdie resultate vergelyk met dié van Lapp (1991:77-78) wat in haar ondersoek bevind het dat die teenwoordigheid van geselskapsdiere intergenerasie kommunikasie tussen verpleegkundestudente en bejaardes bevorder het: "They have served both students and residents alike as a stabilizing feature of the living environment, allowing both groups to overcome such barriers as age, social class, ethnicity, and vulnerability". Lapp (1991:78) is van mening dat hierdie 'n unieke uitdaging bied aan die verpleegkunde professie wat voortdurend op soek is na nuwe maniere om kommunikasie met hul mees uitdagende, uiteenlopende en kwesbare pasiënte te bevorder en in stand te hou.

Samewerking tussen die veearts en die verpleegkundige is veral van belang in die voorkoming en behandeling van oordraagbare siektes. Onkunde oor siektes wat deur geselskapsdiere oorgedra kan word, is dikwels die rede waarom gesondheidspersoneel weerstand bied teen die implementering van geselskapsdierprogramme. Veral by pasiënte wie se immuniteitsisteem baie kwesbaar is, moet alle moontlike voorsorgmaatreëls getref word om risiko's uit te skakel. Lander & Reid (1994:20) is van mening dat die verpleegkundige in die ideale posisie is om hier 'n rol te vervul, veral ten opsigte van die HIV pasiënt: "Many misconceptions exist about the risks pets pose for the immunocompromised person. Home healthcare nurses, with their focus on health promotion, are in a primary position to disseminate accurate information to patients at risk".

Die volle potensiaal van mens–dierinteraksie in die verpleegkunde professie word volgens Lapp (1991:79) nog onderbenut: “…relatively few nurses appreciate the full range of application that is possible with our clients, whether institutionalized or community-based, cutting across barriers of language, age, social class, and sensory skill”, terwyl daar verrykende moontlikhede vir navorsing en praktyk bestaan: “Nursing has direct and uniquely personal access to people in their homes, schools, and health care facilities”. Die belangrikste rol wat die verpleegkunde beroep kan speel is in die implementering van mens–dierinteraksieprogramme in inrigtingsverband.

2.25. ANDER DISSIPLINES

In hierdie hoofstuk is gepoog om vanuit die literatuurnavorsing, ‘n oorsig te gee van al die dissiplines wat te make het met mens–dierinteraksie. Uit die literatuurondersoek het dit egter gou geblyk dat die omvang van hierdie groep heelwat groter is as wat hier geïdentifiseer en bespreek is. Ander dissiplines wat ook vermelding verdien, maar nie volledig bepreek word nie, is die volgende:

2.25.1. LANDBOU

Alhoewel die landbou se fokus nie geselskapsdiere is nie, is van die vroegste vorme van mens–dierinteraksie sedert die middeleeue toe te skryf aan die ontstaan en ontwikkeling van landbouproduksie. Diere, nie net beeste, bokke, kamele en muile nie, maar ook perde en honde is gebruik as pak- en trekdiere. Die mens het ook afhanklik begin raak van die byprodukte van diere soos byvoorbeeld wol, melk, huide en mis (Swabe, 1999:Hoofstuk 3). Hierdie interafhanklikheid tussen die mens en die dier het meegebring dat diere se welsyn al meer prioriteit begin kry het. Alhoewel die interaksie hoofsaaklik te wyte was aan ekonomiese voordele aan die kant van die mens, en versorgingsbehoeftes aan die kant van die dier, het daar waarskynlik ook ‘n mate van emosionele band in die proses ontstaan. Plaasdiere word ook soms as geselskapsdiere aangehou. ‘n Hanslam, -bok of selfs ‘n vark of hoender as geselskapdier is nie ‘n vreemde verskynsel nie en kan dieselfde wedersydse waarde vir beide partye inhou as wat die geval is met ‘normale’ geselskapsdiere.

2.25.2. NATUURLEWEBESTUUR

Natuurlewebestuur se verantwoordelikheid is hoofsaaklik gerig op die fauna en flora van die omgewing en die invloed van die mens daarop. Die effek wat die toename in geselskapsdiereienaarskap en verstedeliking op die natuur het moet ook in ag geneem word. Alhoewel Nattrass (1992:86) van mening is dat honde en katte se jaginstink nie 'n beduidende bedreiging vir die wildlewe soos voëls, reptiele en insekte inhou nie, moet die teenwoordigheid van geselskapsdiere in byvoorbeeld groen areas met verantwoordelikheid bestuur word. Die aanhou van wilde- en eksotiese diere as geselskapsdiere neem in gewildheid toe, maar pogings om hulle te domestiseer was tot dusver onsuksesvol (Swabe, 1999:35). Hierdie verhouding behoort nie aangemoedig te word nie, omdat dit weinig indien enige voordeel vir die dier inhou. Die verhouding tussen die mens, dier en omgewing is nie staties nie. 'n Holistiese benadering tot natuurlewebestuur moet gehandhaaf word in 'n poging om deur middel van volhoubare ontwikkeling, homeostase te handhaaf.

2.25.3. DIERKUNDE

Dierkunde of soölogie verwys na die wetenskaplike beskrywing en analise van diere (Ritvo, 1994:114). Dierkunde stel ons in staat om byvoorbeeld kennis te neem van die eetgewoontes en metabolisme van diere, lewensverwagting, ouderdom van seksuele volwassenheid, tekens van pyn en siekte, gedragspatrone ensomeer (Anderson, 1995:5). In 1996 is 'n multidissiplinêre navorsingsprojek deur die Departement Soölogie van die Universiteit van Tel Aviv geloods om die verhouding tussen mense en diere te bevorder. Die fokusareas van die projek was: probleme met betrekking tot die oorpopulasie van diere, dierewelsyn, houdings van mense teenoor diere, die rol wat diere speel in menslike gesondheid en die terapeutiese gebruik van diere (Terkel, 1996:1). Ritvo (1994:114) kritiseer hierdie dissipline as dat hulle nie bygedra het tot positiewe mens–dierinteraksie nie, maar juis in hul klassifikasiesisteem van diere, die grense tussen spesies sterker omlyn het. In die proses het hulle hul skuldig gemaak aan sydigheid en om die waarde van diere ondergeskik aan die mens te stel. In hul poging om akkurate en 'objektiewe ' inligting oor diere weer te gee, het die waarde van die mens–dierband agterweë gebly. 'n Verdere kritiese vraag sluit aan by wat onder punte 2.5 (Filosofie) en 2.15 (Opvoedkunde) bespreek is ten opsigte van die etiek van die gebruik van diere vir eksperimentele navorsing. Einstein (1995:59) beklemtoon die belangrikheid daarvan deurdat hy van mening is dat die etiek van die

gebruik van diere reeds op skool deel van die kurrikulum behoort te wees, en Hepner (1994: Hoofstuk 4) bepleit die leerder se reg op 'n keuse om hieraan deel te neem al dan nie.

2.25.4. REKREASIEKUNDE

Die term rekreasie is afgelei van die Latynse woord 'recreare' wat beteken om te herskep, te vernuwe of te verryk. Die HAT (Odendal *et al*., 1988:893) verklaar rekreasie met: "ontspanning, vermaak, herskep". Rekreasie word ook as sinoniem vir vryetydsbesteding gebruik. Ontspanning is 'n belangrike komponent van die lewenskwaliteit van die mens en vir die behoud van geestesgesondheid. Om van betekenis te kan wees moet rekreasie vir die mens 'n spesifieke doel voor oë hê of 'n spesifieke behoefte bevredig, byvoorbeeld ontlading van spanning, uitlaatklep vir frustrasie, afleiding van probleme, stimulering van denke of sosiale interaksie. Omdat rekreasie meestal 'n vrywillige aksie is, kan dit alleen in stand gehou word as dit vir die mens fisies-, emosioneel- of psigies stimulerend is. Die interdissiplinêre samewerking tussen die rekreasiekundige en arbeidsterapeut word saamgevat in die term 'terapeutiese rekreasie'. Volgens Prinsloo (1998:3) is die taak van die rekreasieterapeut: "To find and capitalise on those activities and sports in which handicaps are minimised, and which offer the opportunity for a more meaningful, healthy life. The focus must be on the ability and not the disability". In 'n studie gedoen deur Odendaal (1988:149) is die volgende respons verkry op die vraag watter bydrae geselskapsdiere ten opsigte van ontspanning speel:

- om mee te speel - 87%
- vryetydsbesteding - 67%
- vir blote vermaak - 44%
- vir oefening - 31%

Dit is egter nie seker wat alles hier onder vryetydsbesteding gekategoriseer is nie en volgens die breë omskrywing van vryetydsbesteding of rekreasie kan spel, vermaak en oefening daarby ingesluit word. Geselskapsdierskoue en honde- en perdesport kan dus ook ingesluit word.

2.26. SAMEVATTING

Vanuit die literatuurnavorsing is 23 dissiplines geïdentifiseer wat primêr by die studieveld mens–dierinteraksie betrokke is. Die moontlikheid bestaan dat nog meer dissiplines wat erkenning verdien, uitgelaat is. Elke dissipline maak deel uit van die legkaart waaruit die studieveld opgebou is. Die inhoud van hierdie hoofstuk bied, ten spyte van bogenoemde tekortkominge, reeds voldoende inhoud om die multidissiplinêre aard van die studieveld aan te toon.

Die bydrae van antropologie en argeologie tot die ontwikkeling van die studieveld is daarin geleë dat die antropoloog kennis en insig bied oor die ontstaan en ontwikkeling van die mens–dierband binne kultuurverband. Die mens–dierband deurloop, net soos ander verskynsels, 'n proses van evolusie. Veranderings en verskille in persepsies en houdings oor geselskapsdiere vind dus nie alleen interkultureel plaas nie, maar ook intrakultureel. Om die waarde wat verskillende kulture aan mens–dierinteraksie heg te begryp, is essensiëel vir die suksesvolle implementering van geselskapsdierprogramme.

Vir die arbeidsterapeut is die ontwikkeling en instandhouding van fisiese en verstandelike vermoëns ter selfonderhouding 'n belangrike oogmerk. Positiewe mens–dierinteraksie stimuleer onder andere motoriese vaardigheid, sensoriese integrasie en kognitiewe oriëntering. Terapeutiese perdry en 'Dolphin Human Therapy' het verder 'n positiewe effek op konsentrasievermoë, balans, postuur en mobiliteit, tasstimulasie, simmetriese-, assimmetriese- en driedimensionele bewegings. Die gebruik van dienshonde om fisiese bystand aan persone met gestremdhede te verleen, bied geleentheid tot onafhanklikheid, veiligheid en sosiale interaksie.

Die mens van die 21^{e} eeu, is meer as sy voorgangers bewus van sy omgewing. Die veranderende makrosisteem, bring veranderings in sowel lewenstyl as lewensomgewing mee. Verstedeliking, verandering in familiestrukture, tipe behuising, misdaad en verandering in sosiale interaksiepatrone is maar enkele voorbeelde van faktore wat lewenstyl en lewensomgewing beïnvloed. Al hierdie faktore beïnvloed op hul beurt die behoeftes van mense en diere. Die argitek, landskapsargitek en interieurontwerper dra as 'n span by om deur middel van effektiewe ontwerpbeginsels hierdie behoeftes aan te spreek.

Deur middel van bemarkingsnavorsing kan die profiel van 'n geselskapsdiereienaar saamgestel word. Hierdie verbruikersprofiele stel die ondernemings wat geselskapsdierprodukte vervaardig of ander dienste soos mediese sorg aan

geselskapsdiereienaars lewer, in staat om hul bemarkingstrategieë op te stel. Meer as die helfte van stedelike huishoudings het geselskapsdiere en beskou hierdie diere as volledig deel van die gesinsisteem. Hierdie syfer is beduidend vir die markpotensiaal van diereprodukte. Die reklamewese speel ‘n belangrike rol in die beïnvloeding van persepsies en houdings ten opsigte van mens–dierinteraksie. Die gebruik van geselskapsdiere in advertensies om daardeur aandag te trek en emosie op te wek, kan sowel ‘n positiewe as negatiewe effek op geselskapsdiereienaarskap hê. Die bemarker speel dus ‘n belangrike rol in die bevordering van positiewe mens–dierinteraksie.

Die waarde van diere, die veranderende rol van geselskapsdiere in die moderne samelewing, diereregte, die mens–dierband, wetenskaplikheid van die studieveld asook dieregedrag, -emosie en -denke word vanuit verskillende filosofiese uitgangspunte beredeneer. Denkrigtings oor mens–dierinteraksie word beïnvloed deur onder andere die ekonomiese-, simboliese-, emosionele-, kulturele-, geestelike-, ekologiese- of terapeutiese waarde wat daaraan geheg word. Om oor die waarde van diere en die mens–dierband te debatteer, bevorder die ontwikkeling van mens–dierinteraksie as studieveld. Die filosoof bied nie antwoorde op hierdie argumente nie, maar stimuleer die denke van die mens sodat hy sy eie fundamentele uitgangspunte daaroor kan vorm.

Die fisiologiese basis vir positiewe mens–dierinteraksie is van die mees belangrike navorsing in hierdie studieveld. Die positiewe effek wat interaksie op onder andere bloeddruk, kardiovaskulêre gesondheid, cholesterolvlakke, energievlakke, depressie, gemoedstoestand en ervaring van pyn het, het belangrike implikasies vir die fisiese- en psigiese gesondheid van sowel die mens as die dier. Die klemverskuiwing vanaf die behandeling van siekte na die bevordering van gesondheid, wat tans die visie van gesondheidsorgprofessies regoor die wêreld is, herdefiniëer en beklemtoon die rol wat geselskapsdiere kan speel in die bevordering van lewenskwaliteit en ‘n gesonde lewenstyl.

Die fisioterapeutiese waarde van geselskapsdiere is daarin geleë dat interaksie met die diere spierfunksies kan herstel of verbeter, spastisiteit verminder, balans en postuur verbeter en fisiese oefening stimuleer. Die sekondêre voordele wat hieruit spruit is onder andere verhoogde selfvertroue, ervaring van beweging en om in beheer daarvan te wees, genot en sosiale interaksie.

Deur die publiek in te lig oor die behoeftes en vermoëns van geselskapsdiere, nuuswaardige gebeure rakende mens–dierinteraksie, en die publikasie van navorsingsresultate in populêre tydskrifte, nuusblaaie en televisieprogramme, word ‘n belangrike bydrae tot die bevordering

van die studieveld gelewer. Die media is ‘n belangrike meningsvormer, en die joernalis kan hierdie invloed gebruik om houdings en persepsies ten opsigte van die mens–dierband positief te beïnvloed.

Effektiewe kommunikasie speel ‘n belangrike rol ten opsigte van die gesonde funksionering van die mens. Positiewe interaksie met geselskapsdiere is nie afhanklik van verbale kommunikasie nie en bied aan die persoon met ‘n ernstige spraakgebrek die geleentheid tot kontak, sonder die verleentheid of frustrasie wat normaalweg met so ‘n gebrek gepaard gaan. Hierbenewens kan geselskapsdiere ook as fasiliteerders in die terapeutiese verhouding met die kommunikasiepatoloog optree en as seinhonde ‘n belangrike funksie vervul om die gehoorgestremde persoon in kontak met sy leefwêreld te bring.

Negatiewe interaksie tussen mens en dier word gereflekteer in die omvang van dieremishandeling en –verwaarlosing. Binne die Suid-Afrikaanse regstelsel is hierdie verskynsels kriminele oortredings, alhoewel daar nie streng daarteenoor opgetree word nie. Die hoë korrelasie wat bestaan tussen gesinsgeweld en geweld teenoor diere, en die omvang daarvan in Suid-Afrika, plaas die kriminoloog op die voorgrond van hierdie samelewingstendens. In die benutting van geselskapsdiereprogramme in die rehabilitasieproses van gevangenes word die kriminoloog ook betrek.

Deur middel van kuns word die band wat daar tussen mense en diere bestaan, op verskillende maniere uitgebeeld. Musiek, skryfkuns, dans, skilderkuns en beeldhouwerk is maar enkele voorbeelde van kunsvorme waarin mens–dierinteraksie oor eeue heen gereflekteer word. Uit kunswerke kan ons meer te wete kom van die historiese ontwikkeling van die mens–dierband en die simboliese waarde wat verskillende kulture aan diere heg. Kuns bied ook die geleentheid om positiewe houdings ten opsigte van geselskapsdiere te vorm deurdat behoeftes van diere, dieregedrag en die verhouding tussen mens en dier deur onder andere stories, films, gedigte, beelde ensomeer uitgebeeld word.

Die rol wat geselskapsdiere speel in die bevordering van lewenskwaliteit van persone met spesifieke behoeftes, word bevestig deur die terapeutiese- en ontwikkelingswaarde van mens–dierinteraksie in die onderskeie diensterreine van maatskaplike werk. Voorbeelde van die gebruik van geselskapsdiere in die diensterreine van gesinsorg, bejaardesorg, kindersorg, korrektiewe dienste, gestremdesorg, maatskaplike gesondheidsorg, geestesgesondheidsorg, substansafhanklikheid, en armoede word in Hoofstuk 3 toegelig.

Houdings teenoor geselskapsdiere word op 'n vroeë ouderdom gevestig. Die opvoedkundige het vir ten minste twaalf jaar, formeel toegang tot die onderrig en ontwikkeling van die kind. Deurdat die opvoedkundige kennis dra van die kognitiewe, affektiewe en sosiale ontwikkelingsfases van die kind, kan hy/sy nie alleen die geleenthede skep om die regte houding teenoor geselskapsdiere te kweek nie, maar ook om geselskapsdiere as hulpmiddel in die leerproses te benut.

Die rol wat geselskapsdiere kan speel in die behandeling van depressie, angs- en gemoedsversteurings en versteurings van denke en gedrag, is vir die psigiater van belang. Geselskapsdiere word veral in inrigtingsverband vir terapeutiese doeleindes benut. Die waarde van positiewe mens–dierinteraksie in die bevordering van die algemene geestesgesondheid van die mens word ook erken.

Publieke gesondheidsorg fokus veral op primêre gesondheid en 'n gesonde lewenstyl en lewensomgewing. Die toename in geselskapsdiereienaarskap verhoog die risiko's van oordraagbare siektes. Ontwikkelings op die gebied van gesondheidsorg, en veranderings in mense se houdings ten opsigte van verantwoordelike geselskapsdiereienaarskap en algemene higiëne dra wel by tot die beheer van die probleem. Ontwikkelende gemeenskappe bly egter steeds 'n belangrike teikengroep vir intervensie deur publieke gesondheidswerkers.

Die regte van diere en diere-eienaars en die implikasies daarvan op mens–dierinteraksie, is vir die regsberoep van belang. Die feit dat geselskapsdiere steeds as eiendom binne die regstelsel beskou word, kompliseer die interpretasie en omvang van wat hierdie regte alles omsluit. Regte van diere kan nie regverdigheid, geregtigheid en verantwoordelikheid sondermeer uitsluit nie. Toetrede deur die regsberoep in die daarstelling van regulasies, beleid, riglyne en uitsprake is essensiëel in die bevordering van positiewe mens–dierinteraksie.

Die mens se denke, gevoelens en gedrag sal sy interaksie met diere bepaal. Die sielkundige beskik oor die kennis om die reaksie van die mens tydens interaksie met 'n dier te assesseer. Hierdie inligting kan benut word om te besluit of geselskapsdiere as terapeutiese intervensie gebruik kan word. Die sielkundige beskik voorts oor die teoretiese vertrekpunte om etiese kwessies rakende die mens–dierband te beredeneer, en om perspektiewe te bied oor die veranderende rol van die mens in sy omgewing.

Die sosioloog is geïnteresseerd in die mens as sosiale wese en dus sy interaksie met alle ander lewende sisteme. Wat die mens doen, asook hoe, wanneer en waarom hy dit doen bied ook perspektiewe op mens–dierinteraksie. Die veranderende rol van geselskapsdiere in die samelewing, vanaf 'n nuttigheidsrol tot dié van 'n gesinslid, is 'n besondere fokus van die sosioloog. Veranderings in denkpatrone en waarde-oordele het spesifieke groeperinge rondom etiese en morele vrae met betrekking tot mens–dierinteraksie gevorm. Dit is by uitstek die sosioloog wat hierdie veranderings in menslike sienswyses en houdings en gepaardgaande optredes bestudeer en omskryf.

Beplanning rondom die fisiese ontwerp en ontwikkeling van die omgewing, en die effek wat dit kan hê op die lewenstyl, lewensomgewing en lewenskwaliteit van die mens is die taak van die stads-en streeksbeplanner. Verstedeliking het 'n verskuiwing in die sistemiese en simbiotiese verhouding tussen mense en diere teweeggebring. Omdat die mens al hoe meer van die natuur vervreem word, word die waarde van mens–dierinteraksie groter. Meer as die helfte van huishoudings in stedelike gebiede het een of meer geselskapsdiere, en is verantwoordelike en doelbewuste bestuur van programme om positiewe interaksie te bevorder, voor die hand liggend.

Die 20^{e} eeu het 'n groter bewustheid onder teoloë ten opsigte van die intrinsieke waarde van diere as volledig deel van God se skepping gebring. Hierdie skeppingsinklusiewe teologie stel dit dat die liefde van God nie onderling uitsluitend is nie, maar dat dit ook die liefde vir diere en die liefde wat daar tussen mense en diere bestaan, insluit. Ten spyte van die diversiteit wat daar tussen groepe van verskillende geloofsoortuigings ten opsigte van hul houdings teenoor diere bestaan, blyk dit tog dat daar 'n basiese ooreenkoms is in hul waardering vir die unieke kwaliteite van diere, en die bydrae wat hulle tot die gemeenskap lewer.

Die veearts se rol in die bevordering van positiewe mens–dierinteraksie is onmisbaar. Tradisioneel was die veearts se rol gekoppel aan onder andere dieregesondheid, voedselinspeksies, soönose kontrole, vergelykende mediese navorsing, dierevoeding en omgewingsbestuur. Ontwikkelings op die gebied van dieregedrag, -vermoëns, -denke en -ervaring het egter 'n omwenteling in die etiek van mens–dierinteraksie teweeggebring. Hierdie ontwikkelings het 'n herwaardering van die intrinsieke waarde wat aan diere geheg word, meegebring, wat nie alleen implikasies inhou vir die implementering van mens–dierinteraksieprogramme nie, maar ook dierewelsyn en die regte van diere.

Die rol van die verpleegkundige is om die pasiënt te help om sy maksimum gesondheidspotensiaal te bereik. Die gesondheidsvoordele van positiewe mens–dierinteraksie, dien as hulpmiddel om hierdie doel te bereik. Van die bekendste toepassing van mens–dierinteraksieprogramme, is in inrigtingsversorging aan bejaarde persone en persone met fisiese- en psigiese gestremdhede. Die rol van geselskapsdiere as sosiale katalisators, kognitiewe stimulasie, realiteitsobjek, stimulasie van fisiese aktiwiteit, verligting van eensaamheid en verbreking van isolasie, is maar enkele van die voordele wat in hierdie toepassingsgebied uitgelig is. Die geneeskundige waarde van positiewe interaksie op onder andere bloeddruk, angs en spanning, medikasie inname, neuro-oordragstowwe en kardiovaskulêre gesondheid is ook vir die verpleegkundige, as deel van die gesondheidspan, van waarde.

Ander dissiplines wat geïdentifiseer is vanweë hul bydrae tot die ontwikkeling van die studieveld, maar vanweë die beperkte omvang van die studie nie bespreek is nie, is landbou, natuurlewebestuur, dierkunde en rekreasiekunde.

In die volgende hoofstuk word die betrokkenheid van maatskaplike werk as dissipline verder toegelig. Maatskaplike werk speel nie die leidende rol in hierdie studieveld nie, maar is vanweë die omvang van diensterreine waarby dit betrokke is in die gunstige posisie om met al die dissiplines te kan saamwerk. Die maatskaplike werker kan dus as fasiliteerder tussen dissiplines toetree en op dié wyse die ontwikkeling van mens–dierinteraksie as selfstandige studieveld bevorder.